Dr H G van der Westhuizen

Vertrou op God

Vertrou op God
Vertrou op God

~~3-60~~

4-00

HAUM

VERTROU OP GOD

Dr. H. G. van der Westhuizen

Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij

Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij
Langstraat 58, Kaapstad/Paul Krugerstraat 480, Pretoria
Kopiereg © HAUM 1977
Geset in 11 op 12pt Baskerville Roman deur
Pointset (Edms.) Bpk., Randburg
Gedruk en gebind deur
NHW-Pers, Hercules

ISBN 0 7986 0393 3

Inhoud

DEEL EEN: BEDREIGING

1. Booshede en swaar tye 1
2. Ons eie huis 4
   2.1 Huweliksverbrokkeling 4
   2.2 Huweliksvernietiging 7
   2.3 Huweliksvermenging 11
   2.4 Huwelikshersteel 15
   2.5 Huweliksverhouding 17
   2.6 Geboortebeperking 22
   2.7 Opvoedingsverwatering 24
   2.8 Opvoedingsherstel 27
   2.9 Opvoedingsaanvang 33
3. Die Huis van die Here 37
   3.1 Godsdiensveruitwendiging 37
   3.2 Kerklike fosielwording 43
   3.3 Kommunistiese Komponente 51
   3.4 Ekumeniese Waters 58
   3.5 Gelykheid en ongelykheid 67
4. Ons Volkshuis 72
   4.1 Maatskappykorrupsie 72
   4.2 Ekonomie versieking 75
   4.3 Plesierbejag 77
   4.4 Ledigheid 80
   4.5 Arbeid 84
   4.6 Drie gondsuile 95

DEEL TWEE: BEWARING

5. Uitverkiesing 105
6. Geloof 109
   6.1 Geloofsoorsprong 109
   6.2 Geloofsbate 113
   6.3 Geloofsbeoefening 116
   6.4 Geloofwaardigheid 121
   6.5 Geloofsbehoud 124
   6.6 Geloofsvolharding 127
7. Kindskap 129
   7.1 Gods Kinders 129
   7.2 Tug 135

Voorwoord

Die mensdom is soos 'n skipbreukeling op die lewensee. In 'n gebroke wêreld van sonde is die geloof in Jesus Christus, die Seun van God, die enigste oorlewingsmoontlikheid. Saam met Paulus wat op die skipbreuk na Rome sy medereisigers bemoedig het (Hand. 27:22, 25) sê ons ook: Hou moed! Vertrou op God! Soos Jesus tot in sy dood deur God bewaar is, so bewaar die Here al sy kinders (Matt. 27:43, Ps. 91:2 e.v.).

Die Here het nie bedoel dat die wêreld 'n moeras van wanordelikheid moet wees nie (Gen. 1:2; 6:17; Jes. 45:18). Jesus, die blink Môrester, lei ons uit die moeras uit en plaas ons uiteindelik op die nuwe aarde waar geen see meer sal wees nie (Openb. 21:1; 22:16). Ons is op reis na die suiwer rivier van die water van die lewe waar die boom van die lewe in die volle somer staan (Openb. 22:1, 2).

Langs ons lewensweg is daar vandag vele faktore wat 1 500 jaar gelede aanleiding was tot die val van die Romeinse Ryk in 476 n.C. Nogtans behou die gelowige sy vertroue omdat Jesus die wêreld oorwin het (Joh. 16:33).

Hierdie publikasie wil u as protestantse leser graag lei onder en na die enigste Lig op ons pad – die Woord van God. Studiekringe, ouers, jeugdiges, kerkraadslede, kategete en elke leser sal hiermee voortgehelp word tot verruiming van gees en verdieping van geloof.

Militêre weerbaarheid bars in ons tyd deur die klankgrens van geestelike weerbaarheid. Daarom wil hierdie aanbieding nederig 'n bydrae wees tot die oprigting van geestelike toerusting.

Elke gelowige sal waarskynlik in minder beskermde omstandighede in die toekoms self na vore moet tree om die Christelike norme in die kerk, die volkslewe en private bestaan te handhaaf.

H.G. van der Westhuizen
Sannieshof
Hervormingsdag 1976

DEEL EEN: BEDREIGING

1. Booshede en swaar tye

Die laaste dae sal gekenmerk wees deur swaar tye. Oor hierdie feit is die Bybel duidelik. In 2 Tim. 3:1, om 'n enkele voorbeeld te noem, staan: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom."

Wanneer is die laaste dae? Ons praat van die eskatologie of die eskatologiese tyd. Eskatologie is die Bybelse leer oor die laaste dae. Hierdie dae het eintlik alreeds aangebreek. Ten opsigte van die Ou Testamentiese profesieë en beloftes wat in Jesus Christus vervul word, het die laaste dae aangebreek. Die koninkryk van God het in Jesus, die Christus, naby gekom. Nadat Jesus ten hemele gevaar het, is die Heilige Gees uitgestort as 'n gebeure in die laaste dae (Hand. 2:17). Ons kan die laaste dae aandui as beginnende rondom die koms van Jesus as mens na die aarde tot op sy wederkoms. Ons leef dus in die laaste dae.

In die laaste dae tussen hemelvaart en wederkoms – om dit kortweg só te stel – kan ook verskillende tydperke onderskei word. Daar is bv. 'n eindtyd in die laaste dae. Ons kan dit ook so stel dat daar in die algemene laaste dae 'n besondere eindtyd sal wees. Dit is opvallend dat booshede van allerlei aard altyd maar in die menslike samelewing voorgekom het. Soos in die Ou Testamentiese tyd, so ook in die Nuwe Testamentiese tyd. Tog was daar 'n opmerklike toename van boosheid in die laaste dae waartydens die koninkryk in Christus naby gekom het. Die duiwel weet dat sy tyd min word. Daar is gevolglik 'n digtheid van booshede oor die hele tydperk van die laaste dae, maar ook nog met 'n toename in intensiteit soos die einde van die laaste dae nader. Om 'n voorbeeld te noem: In 2 Tim. 2 word geskryf van die goddeloosheid wat voortwoeker soos 'n kanker. Die dwaalleer oor die opstanding, wat dan al sou plaasgevind het volgens Himenéüs en Filétus, word genoem. Maar daarna volg hoofstuk 3 wat begin met merkwaardige woorde. Deur hierdie woorde word die aandag in die besonder opgeëis vir

die feit dat daar nóg swaarder tye in die eindtyd van die laaste dae sal wees. Tog is die dinge wat dan genoem word – dinge waaruit die boosheid van die eindtyd sal bestaan – maar dieselfde dinge wat altyd daar was en selfs besonderlik genoem is as kenmerkend van die tyd van die val van die Romeinse Ryk.

Dit is vanjaar, 1976, presies 1 500 jaar vandat die Romeinse Ryk in 476 n.C. ineengestort het. (The Oxford Classical Dictionary, s.v. Rome.) As 'n herinnering aan daardie gebeurtenis en as 'n waarskuwing aan ons oor wie ook die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11), wil ons gaandeweg sommige omstandighede van ons dag vergelyk met die omstandighede van daardie tyd.

Daar word gesê dat die geskiedenis hom herhaal. Die filosofie van die Oosterse wêreld in die besonder het so gedink. Die opvatting van reïnkarnasie gaan vandag nog met hierdie gedagte voort. Die lewe van 'n individu is 'n oneindige kom en gaan in wisselende gestaltes. Hiervolgens word die lewe, en daarmee die geskiedenis, as 'n sirkel gesien van ewig herhalende geboortes en sterftes. Selfs die uitdrukking van Prediker dat alles wat was, is en sal wees (Pred. 1:9), word vir hierdie sirkulêre geskiedenisopvatting ingespan. As 'n mens die seisoene van lente, somer, herfs en winter, van geboorte en dood bemerk, is jy geneig om die sirkelbeskouing te aanvaar. Aan die ander kant openbaar Gods Woord egter 'n liniêre siening van die geskiedenis. Uit die belofte wat reeds in die paradys gegee is van die vernietiging van die boosheid, het daar 'n doelpunt in die geskiedenis gekom. Abraham word geroep om sy voete op die pad van die belofte te plaas. Al bly woon hy in 'n tent, en al sterf hy ook, bly die verwagting lewe van 'n stad wat fondamente het. Die Bybel ken 'n "laaste tyd", 'n eindtyd, 'n wederkoms, 'n nuwe bedeling – radikaal anders oftewel beter as die eeue van ons geskiedenis. Daar is dus lyn en voortgang, nie net sirkel en herhaling in die geskiedenis nie. Albei opvattings – die liniêre en die sirkel-opvatting – het 'n grondslag in die Bybel. Maar nie soos die mens dit bedink of bedoel het nie. Om 'n volledige Bybelse geskiedenisbeskouing te vind, moet die sirkel- met die liniêre opvatting in ons voorstelling gekombineer word. Die wesenlike van die geskiedenis, wat

sy vorm betref, is die liniêre, maar tog het die geskiedenis 'n sirkel-karakter of -eienskap. Daarom is dit spiraalvormig. Daar is voortgang en tog herhaling. Alles is wesenlik eenmalig en tog algemeen.

So kry ons booshede in alle tye, maar booshede van besondere omvang in sekere tye. Booshede wat in die besonder genoem kan word as kenmerkend van die vorige wêreldryk, die Romeinse, sal hul met uiterste intensiteit herhaal in die vervaltyd van die laaste wêreldwye regering. By 'n bespreking en vergelyking van sommige van hierdie booshede kom ons mettertyd.

En dit is onvermydelik dat dié booshede sal kom. Die werkwoord wat hiervoor gebruik word in 2 Tim. 3:1 beteken: kom soos dreigende onweerswolke. Dit hou in dat die gelowiges, of enigiemand anders, hierdie booshede nie sal kan voorkom of daaraan sal ontkóm nie. Die vraag duik dan op: Waarom moet ons dan weerstand bied as ons die booshede nie kan voorkóm nie? Waarom teen die booshede weerstand bied in die gesinslewe, in die maatskaplike lewe, in die politieke lewe, selfs in die kerklike lewe? Ons moet in gedagte hou dat alhoewel ons nie die booshede in die algemeen kan voorkóm nie, ons dit wel in besondere gevalle kan voorkom – besondere gevalle wat ons sal kan boekstaaf, en dalk nog méér gevalle waarvan ons nie eers self bewus sal wees of sal kan aandui nie. Die Here ken dié wat syne is (2 Tim. 2:19). Maar buiten hierdie aanwysbare of veronderstelde "suksesse", sal en moet die gelowige nogtans weerstand bied, die onafwendbare koms van die booshede ten spyt. Die rede hiervoor is omdat die gelowige 'n bitter-einder in die volle sin van die woord is! Dat ons by die Woord moet bly (2 Tim. 3:14) en vasstaan (2 Thess. 2:15), tot die bitter einde (Matt. 24:13) is sinvol omdat ons dit doen tot eer van God. Hy wil dit so hê. Al sal ons dus ook die booshede se swaar nie kan ontkóm nie, sal ons daaronder nie ómkom nie – al sterf ons ook ter wille van die Here.

Op die oop vlakte van die eindtyd sal die gelowige vasgekeer word soos deur 'n donderstorm van hael en blitse, bedreiging en stormwater. Ons sê: die gelowiges. Wat van die ander?

Die Bybel ken twee kategorieë van swaar dinge in die laaste

dae. Die een groep swaar dinge sal vir alle vlees swaar wees (Matt. 24:22). Dit behels dinge soos hongersnood, oorloë, natuurverskynsels soos droogte, oorstromings, aardbewings. Die tweede kategorie van swaar dinge sal hoofsaaklik vir die gelowige swaar wees, maar vir die ongelowige in baie gevalle plesierig en lekker. Die woord in die oorspronklike Grieks vir *swaar* in 2 Tim. 3:1, beteken letterlik: bose (tye). Dis die rede waarom dit vir die gelowige swaar sal wees – die boosheid stuit hom teen die bors. Daarom sal die afvalligheid ook toeneem. Die swaar van weerstand teen die boosheid moet kompeteer met die lekkerkry van saamgaan. Dit is merkwaardig, as 'n mens die lysie van swaar dinge in die Timotheüs-brief nagaan, dat dit min of meer alles dinge is waarin die ongelowige hom verlekker – goddeloosheid, hoerery, eiesinnigheid, selfgenot, hebsug, verraad, ens.

Die swaar van die booshede sal grotendeels dáárin bestaan dat die gelowige sal moet volhard. Hoe moeilik dít is, sal algaande by die bespreking van sommige booshede of groepe daarvan duidelik word. Vooraf kan ons egter net 'n voorbeeld noem om ons te laat besef hoe subtiel ons medewerking in die boosheid opgeëis sal word of hoe ons weerstand subtiel afgetakel sal word. Die "sielkunde" kan bv. 'n "verbod" plaas op die bestryding van pornografie. Deur die stelling dat weerstand teen ontoelaatbare seks slegs die jeug verder prikkel, kan 'n mens jou indink dat "verstandige" mense volkome geneutraliseer mag word!

Hierdie wêreld lê in die mag van die bose (1 Joh. 5:19; Gal. 1:4), en die duiwel loop rond soos 'n leeu en soek om te verslind (1 Petr. 5:8). In hierdie laaste uur is daar baie Antichriste (1 Joh. 2:18; 2 Thess. 2) waarteen ons die stryd moet voer (Ef. 6:10–20).

2. Ons eie huis

1. *Huweliksverbrokkeling*

Die ware geloof is die sterkste band van die huwelik. Waar die godsdiens dus verval, sal ook die huwelik skade ly of vernietig word. Die Bybel leer ons dat God beskikkingsreg

oor die huwelik het. Hy het dit ingestel. Hy bepaal die wyse van totstandkoming daarvan, die inhoud en die duur. Waar 'n vader en 'n moeder hulle regmatige plek volgens die Bybel inneem, is 'n huwelik bestand teen ondermyning. So 'n sterk huwelik was altyd die gesonde bou-sel van 'n samelewing of volk. Vandag is daar waarskynlik tot 10 persent van die Afrikaanse kerklike gesinne wat met ingrypende huweliksprobleme sit.

In die hoogbloei van die Romeinse tyd het die vader en moeder, hoewel self nie Christene nie, 'n duidelike plek gehad in die huwelik. Hierdie posisie het elkeen waardig en kragdadig in sy eie reg gehandhaaf. Daardeur het die Romeinse staat stewig gestaan. Die vader was die gesagsfiguur en die moeder die middelpunt van die huishouding (Tacitus). En dit is ook soos die Bybel leer. Die man moet die verantwoordelikheid vir sy huis dra en dit met die nodige gesag. Die vrou is 'n hulp vir die man in alles wat volgens Bybelse lig reg en billik is.

Met die uitbreidende handel van die groeiende Romeinse Ryk was die man al meer weggesuig uit die huis. In die huishouding het 'n lugleegte in dié gesagsruimte ontstaan. Die vrou moes dit betree. Daardeur het sy algaande 'n emansipasie ondergaan wat gelei het tot 'n weiering om onderworpe aan haar man te wees. Met die nog toenemende arbeidsabsorbering is ook die vrou naderhand opgeneem in die arbeidsveld. Daardeur het daar 'n lugleegte bokant die kinders ontstaan. Die jeug het self ingetree in die ruimte van die ouers of die gesag.

In die jare toe die gesinslewe gesond was, skryf Tacitus, was daar feitlik geen egskeiding onder die Romeine nie. Tesame met die versteuring van die gesinsorde, het huweliksontbinding van die hoër klasse af begin. In Seneca se tyd (± 150 n.C.) was dit al redelik algemeen. Hy het dit al ondervind dat elke huis sy kruis het.

Die Romeinse historikus, Carcopino, skryf dat die vroue in hierdie tyd van huweliksverbrokkeling ook nie meer kinders wou voortbring nie omdat dit hul voorkoms skaad. Teen hierdie agtergrond is dit makliker om te begryp dat die natuurlike geslagtelike verkeer soos in die huwelik, verander word (Rom. 1:26). In 'n permissiewe samelewing

kan hoerery hoogty vier (Rom. 1:29). Daarmee verdwyn die natuurlike (godgewilde) liefde (Rom. 1:31).
Napoleon het gesê dat daar in Frankryk nog vroue aangetref word, maar nie *moeders* nie. Die tyd openbaar hom vinnig as 'n tyd waarin die geslagte nog voorkom, maar nie meer ware huwelike nie.
Die eindtyd sal ook gekenmerk word deur onnatuurlike liefde (2 Tim. 3:3) en huweliksvernietiging (1 Tim. 4:3). Dit is ook nie meer in ons tyd so baie moeilik om jou die totale huweliksverbod in te dink nie! Hoe baie mense is daar nie al wat vrye seks in die geheim beoefen nie! Hou bietjie 'n oor agter die suil en dit sal tuit! Tot byna 30 persent van ons blanke meisies móét trou. In die eeu van die ruimtereise is daar sprake van om beide geslagte, ter wille van seks, die ruimte te laat bereis. Daardeur sou dan ook belangrike waarnemings gedoen word en in noodsaaklike behoeftes voorsien kan word. Die reisigers hoef nie noodwendig man en vrou te wees nie. Tewens, die kwalifikasies sal stellig gaan om ruimte-opleiding en bekwaamheid en nie om huweliksverwantskap nie. So 'n ruimtereisiger kan dan in sy program verbied word om op aarde te trou. Ook van sielkundige kant kan 'n mens klanke verneem van die sogenaamde nadele van die huwelik. Om jou op te krop binne huweliksbande, om met 'n sogenaamde onaanpasbare huwelik voort te gaan, om jou behoeftes introvert toe te spits op één vrou of man, sou dan ongesonde komplekse veroorsaak. In tydskrifartikels en raad-rubrieke word ook toenemend gepraat van die vrye liefde. Dit word selfs goedgepraat en as alledaags en normaal voorgestel. Die mediese professie, wat hoog aangeskrewe staan by ons eie publiek vanweë sy bruikbaarheid en huishoudelikheid, begin ook tekens toon van sy genoeë met huweliksaantasting. Daar is die beroemd- en beruggeworde pil wat van mediese kant beskikbaar gestel word en al geriefliker bekom kan word selfs deur ongetroude jong mense – bv. die studentegemeenskap. Die potensiële algemene bestaan van sg. bekkenmassering-klinieke sal ook die huwelik afbreek.
Nou het ons nog nie eens gepraat van ontkleedanse, die naaktoneel, naak-bioskoopprente, ens. nie.
Die magtige Romeinse Ryk het geval, onder andere deur

huweliksverbrokkeling. Vernietig die huwelik, en die laaste beskawing sal ook verdwyn.

2. *Huweliksvernietiging*
Die huwelik beeld die verhouding of gemeenskap tussen God en sy volk uit (Hos.; Mal. 2; Ef. 5; Huweliksformulier, ens.). Net soos in 'n huwelik kinders deur die vader verwek word en deur die moeder gedra en gevoed word tot die geboorte toe, so is die geloofskinders ook verwek deur die Woord van God en word gedra en ontwikkel deur die Gees van God in die moederskoot van die kerk. Ons wedergeboorte is voorwaarde vir ons kindskap van God die Vader. Eenmaal as die verborge geloofskind in aanskouing tree by die opstanding, is die wedergeboorte in volkomenheid afgehandel.
Die huwelik as uitbeelding van die verhouding tussen Christus en ons, word deesdae al meer betwyfel. Daar word aangevoer dat 'n huwelik waarin 'n eggenoot/eggenote of kind te gronde gaan, tog geen uitbeelding hiervan kan wees nie. Al sou dit geen uitbeelding meer wees nie en dus misluk wat een van sy wesenskenmerke of doeleindes betref, gaan ons tog nie dié kenmerk of doel verwyder, verontagsaam of afskryf nie. Dié huwelik moet reggestel word! Die verbreking van die huwelik kom neer op die uitbeelding van die vernietiging van die Godsgemeenskap. Dit haat God. Egskeiding word dus in die Bybel (Matt. 19; 1 Kor. 7; ens.) veroordeel. Egskeiding is nie maar net misdaad teenoor 'n intieme medemens nie, maar sonde teen God – selfs in onskuldige situasies: "Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou hart gedoen het, en Ek self het jou daarvan teruggehou om nie teen My te sondig nie" (Gen. 20:6).
Die argument word soms gevoer dat in 'n geval waar dit groter sonde sou wees om 'n bepaalde huwelik voort te sit as wat dit is om te skei, dan móét jy skei! Dit tog nie! Dit is nie die huwelik wat uit die sonde verwyder moet word nie, maar die sonde uit die huwelik. As die lewe nie aan sy maatstaf voldoen nie, breek jy tog nie die maatstaf nie. Wanneer ons lewens nie ooreenkom met Gods Woord nie, verander ons mos tog ook nie Gods Woord nie, maar ons lewe. Bogenoemde argument bring 'n mens naderhand tot die stel-

ling dat nie elke wettige huwelik, hoewel selfs tot stand gekom ooreenkomstig Gods Woord, Godgewil hoef te wees nie. Met ander woorde, sekere huwelike sou dan nie huwelike wees nie en daarom behoort daar geskei te word – of, soos die Roomse Kerk dit omseil – onwettig verklaar te word!

As ons vandag die kerk oproep om met die Bybel hierdie gruwel van egskeiding te help verhoed, dan moet ons die oproep ernstig neem. Ds. Jac. van Belkum van die Hervormde Kerk, het in 1928 al só geskryf oor hierdie saak: "De kerk heeft al lang genoeg gezwegen, ja zij heeft – uit nuttigheids gronden – haar hooge roeping vergeten ..." As hierdie oproep in daardie jare al aktueel was, hoeveel te meer in ons huidige verbysterende egskeidingsituasie! "Luther zegt: de Christenen moeten weten dat zij door te scheiden geen Christenen meer zijn, maar heidenen, en in een doemwaardiger staat." (Almanak, Ned. Herv. Kerk, 1929.)

Op 'n ander faset van die huwelik wil ons nou verder die aandag vestig, naamlik op sekere aspekte van die praktiese waarde van die huwelik.

Omdat God die huwelik so hoog geëer, ingestel en bestem het, het dit deurslaggewende betekenis in die menslike samelewing. Dit was die eerste en sal ook die laaste gemeenskap van mense in hierdie bedeling wees. Net soos daar op die nuwe aarde geen kerk sal wees nie, sal daar ook in die ewigheid geen huwelik van mense meer wees nie.

Dat die huwelik die eerste gemeenskap van mense was, leer die Bybel en die geskiedenis ons. Die Bybel stel dit dat God die mens man en vrou geskape het (Gen. 1:27, e.a.). Die eerste sosiale gemeenskap van mense is in die skepping reeds ingelê in die vorm van die huwelik. As ons in die grysheid van die verre geskiedenis kyk, sien ons dat die mens rondom man en vrou en kinders (= gesinslewe) die eerste boustene gevorm het van saamwonende stamme, sy dit nog in grotte en primitiewe omgewings.

Die skeppingsaard van die mens soos geopenbaar in die behoeftigheid van 'n pasgebore baba eis die sorgsaamheid van ouers. Omdat hierdie behoeftigheid allesomvattend is (voeding, kleding, liefde, opvoeding, ens.) en jare lank

duur, moet die versorgende instansie deeglik en langdurig wees. 'n Dier wat gebore word, soos 'n bees, staan feitlik dadelik op eie pote, is instinkmatig volledig toegerus vir al sy behoeftes en kan weldra sonder 'n ouer lewe. Die mens, daarenteen, vereis van sowel vader as moeder en broers en susters en andere, langdurige aandag om uit te groei tot volwassenheid.

Rondom die huwelik as die oudste en belangrikste gemeenskap, het gesinne, families, stamme, groepe en volke of nasies gegroei. In ons taal is dit anglisisties as "familie" gesê word waar "gesin" bedoel word. Die engelse "family" is ook die afrikaanse "gesin". Taalkundig kan ons hierdie terminologie so onthou en gebruik, maar familie was voorheen die kernbegrip (gesin) én die wyer verbintenis (familie). Vandag kry 'n mens baie mense van ons eie geliefde kerk en volk wat sê hulle ken nie familie nie; wil hulle nie ken nie! Dit is waarskynlik omdat daar, anders as in die oudheid, vandag 'n groter diskontinuïteit gekom het tussen gesin in nouer verband en familie in breër verband. Vroeër eeue het die mens, toe stamme en volkies gevorm is, almal rondom die huwelikskern gesentreer. By vader en moeder het die kinders gebly, die kleinkinders en so verder aan. Rondom die stamhuwelik, solank dit bestaan het, is ander huwelike gesentreer. Die gemeenskap van ouers, grootouers, ooms, tantes, e.a. het in alle opsigte 'n belangrike buffer van beskerming gevorm vir die opgroeiende kinders. So 'n stewige familiebuffer het vreemde invloede buite gehou en self koersvas 'n gesonde menslike milieu geskep vir die behoeftes van 'n opgroeiende jongeling. Selfs slawe en slavinne, en diensknegte, het hulle plekke in die familie ingeneem, sy dit op die buitelyne. Waar ons bv. in die Nuwe Testament lees van iemand wat met sy of haar huis gedoop is, sluit dit alle lede van die huishouding in. Iets van hierdie familiegees bemerk ons nog in ons tyd wanneer die Groenewalds oor paasnaweek, of die Krugers, Malans, De Beers of ander groepe familiefeeste hou. Dit word soms vyfjaarliks gedoen. Oor die algemeen skiet die nageslag vandag weg en versprei soos onkruid oor die hele land, ja oor die hele wêreld; dink nie meer aan mekaar nie, weet nie meer die een van die ander nie, stel ook nie in mekaar belang nie.

Sodra samelewings van groterwordende ekonomieë of volkshuishoudings uitermate oopgesprei word ter wille van voortbestaan, is die ironiese gevolg die verbrokkeling van die huwelik sowel as die tot niet gaan van daardie beskawingseenheid.
Al die ou beskawings wie se gesinne verbrokkel het, het self uiteindelik gedisintegreer. Die Griekse beskawing het bv. sy ondergang beleef toe sy huwelike begin verbrokkel het ná die Peloponnesiese oorloë. Ook die Romeinse beskawing het sy ondergang grootliks te wyte aan huweliksontbinding. Veral ná 150 n.C., toe die Romeinse oorgrote wêreldryk sowel die mans geabsorbeer het in handel en nywerheid as die vrouens in die professionele arbeidsveld, het die huwelik op losse skroewe gekom. Dit het sy neerslag in die gebrekkige opvoeding van die jeug gehad wat op hulle beurt weer gevoer is vir die behoeftes van die maatskappy. Eindelik het daardie beskawing inmekaargesak.
Vandag trek ons Afrikaners in toue stede toe. Die boer kan om verskillende redes nie meer 'n boerdery behartig nie. Die arbeidstekort in die stede lok hom. Die vrou kan nie meer vir haar man op die lande koffie en kos vat nie. Hy sit in 'n kantoor op die tiende verdieping in die middestad. Dalk is hy drie maande of langer oorsee, of nege maande of langer vir opleiding êrens heen. Miskien op reis, dag na dag, vir die een of ander saak. Terwyl sy alleen in die voorstedelike huis moet woon, wat al neurose-wekkend is, en deur verfyningsvertengering, pil of ydelheid, geen of min kinders te versorg het, word sy ook prooi van die suigende arbeidsveld. In beide afsonderlike kringe waarin man en vrou beweeg, ontstaan nuwe verbintenisse wat dikwels bydra tot die neutralisering van die huweliksverbintenis.
'n Nuwe verskynsel steek dan ook rammetjie-uitnek sy kop hoog op oor die tradisionele huwelik. Dit is die kitsgesinne! Jy trou maklik en jy skei maklik. Dalk trou jy nie eens nie. Die koue duiwehokke van woonstelle is gunstig om 'n saamwoon van man en meisie sonder huwelik te verberg vir die oog van die samelewing. Selfs op die oop terreine van die samelewing is buitehuwelikse beoefening van huweliksvoorregte 'n toenemende verskynsel. Buite-egtelike kinders is nie meer iets wat so 'n groot skande oor die familie bring

as selfs maar tien of twintig jaar gelede nie. In hoë kringe word sulke babas net ewe gewigtig liefdesbabas genoem – en daarmee word die saak as aanvaar beskou. Ons sou dan nie meer in die Voortrekkerdae en Victoriaanse tyd lewe nie! Kontrasepsie-middele wat al vryeliker bekom kan word, bevorder die onguns van 'n huwelik. Waarom 'n koei aanhou as jy die melk in 'n bottel kan koop? Al word daar ook buite-egtelike kinders gebore, word die ongehude moeder liefderik versorg, selfs deur die kerk. Tehuise vir ongehude moeders help om hierdie sonde vir die publiek te verberg. So 'n kind word ook gewoonlik weggeneem dat Vader en selfs Moeder hom nooit ken nie. Gerieflik! Is dit nie voorsiening maak vir die sonde nie? Indirek is dit deels voorsorg maak vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig (Rom. 13:14), deurdat die gevolge daarvan gerieflik verbloem word. Hoe meer geriewe daar vir die gevolge van watter sonde ook al is, hoe veelvuldiger sal daardie sonde gestalte kan vind. Die argument dat die kerk behoefte aan 'n tehuis vir ongehudes het omdat daar by kinderlose ouers 'n behoefte aan kinders is, gaan geheel en al nie op as ons geloofsgetrou argumenteer nie. Om aan so 'n behoefte te voorsien, moet ons nie geriewe skep wat die voorraad van sondedade indirek kunsmatig kan verhoog nie! Daar is nog altyd ouers wat sterf en onversorgde kinders agterlaat wat in 'n weeshuis opgeneem word omdat die familieverband gekrimp en vervaag het. Hierdie kinders is beskikbaar vir kinderlose ouers.

Kitshuwelike is die substituut van die permissiewe gemeenskap van die hede, die toekoms en die eindtyd, vir die verbrokkelde huwelik. Omdat 'n kitshuwelik 'n sintetiese produk is, sal die toename daarvan die einde aankondig van die betrokke beskawing.

Die huwelik is die eerste en die laaste sosiale gemeenskap in die menslike samelewing van hierdie bedeling. Die huwelik is die hart en polsslag van 'n samelewingsliggaam. Vernietig dit en jy vernietig die mensdom.

3. *Huweliksvermenging*

Die volk van God het almal een Vader (Mal. 2:10). Hy is nie die Vader van alle mense nie. God, die Vader, is slegs

Vader van sy eniggebore Seun, Jesus Christus (2 Kor. 1:3; Ef. 1:3; Hebr. 2:10, 11). Maar die Godsvolk is aangenome kinders. Deur adopsie op die wyse van geloof, het die Vader meer kinders – het Hy ons as gelowiges (Gal. 4:5). Die ongelowiges het 'n ander god en vader (Mal. 2:11; Joh. 8:44).

Op grond van hierdie vaderskap van God oor sy volk, veroordeel Hy gemengde huwelike en egskeiding.

'n Gemengde huwelik is eintlik 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige. Omdat die gelowige buite die Huis van die Here trou, dit wil sê buite sy "familie", met een wie se vader nie God is nie, verbreek hy sy gemeenskap met God. Dit is 'n verbreking van die Godsgemeenskap en die verbond met die vaders (Mal. 2).

Onder gemengde huwelike verstaan ons vandag in Suid-Afrika veral huwelike tussen swart- en witmense. Ons het ook deels rede om so 'n huwelik as gemeng in die Bybelse lig te sien. Eerstens was wit vroeër jare hoofsaaklik Christene en swart feitlik deur die bank heidene. In hierdie geval is so 'n huwelik dus veroordeel wat die Bybel betref. Vandag hoor 'n mens al dikwels die argument uit liberale rigtings dat 'n swart-wit huwelik nie meer altyd veroordeel kan word nie, omdat swartes ook Christene is. Daar word gereken dat alle Bybelse gronde teen so 'n huwelik verval as altwee Christene is. Tog bly dit 'n gemengde huwelik in 'n tweede sin van die woord en van die Woord van God. Vermenging van wit en swart is nooit verblanking nie, maar konsekwent verswarting. Dis nou maar eenmaal natuurwetmatig. Daarom en vanweë die ongunstige getalle-verhouding van blank teenoor gekleurd in die wêreld en in Suid-Afrika, sal wit-swart huwelike lei tot die uitwissing van die blanke. Dit is logies as ons wetenskaplik die situasie oorweeg. Die Woord het twee opdragte aan ons in hierdie verband. Ons moet onder andere met ons hele verstand God liefhê (Matt. 22:37). Ons moet dus wetenskaplike sake in ons Christelike lewe verreken. Verder eis Gods Woord dat ons nie mag moord pleeg nie (Ex. 20:13). Dit sluit ook selfmoord in. Pogings en voorkombare risiko's tot moord of selfmoord is ook sonde. Die uitwissing van 'n volk, groep, ras of identiteit in hierdie verband deur ander of deur jouself, is sonde.

Volgens die Hervormde Kerk (Kerkwet art. III), word vermenging tereg as verkeerd geag. Gemengde huwelike dra dus nie die goedkeuring weg in ons kerklike midde nie. Daar is ook 'n derde betekenis verbonde aan wit-swart huwelike ten opsigte van vermenging. Dit is die kulturele en beskawingsverskil tussen wit en swart. Daar lê 'n wêreld van verskil tussen twee sulke mense wat hulle agtergrond betref. Omdat die huwelik 'n harmoniese gemeenskap moet wees, 'n eenheid, is die risiko groot dat die genoemde afstand tussen hulle die aanpassingskrisisse sal voer tot huweliksmislukking. Esra het sy eie baard en hare uitgetrek oor die Godsvolk se gemengde huwelike (Esra 9:3). Nehemia het die oortreders se hare uitgepluk! Die oortreders kon Asdodies en ander tale verstaan, maar nie eens meer hulle eie Joodse taal nie (Neh. 13:25)!

Iemand kan sê dat die liefde alles oorbrug. Tog is dit opmerklik dat in Maleági 2 en baie plekke waar die Bybel handel oor gemengde huwelike, die argument van die liefde nie beslissend is nie. Huwelikskeuses is vir die Bybelse figure dikwels deur die ouers gemaak vir die egpaar, toe laasgenoemde nog klein of ongebore was. Die Bybel erken nie die liefde as die god van die huwelik nie.

Gemengde huwelike wat die verbreking van die Godsgemeenskap is, en die verloëning van God se vaderskap, is te veroordeel in die Bybelse lig. Maar belangrik is 'n tweede faset van hierdie saak. Wat van 'n heidense huwelik waar een later 'n Christen word? In hierdie geval het die huwelik 'n gemengde huwelik geword in die loop van sy bestaan. Nou laat die Bybel nie toe dat die huweliksgemeenskap verbreek word van die kant van die gelowige nie (1 Kor. 7:13). Deur die voorbeeld van die gelowige moet gehoop word op die bekering van die ongelowige (1 Petr. 3:1). Net maar, só 'n huwelik mag nie vooraf met hierdie voorwendsel of onder die vlag van liefde, aangegaan word nie.

Ook egskeiding word veroordeel omdat dit die verbreking van die Godsgemeenskap en die verloëning van die vaderskap van God is (Mal. 2:13 – 16). God het die mens één geskape in die huweliksband. Dít is duidelik in die skeppingsverhaal van Genesis, die voorligting van Paulus aan die Korinthiërs, die Efesiërs, ens. Hierdie eenheid is ver-

kondiging van die verhouding tussen God en sy volk soos gestel deur Hoséa, Paulus in Efesiërs, en nog ander. Egskeiding is in die kinderkring van die Vader 'n simptoom van 'n huis wat teen homself verdeeld is. Dit is die verkondiging van die vernietiging van die Godsgemeenskap met sy volk. Daarom haat God egskeiding (Mal. 2:16).
Omdat ons hier veral Mal. 2 in die oog het, is vers 15 baie interessant. Sommige verklaarders meld dat dit die moeilikste vers in die hele boek is. Dit gaan hier om die stelling dat God se vaderskap oor die gelowiges een en al is en dat Hy die mens in 'n huwelikseenheid geskep het. Dan is die vraag: Waarom? Die antwoord lui dat die Vader kinders verlang, nakomelingskap soek, 'n volk soek wat aan Hom behoort. Sowel gemengde huwelike as egskeiding verydel hierdie doel. Daarom veroordeel God hierdie twee sake.
Slegs in die huweliksverband onder die vaderskap van God, kan kinders normaal opgevoed word as verbondskinders. Omdat alles afstuur op hierdie punt, besef ons die ontsettende belangrikheid van die Christelike opvoeding van ons kinders; die belangrikheid van die uitvoering van die doopbelofte. God soek nakomelingskap deur die Bybelse huweliksgemeenskappe wat in die opvoeding ruimte maak vir Gods Woord en Gees om wedergeboortes tot stand te bring. So word deur wedergeboorte of adopsie of geloof in Christus, kinders van God in die lewe gebring.
Die Christelike opvoeding van ons kinders wat gesonde huwelike, deeglike katkisasie en Christelike skole vereis, word in ons tyd nog 'n ernstiger saak as ooit tevore. Die sogenaamde generasiegaping is deels 'n aanklag teen bogenoemde drie instansies (huis, kerk, skool), en daarby rede tot ernstiger toewyding aan die taak van die opvoeding as ooit tevore. In die profesie van Jesaja 3 word gestel dat die seun die grysaard sal stormloop of, soos die Statevertaling dit het: "de jongelingh sal stout sijn tegen den ouden." Die Engelse vertaling: "the child shall behave himself proudly against the ancient." Die Lutherse vertaling: "der Jüngere wird stolz sein wider den Alten." Ons beweeg in die tydsgees al meer en meer in 'n situasie in waar die jeug, meerderwaardig teenoor die oudheid, die regering ter hand wil neem.

Onder die vaandel van "tye het verander" en "die oudheid met sy norme en gesag is verby", word dit ge-usurpeer by wyse van jeugrevolusies, betogings, modes en sogenaamde kontrakulture om die leisels te bekom.
Vanweë ons wêreldwye ontwikkelende gesagskrisisse moet ons sterk staan, soos altyd en nog meer, téén gemengde huwelike in die Bybelse sin van die Woord. Huweliksvermenging is die bakermat van opvoedingsdisintegrasie.

4. *Huwelikshersteel*
Vir die kinders van die Here is dit van die uiterste belang om te weet dat hulle bewaar word, ook in die huweliksverband. Hulle word bewaar deur te weet en te beoefen wat in die sewende gebod staan (Ex. 20:14). God het die totale beskikkingsreg oor die huwelik.
Die ontstaan van die huwelik is nie 'n blote menslike aangeleentheid nie. God het dit ingestel (Gen. 2:18, 21–24). Die Insteller het die reg om self te beslis wat Hy met die huwelik in die oog het. Menslike instellings kan onderhewig wees aan wisseling en verandering. God is egter onveranderlik in sy liefde en daarom is sy liefdesinstelling van die huwelik nie veranderbaar deur mense nie.
God het die beskikkingsreg oor ons huwelik en daarom bemoei Hy Hom met ons huwelik, ons ten goede. In sy Woord leer Hy ons hoe 'n huweliksmaat verkry moet word. In 'n tyd van permissiwiteit waar alles as toelaatbaar aanvaar word, wys die Woord van die Here ons die pad aan waarop sy kinders hulle lewensmaat moet verkry. Permissiwiteit word reguit afgewys in die woorde dat hierdie handeling nie in hartstogtelike begeerlikheid moet plaasvind nie (1 Tess. 4:3 en verder). Moenie só vry dat die vryheid vernietig word nie. Behou in Christus die vrymoedigheid.
Selfs deur jong mense van die kerk word soms gevra of daar in die Bybel staan dat 'n mens nou juis moet trou om huweliksvoorregte te geniet. So ver het die gees van promiskuïteit of vrye liefde al deurgewerk. Die Beskikker oor ons huwelik het ook hier duidelik aangetoon dat 'n huwelik tot stand moet kom deur 'n wettige troue (1 Kor. 7:9; 1 Tim. 4:3).

Ook oor die inhoud van ons huwelik laat die Woord ons nie in twyfel nie. Dis nie vir ons nodig om in kortsigtigheid self te probeer bepaal wat die Here in die huwelik van ons verwag nie. Duidelike riglyne word aan ons gebied uit die Bybel aan die hand van ons huweliksformulier. Hier is drie hoofsake van belang. In die eerste plek moet die huweliksgenote mekaar help. Wedersydse hulp is 'n huweliksdoel (Gen. 2:18). Hierdie wedersydse hulp strek oor die tydelike lewe in alles wat reg en billik is. Ons moet daarop let dat in geestelike dinge die wedersydse hulp dikwels nagelaat word, maar die nodigste is. Help mekaar om kerk toe te gaan. Help mekaar om weer uit die Bybel te lees en huisgodsdiens te hou indien tyd, of 'n geskil, dit tydelik opgeskort het. In die tweede plek is God se bedoeling dat die menslike geslag slegs binne huweliksverband voortgeplant moet word (Gen. 1:28). Omdat 'n mensebaba soveel sorg behoef in liggaamlike, sielkundige en geestelike opsig, is dit ook te verstane dat slegs die gesinsverband vir die totale opvoeding geskik is. In die derde plek is die huwelik ook bedoel vir geslagsgemeenskap (1 Kor. 7:9). Dikwels word die beskuldiging na die kerk geslinger dat hy geslagsgemeenskap, behalwe met die oog op voortplanting, sou afkeur. Dat dit so was by sommige kerke, is waar. Maar ons Protestantse kerke het vir eeue al in die huweliksformulier dit anders gestel. Teen die agtergrond dat God die gewer van seks is, is dit 'n goeie gawe wat op die regte wyse tot eer van God gebruik kan word. Dit is gepas om hier daarop te wys dat God wil hê dat 'n huwelik moet bestaan uit man en vrou voor sy aangesig. Homoseksualiteit is sonde (Lev. 20:13; Gen. 18:20–19:28; 2 Pet. 2:6; Matt. 19:4, 5; Rom. 1:24–32; 1 Kor. 6:9, 10).
God beskik ook oor die einde van 'n huwelik. Deur die dood alleen maak God 'n einde aan 'n huweliksverbintenis. Egskeiding is dus nie 'n saak van die Here nie (Matt. 19:3–9). Daarom wil die Here ook hê dat vervreemde of geskeide eggenote hulle weer met mekaar moet versoen (1 Kor. 7:11).
Een van die groot oorsake vir egskeidings is die oortreding van God se wil dat slegs één man met één vrou in die huwelik verbind moet wees (Gen. 1:27; Matt. 19:4; 1 Tim. 3:2, 12; Ef. 5:23–33). Die veelwywery of veelmannery as 'n wettige

verskynsel is vandag vir ons vreemd. Maar hoe dikwels kom dit nie nog en al meer voor op informele wyse nie? Egbreuk kan ook plaasvind volgens die Heidelbergse Kategismus, vraag 109, in die vorm van alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes en luste. Calvyn noem onder hierdie afdeling alle losbandigheid, ook in kleredrag en dans. Ten opsigte van dans sê hy, en hiermee word seker verstaan die gewone danse waar selfs getroude mense met iemand anders dans: "Dit is asof hulle voluit met God wil spot en Hom blinddoek om Hom te slaan en dat Hy dan moet raai of daar enige kwaad in skuil" (Preek van Calvyn oor die sewende gebod, Dinsdag, 2 Julie 1555). Nie alle danse, byvoorbeeld dié in ballet en ander kunsvorme, of dié tussen man en vrou in privaatheid, is vanselfsprekend onder bostaande oordeel te bring nie.

Huweliksherstel vind nie plaas deur lapwerk nie. Ons eie goeddunke oor die huwelik is nie goed genoeg nie. Alleen Gods Woord bevat die nodige lig. Die huwelik is 'n saak van God vir die mens. Daarom het God 'n sê daaroor.

5. *Huweliksverhouding*

Daar is min dinge wat 'n huwelik so bedreig as 'n wanaangepaste huweliksverhouding. Om hierdie verhouding werklik gesond te kry, moet ons die Bybelse lig daaroor laat skyn. Buite die Bybel om is daar al die eeue 'n wanopvatting veral oor die posisie van die vrou in hierdie verhouding. As die Bybel nie goed verstaan word nie, word hierdie misverstand ook deur die Bybel gevoed. Aristoteles het gesê dat 'n vrou 'n vrou is vanweë gebrek aan kwaliteit. Tertullianus het gesê dat 'n vrou 'n tempel is wat oor 'n riool gebou is. Thomas van Aquino het beweer dat die vrou 'n toevallige bederf van die natuur is (prof. dr. M. Elaine Botha, Studiestuk nr. 95, Instituut vir die Bevordering van Calvinisme). Die Chinese het dogtertjies se voete afgebind om te voorkom dat hulle later as vrou sou rondloop. Na 'n vrou is verwys as die kwaad. Milton het gesê die vrou is 'n skone gebrek. Vondel se wysheid was: "Één vrouw is duizend mannen te ergh." (Murray Janson, *Vir die Dogters van Eva).* Die Rabbynse leer was dat 'n mens nie met 'n vrou in die openbaar praat nie – selfs nie met jou eie nie! Elke Christen kan dit vandag

met 'n stok aanvoel dat al hierdie beskouings oor die vrou se posisie in die huweliksverhouding nie die toets van die Bybel kan deurstaan nie (Ester 1:11, 12, 17; 1 Kor. 7:3, 4). Omdat daar so baie onaanvaarbare beskouings oor die vrou is, gryp kommunistiese tendense dit aan as aanknopingspunte om die vrou sogenaamd te emansipeer. Met hierdie emansipasie word dikwels 'n bedreiging van die huwelik geloods. Emansipasie of vrywording hou in hierdie verband gewoonlik onder andere in: die eis om gelyke besoldiging vir man en vrou in die openbare arbeidsektor, die herroeping van aborsiewette – omdat die vrou dan baas in haar eie buik sou wees – en die daarstelling van geriewe vir kinderbewaring buite die ouerhuis.

Wat is die Bybelse riglyne vir die verhouding tussen man en vrou in die huwelik? Dit kan saamgevat word onder twee begrippe: paslikheid en onderdanigheid.

Huwelikspaslikheid is 'n voorwaarde vir die huweliksverhouding (Gen. 2:18). Die aard van die huwelikspaslikheid lê in noodsaaklike verskille tussen die huweliksgenote en in noodsaaklike eensgesindhede.

Die noodsaaklike verskille is van liggaamlike en sielkundige aard. Die een huweliksgenoot moet 'n man wees en die ander 'n vrou. Hierdie verskil, wat beskryf kan word as 'n anderste eendersheid of 'n eenderste andersheid, is soos 'n slot en 'n sleutel. Die een pas op die ander. Hierdie manlikheid en vroulikheid moet nie net op die punt van die liggaamlike bestaan nie, maar in gesindheid, gedrag, drag, haredrag, ens. Vandag word hierdie faktor vir die huweliksverhouding bedreig deur eenslagtige en "unisex" strewes. Albei moet eenders lyk, eenders wees, eenders optree, eenders behandel word. Dinge wat die Bybel as sonde uitwys, vermeerder en word ál aanvaarbaarder in sekere kringe, en bedreig daarom die huwelik. Dit is homoseksualisme, homofilie en derglike verskynsels as onderafdelings hiervan, waar die een geslag op sy eie geslag gerig word in seksuele opsig: sodomie waar mans op mans gerig is, en lesbinisme waar vrou op vrou gerig is (Gen. 18:20e.v.; Lev. 20:13; 2 Pet. 2:6; Matt. 10:4; Rom. 1:24; 1 Kor. 6:9; 2 Tim. 3:3). Feminisme is 'n verskynsel van vervrouliking van die man onder toestande wat vandag ál gunstiger daarvoor

word. In skole waar seuns slegs met damesleerkragte te doene het, en in ouerhuise waar die vader voortdurend sonder kontak met sy seun is, word feminisme gevoed.
Ter wille van huwelikspaslikheid is daar ook noodsaaklike eensgesindhede. Geloof, kultuur en ouderdom speel van die hoofrolle in hierdie verband.
Geloofseenheid is sekerlik die allerbelangrikste. In 2 Kor. 6:14 word die gelowige vermaan om nie in dieselfde juk te trek saam met ongelowiges nie. Daar is geen intiemer saamgejuktheid as die juk van die huwelik nie. Daarom moet veral in die huwelik onthou word wat iemand gesê het: twee gelowe op een kussing – daar slaap die duiwel tussen! Tussen 'n Christen en 'n heiden is geloof die middelmuur van skeiding ten opsigte van 'n huwelik. Die geloofsverskil vernietig nie 'n bestaande huwelik nie, maar voorkom 'n nog nie bestaande een. Daarom sê Paulus dat as die een huweliksgenoot nog 'n heiden is (of miskien weer 'n heiden word), moet die gelowige huweliksgenoot hom of haar nie verstoot nie (1 Kor. 7:12–15). 'n Gelowige mag vanweë die voorwaarde van huwelikspaslikheid nie sê dat 'n huwelik aangegaan kan word met 'n heiden nie. Langenhoven het gesê dat net so min 'n rok pasbaar word deur dra, net so min 'n huweliksgenoot deur trou. Die gelowiges moet een van siel en een van sin wees in dieselfde liefde, en daar kan dus nie in die mees belangrike verbintenis soos die huwelik willens en wetens 'n disharmonie geskep word nie (Filip. 2:2).
Kulturele verskille openbaar hom in die gestaltes van ras, volk en gemeenskappe. Waar man en vrou lewenslank mekaar moet begryp en bystaan, moet die een die ander se agtergrond en geestesgoedere ken en deel. Hulle moet in taal en gees met mekaar kan kommunikeer en in liefde kontak maak. Nou kan ons nie sê liefde is blind nie. Dit is 'n blinde liefde wat geen toekoms kan sien nie! Groot waters kan die liefde nie uitblus nie (Hoogl. 7:7), maar die liefde praat ook nie groot nie (1 Kor. 13:4). Daarom moet 'n gelowige oë hê om verstandig buite die versoeking te bly van 'n liefdesverhouding met iemand met wie 'n huwelik verbode is. Dis grootpraat om jou in 'n direkte situasie van 'n liefdesdriehoek te begeef en te sê: ek sal nie ongeoorloof optree nie. So is dit ook grootpraat om uit die een kulturele

sfeer jou in 'n huwelik te begeef in 'n totaal ander kulturele sfeer en dan te verwag dat daar huwelikspaslikheid sal wees. As daar egter in 'n bepaalde huwelik huwelikspaslikheid is, sal groot waters van welke stormvloed ook al daardie liefde nie uitwis nie. Dit is die gelowige huweliksgenote se lewenslange troos.

'n Ander noodsaaklike eenvormigheid met die oog op huwelikspaslikheid is die ouderdom van huweliksgenote. 'n Groot verskil in ouderdom bring normaal 'n groot verskil mee in belangstelling, in fisieke vermoëns en geestelike ontwikkeling. Sielkundig en andersins behoort 'n man gemiddeld net 'n paar jaar ouer te wees as die vrou. Daar is wel die uitsonderings. Abraham se tweede vrou, Ketura, het by hom nog minstens ses kinders gehad (Gen. 23:1). Sy moes dus aansienlik jonger as hy gewees het. Uitsonderings is egter nooit die reël nie.

Alles saamgenome, word ons vermaan tot 'n groter verantwoordelikheid vóór die huwelik met die oog op huwelikspaslikheid. Huwelikspaslikheid wat voorwaarde is vir 'n huwelik, word ná 'n huweliksluiting opdrag.

Die doel van huwelikspaslikheid lê in die vermoë om mekaar te kan bystaan as 'n hulp in alle billike dinge van die tydelike en ewige lewe. Ook moet die kinders Godvresend opgevoed word. Dit kan nie indien huwelikspaslikheid ontbreek nie. Daar moet 'n normale, natuurlike en Godgewilde seksuele aanvaarding wees, wat nie tot sy reg kom sonder al die genoemde faktore vir huwelikspaslikheid nie. Verder beeld die huwelikseenheid die eenheid uit tussen Christus as Bruidegom en die kerk as bruid (Ef. 5:32). Indien hierdie hele raamwerk waarbinne die huwelik moet bestaan, ontbreek, is die huwelik nie tot eer van God nie.

Huwelikspaslikheid is dus huweliksharmonie. Die huwelik is 'n komposisie. Die diep ondertone van bas word omhoog gedra deur die hoë sopraan. Kinderinstemming op die ewigheid word verrig in die opvoeding deur growwe manlike voetpedale en verfynde vroulike vingertoetse. Seksuele bevrediging is belangrike byklanke. Die eenheid tussen man en vrou is 'n simboliese ritme van die ewige verbintenis tussen die Here en sy kerk. Die deurlopende melodie in die huweliksmusiek is die ere aan God in die hemel. In Jesus

Christus word die huwelikskomposisie klassieke musiek met ewigheidswaarde.

'n Komposisie, soos hier beskryf, kom natuurlik nooit tot stand indien die klanke nie wedersyds aan mekaar hulp verleen nie. Daar moet dus onderdanigheid aan mekaar wees, ter wille van die komposisie. Hierdie onderdanigheid is nie 'n vrees of eerbied in die eerste plek vir mekaar nie, maar vir Christus (Ef. 5:21). Die onderdanigheid aan mekaar moet dus so wees soos Christus dit in sy Woord aan ons leer. 'n Man moet 'n man wees soos die Woord ons leer. So moet 'n kind 'n kind wees soos die Woord ons leer. Die Bybel ken nie in die gesin 'n mannemonopolie of 'n vrouevryheid of 'n kinderpermissiwiteit nie. Elkeen het sy plek wat hy moet volstaan. Die man is in die gesin die gesagsdraer soos Christus in die gemeente. Die vrou is onderdanig soos die gemeente aan Christus. Daar is primêr nie soseer 'n beperking van die ruimte waarin die vrou of kind mag beweeg nie, as 'n kwalifikasie van die wyse waarop hulle mag beweeg. Die man moet manlik, die vrou vroulik, die kind kinderlik wees en handel (prof. Elaine Botha, a.w.). Die seun moet hom kan identifiseer met sy vader en die dogter met haar moeder. Daarom moet vaders nie moederlik en moeders vaderlik werk of optree nie. Dit bring versteuring by die kind.

Die Bybel stel ook die kwaad simbolies eerder in die gestalte van 'n vrou voor as in die gestalte van 'n man (Sag. 5:7, 8; Openb. 17:3; ens.). Die rede hiervoor moet waarskynlik daarin gesoek word dat dit aanvanklik nie Adam was wat verlei is nie, maar Eva. Beide het wel gesondig (Gen. 3:6). Adam kan ook nie verskoon word van Eva se ongehoorsaamheid nie. Sy ontoegewydheid om wakend en noukeurig onderrigtend teenoor haar as sy hulp te wees, het sekerlik bygedra om haar die ledige geleentheid te gee om deur boselis bedrieg te word. Die feit word egter gekonstateer dat sy eerste verlei en tot die oortredingsdaad gekom het (2 Kor. 11:3; 1 Tim. 2:14). Sowel die verlossing in Christus as die sondeval verander dan ook nie die skeppingsfeit dat die man as eersgeskapene die gesinshoof is nie (1 Tim. 2:11, 13; Ef. 5:23, 24). Daarby het Eva se leidende aandeel in die sondeval, wat verleiding blyk te gewees het, haar vir alle tye

die leidinggewende posisie bo die man ontsê. Nogtans is uit haar die Verlosser gebore (Gen. 3:15; Luk. 2:7; 1 Tim. 2:11–15).
Ware Christelike gesinne, met die nodige noue skakeling wat dit vanselfsprekend dan met die gemeente sal hê, maak van die gemeente weer 'n uitgebreide gesin. So kom daar, soos vroeër jare, weer 'n patriargale familie waar die hemelse Vader ons Vader is.

6. *Geboortebeperking*
Vandag word die saak van geboortebeperking op groot skaal beoefen, nie net om onsedelikheid te bevorder nie maar ook om selfsugtigheid te vererger. Ons verneem selfs dat kontrasepsie-middele op die Olimpiese spele en derglike saamtrekke vryelik beskikbaar moet wees. En dit is ook 'n bekende saak dat ouers nie meer kans sien vir groot gesinne nie.
Twee vrae is van groot belang ten opsigte van hierdie saak binne huweliksverband. Eerstens: Is geboortebeperking nie 'n bedreiging vir ons nie? Tweedens: Is van die metodes nie 'n bedreiging vir ons nie?
Dit is goed te verstaan dat die wêreld dalk vir die mensdom te klein kan word ten opsigte veral van voedselvoorsiening. Die eerste saak waaraan natuurlik primêr aandag gegee moet word, is om nuwe voedselbronne te ontdek en te ontgin en die bestaande beter te benut. Maar daarby kan die etiese of toelaatbare inperking van getalle seker ook oorweeg word. Die opdrag aan die mens was om die natuur te onderwerp en daaroor te heers tot eer van die Here (Gen. 1:28). Dit is merkwaardig dat dié kultuuropdrag saamhang met 'n vermeerderingsopdrag. Nogtans moet die mens sy verstand gebruik. Dis ook 'n opdrag om verstandig te wees in jou liefde (Matt. 22:37). Om die natuur van aanwas tebeheer, val dus ook, op sy plek, onder die opdragte van die Here. Die doel moet egter nooit pure selfsug wees nie maar die eer van die Here. Omstandighede soos gesondheid van vader en moeder, lewensmiddele, kultuurontwikkeling, beskawingspeil, landsomstandighede, ens. moet dus in berekening kom onder die lig van Gods Woord wanneer geboortereëling ter sprake is. Ons volk pleeg selfmoord

indien hy geboortebeperking toepas terwyl anderkleurige volke onbeperk aanwas.
Omdat hierdie saak dus 'n relatiewe saak is, wat van gesin tot gesin en van volk tot volk verskil, moet ons eerder praat van geboortereëling (prof. dr. B. Duvenhage, Studiestuk nr. 72, Instituut vir Bevordering van Calvinisme). Huweliksfatalisme met 'n vrye geboortekoers waar die maksimum getal kinders gebore word, kan net so sondig wees as geboortebeperking waar 'n minimum kinders in die wêreld gebring word. Verstandige geboortereëling is die aangewese weg om die optimum getal kinders die lewenslig te laat sien.
Die vraag is dan nou op welke metode geboortereëling kan geskied? Die mees primitiewe wyse is seker selfbeheersing. Dit is wel soms as die enigste etiese wyse aanvaar. Maar in die lig daarvan dat dit tot baie frustrasie en ander implikasies lei, en in die lig daarvan dat middele soos medisyne 'n verwerkte vorm van selfbeheersing is, is die direkte selfbeheersing nie die enigste of altyd die beste natuurlike wyse nie. Ook by die verskillende metodes, moet verstandigheid aan die dag gelê word. Sterilisasie van vader of moeder op 'n jeugdige ouderdom, terwyl gesondheidsredes of ander beslissende faktore ontbreek, is onverstandig.
'n Ander wyse wat veroordeel staan, is aborsie of die doding van die ongebore baba. Volgens ons landswet word 'n baba eers geregistreer ná geboorte. Tog laat ons wet sekere erfregte toe aan die ongebore baba. Ook wat die Bybel betref, is 'n mens 'n mens nog voor sy geboorte. Die mediese wetenskap het terminologiese onderskeidinge soos embrio (vir 'n vrug tot op ± 3 maande) en fetus (ouer as drie maande), ens. Die vraag is egter wanneer is 'n vrug 'n mens wat volgens die sesde gebod nie gedood mag word nie?
Die Bybel sê in Ps. 139:16: "U oë het my ongevormde klomp gesien." God sien die mens en die menslike handelinge in sy mees private omstandighede. En reeds daar in die moederskoot het God 'n bestemming vir die mens (Gal. 1:15). Paulus het eers tot geloof in Christus, en daarmee tot sy lewenstaak, gekom op pad na Damaskus toe hy 'n groot man was. Tog was hy in die moederskoot reeds hiervoor bestem gewees. So word dit ook genoem met betrekking tot Jeremia:

"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig." (Jer. 1:5).
Gestel die moeder en haar dokter het die vryheid gehad om die ongebore Paulus of Jeremia af te dryf! In die geval van Jesus sou selfs op humanistiese grondslag 'n saak uitgemaak kan word tot aborsie. Sy moeder Maria was ongetroud, die skindertonge tergend, die omstandighede medies onverklaarbaar! God het beskikkingsreg oor 'n mens se lewe – en hierdie reg gee Hy nie uit sy hand uit nie. Slegs aan die owerheid word die opdrag tot doodstraf en wel oor moordenaars gegee (Gen. 9:6; Rom. 13:4). In gevalle van selfverdediging en die toevallige doodslag, kan dit ook verskoon word (Matt. 26:52; Num. 35:15). Die beëindiging van 'n mens se lewe rus normaalweg direk in die hande van God. Die wederregtelike of menslike beëindiging van 'n mens se lewe, jou eie of 'n ander s'n, bv. deur sogenaamde aktiewe genadedood, 'n kindermoord van tweejariges soos deur Herodes – om watter goeie redes ook al, of by geboorte soos deur Farao (Ex. 1:15), ens., bly moord. In gevalle waar die moeder se lewe beslis in gevaar verkeer, kan die beginsel van selfverdediging nog geld ter regverdiging vir aborsie; andersins meng die mens in waar God hom nie wil laat inmeng nie. Die mens se lewe is roepingsvol. Daar is 'n geboorteroeping en 'n sterwensroeping wat hy in die hande van God moet vervul.
Geboortebeperking deur aborsie, wat die doding na konsepsie of bevrugting van 'n ontwikkelende baba is, is 'n bedreiging vir ons volk en die kerk.
Die Here wil hê dat ons volk moet voortbestaan; elke volk wat gehoorsaam bly. Die Here wil hê dat sy volk moet uitbrei – nie net deur sendingwerk nie (Matt. 28:19), maar ook deur geboortes in die genadeverbond. Onbeheerste geboortebeperking, en veral aborsie, is 'n bedreiging in ons dag.

7. *Opvoedingsverwatering*
Die twee vernaamste instansies in die opvoeding was altyd die ouerhuis en die kerk. Vanuit hierdie twee instansies het die skole tot stand gekom as 'n derde en belangrike op-

voedingsinstelling. In die Romeinse tyd het dit geblyk dat as die huwelik verbrokkel en godsdiensveruitwendiging plaasvind, die skole miskien nog – en juis – bloei, maar die opvoeding skade ly. Toe in die jong Romein gesinswaardes aangekweek is en op 'n sterk godsdienstige grondslag die toekoms ingedra is, het sy opvoeding van hom 'n mens uit een stuk gemaak. Daarom was hulle werkywer so hoog en hulle suksesse so wêreldomvattend.

Die Romeinse opvoedingsproses het agteruitgang ondergaan. Die ouers was uit die huis – nie net die vader nie maar naderhand ook die moeder – ter wille van die arbeidstekort in 'n massale wêreld-ekonomie. (Vandag nog hou die toename in werkende moeders verband met 'n toename in jeugmisdaad.) Ook die jeug wat onder hierdie huislike en godsdienstige verswaktheid opgegroei het, is benodig vir die arbeidsveld. Daarom is die opleiding van so vroeg moontlik in die inrigtings gerig op die bruikbaarheid van die toekomstige arbeider. Sy opleiding, en daarmee sy ganse opvoeding, het al meer 'n nuttigheidsoogmerk gehad. Die pragmatisme het grondslag van die opvoeding geword. Waar dit so is, verskyn differensiasie in al fyner vorme. Elkeen kry al meer net onderrig in waarvoor hy aangelê is of benodig word. Daarmee word die algemene grondslag, gebou op altyd geldende waardes, meer en meer ondergrawe. Met die gevolg dat Pilatus, getroue kind van sy tyd, die vraag gestel het: Wat is waarheid? (Joh. 18:38.) Daar was nie meer vir die kosmopolitiese Romein 'n algemene waarheid, doel en sinvolheid nie. Alles het relatief geword en is ingestem op die bruikbaarheid.

Die jeug wat ouerloos, godsdiensloos en sonder bowewaardes opgroei, word sy eie gesag, god en waarde. Hulle is ongehoorsaam aan ouers en gesag. So was dit in die Romeinse samelewing (Rom. 1:30), en so sal dit wees in die laaste samelewing (2 Tim. 3:2).

Ons tyd van wetenskap en ontwikkeling word nie gekenmerk deur 'n gebrek aan studie en feite nie. En tog word ons al dommer in die waarheid! Ons weet nie meer of 'n boek pornografie is of nie. Die een sê ja – die ander sê nee! Al sukkelend en struikelend word ons onderskeidingsvermoë al minder en minder. Wat is waarheid? Wat is reg? Wat is

goed? In die kuns, kultuur, spel, politiek, ens. sal dit al moeiliker word om te onderskei wat toelaatbaar is.
Is ons nie al besig om ten spyte van voortdurende studie te misluk om tot kennis van die waarheid te kom nie (2 Tim. 3:7)! Sal dit dalk wees as gevolg van ons studie?
Dwelmverslawing onder die jeug is een van die duiwels wat inbeweeg onder 'n jeug wat leeg is vanweë die opvoedingsgebrek. Ledigheid is die duiwel se oorkussing. Reeds in die paradys het Eva, ongehoorsaam aan die positiewe opdrag van werk en waak (Gen. 2:15), in ledigheid die ore uitgeleen aan die duiwel. Daarom het sy God se negatiewe opdrag, die verbod op die eet van die vrug, ook oortree. Hierdie ongehoorsaamheid het altyd verdergaande komplikasies. Ook Adam is daarby betrek. Merkwaardig dat baie dwelmmiddels, wat die ledigheid en leegheid van die jeug moet vul, afkomstig is van 'n boom – soos die verbode vrug! Dink maar aan die tabakboom, daggaplant, die wingerdstok, die papawerplant (opium, morfien, kodeïn, heroïen) – selfs die perskeboom en turksvy! Ook petrol en bensien is plantaardig van oorsprong.
Daar is ook 'n tweede ooreenkoms tussen die sondeval en die dwelmverslawingsgebruike. Dit is ten opsigte van die dryfkrag tot beide dade. In die sondeval was die vrug 'n lus of genot vir die sinne, net soos van die dwelmmiddel verwag word om 'n singenot vir die oomblik van gebruik te wees. Daarna het dit bitter gevolge. Die dwelmverslaafde soek na afwisseling in die dwelmmiddel. So het Eva waarskynlik ook gesmag na afwisseling van die gewone. Die gewone is soms vanweë ledigheid onhoudbaar. Die mens het in die sondeval na wysheid gegryp – om kennis te verkry. Die dwelmverslaafde soek na die ervaring van 'n "trip" waar hy 'n ander wêreld van die verbeelding kan betree.
Ook in 'n derde opsig is daar 'n ooreenkoms tussen die sondeval en die dwelmverslawingsgebruik. Dit is in die gevolge van beide. Albei bring liggaamlike aftakeling. Die mens het in die paradys besef hy is nakend. Die dwelmverslaafde se liggaam word gestroop van alle krag en funksie. In beide gevalle kom maatskaplike aftakeling voor. In die paradys het die mens skaam begin staan teenoor mekaar. In die dwelmwêreld word die verslaafde sku en skaam vir die

ope wêreld. Beide bring godsdienstige aftakeling. In die paradys het die mens van God gevlug en gaan wegkruip. Die dwelmverslaafde vlug weg van die kerk en Gods Woord – vanwaar hy tog maar sy enigste redding kon ontvang. Beide bring geestelike aftakeling. In die paradys het die geestelike armoede skuilgegaan agter 'n vyeblaar. Die dwelmverslaafde word geestelik ook totaal verwoes.
Net soos slegs gehoorsaamheid aan God die mens van die sondeval sou weerhou het, so is dit deur gehoorsaamheid aan Gods Woord dat die dwelmverslaafde weer op die spoor van vryheid gebring kan word.
Die meeste probleme van die jeug van ons tyd kan grootliks teruggevoer word na 'n opvoedingsverwatering.

8. *Opvoedingsherstel*
Studie as sodanig is nie die ondergang van die opvoeding nie. Regte studie is die regte medisyne vir opvoedingsherstel. Regte studie het 'n kategetiese onderbou. Kategese is God se Woord wat gesagvol oor ons klink. Alle studie of onderrig in die opvoeding loop skeef indien die grondliggende kennis van God se geopenbaarde wil ontbreek. Dit is vanweë hierdie kennisgebrek dat die volk van die Here te gronde gaan (Hosea 4:6). Gebrekkige kennis gee aanleiding tot ongehoorsaamheid aan God. Die diepliggende oorsaak van die sondeval, ongehoorsaamheid, hang in 'n sekere mate saam met gebrekkige kennis.
Die Grieke sien dinge absoluut of opsigselfstaande, op meriete. So is die heidense denke of die natuurlike menslike logika. Dit was die denkwyse waartoe die duiwel die mens in die paradys verlei het. Die boom moes nou op sigself beskou word (Gen. 3:6). Natuurlik was die boom goed. Dit is dan deel van God se goeie skepping. God het egter die boom in verhouding tot sy Woord geplaas. Omdat Hy gesê het hulle mag daarvan nie eet nie, dáárom mag hulle nie. Ons moet dinge nie sonder meer beoordeel nie, maar in die lig van Gods Woord. Heilige dinge is nie heilig in hulself nie. Die sabbat, die tempel, die tempelvoorwerpe, Israel, die kerk, die gelowiges, die sakramente, ens. is alleen heilig in hul verhouding of relasie tot God. God alleen is heilig. Die geniet van die geskape vrug is as sodanig seker nie sonde

nie – waarvoor was hierdie mooi en goeie skepping van die boom dan uiteindelik? Die sonde was vervat in die ongehoorsaamheid van die mens. Hierdie ongehoorsaamheid wat tot die daad oorgegaan het om te eet van die verbode vrug, is reeds te bespeur in die onjuiste woorde van Eva. Sy sê volgens Gen. 3:2 aan die Satan seker presies wat Adam aan haar onderwys het. In vers 3 brei sy egter uit op God se gebod en sê die verbode vrug mag nie eens betas word nie. En dan gebruik sy 'n woord vir *sterf* wat verskil in betekenis van die woord vir *sterf* in Gen. 2:17. Daaruit blyk dat sy verstaan het dat die dood 'n natuurlike gevolg sou wees van die eet, en nie soseer 'n straf nie. Sy het verstaan die boom is giftig. Dit was 'n verkeerde insig wat dalk gewyt kan word aan 'n gebrekkige onderrig van Adam aan Eva (A.v.Selms, Genesis deel I, *De Prediking van het Oude Testament,* bl. 66). Ongehoorsaamheid ten opsigte van Adam se kategetiese taak aan Eva, het met Satan se bykoms by Eva oorgegaan tot 'n openbare daad – en dit was die sondeval! Opvoedingsgebrek is een van die hoofoorsake vandag van jeuggeweld. Ons moet terug na die Woord van die Here om 'n ware opvoedingsbasis te vind. Dáár vind ons dat nie die dwelmmiddel genaamd L.S.D. aan ons sekerheid en sinvolheid van die lewe gee nie, maar die ware L.S.D., naamlik Liefde, Sekuriteit en Dissipline, soos iemand gesê het. As ons kinders hierdie regte weg van liefde, sekuriteit en dissipline geleer word, sal hulle ook wanneer hulle oud is, daarvan nie afwyk nie (Spr. 22:6).

Wat bedoel ons met liefde? Liefde in verband met die Christelike opvoeding het nie alleen 'n inhoud nie maar veronderstel ook 'n aksie – dit moet bewys word. Liefde is vriendelikheid. Hierdie vriendelikheid duur nie net so lank as wat gewone vriendelikheid duur nie – net tot die ander party onvriendelik raak nie! Die liefde wat ons moet beoefen is deur God in Christus aan ons geskenk. Daarom is hierdie vriendelikheid 'n bowe-aardse vriendelikheid wat lankmoedig voortduur (1 Kor. 13:4). Liefde kan bewys word sonder selfsug en onwelvoeglikheid omdat dit nie 'n antwoord op 'n medemens se liefde is nie maar 'n antwoord op God se liefde wat ons moet deurgee aan 'n medemens. 'n Kind wat nog opgevoed moet word, het des te meer hier-

die liefde nodig. Wie liefde uit hierdie volheid meedeel, moet altyd positief wees. Daarom waarsku Paulus ook dat ouers nie hulle kinders moet vertoorn of treiter nie, anders word die kinders moedeloos (Kol. 3:21). Eintlik word die vaders aangespreek in hierdie vers. Dit is die algemene geaardheid van moeders om miskien meer verdraagsaam as vaders te wees, daarom word die vaders in besonder gewaarsku. Daarby is die vader die gesinshoof en verantwoordelik vir die gesag oor sy huis. In die persoon van die vader word die gesagsinrigting van elke huis en daarmee alle gesagsinstansies aangespreek. Ook selfs die hoë owerheid moet hulle onderdane nie onregmatig behandel nie. 'n Kind se toorn ontstaan gedeeltelik uit sy ouers se toorn. 'n Toornige opvoeding moet 'n toornige kind opkweek. Wanneer 'n ouer in sy opvoeding eiesinnig optree en nie op die basis van die Christelike liefde nie, sal daar vroeër of later 'n moedeloosheid oor die kind kom. Om kinders te terg, selfs deur die gewone afknouery, is om onregmatige dwang uit te oefen uit 'n posisie van gesag. Die gevolg daarvan is moedeloosheid wat die voedingsbodem word vir geweld. Dis nie toevallig dat revolusies en geweld, veral onder die wêreldjeug, vandag grootliks teruggevoer kan word via frustrasie, moedeloosheid en opvoedingsgebrek na huweliksverbrokkeling nie. 'n Verbrokkelde huwelik bevat geen ware liefde nie, wat die voedingsbodem vir die Christelike opvoeding is. Reeds in die paradys is die huwelikskraak geslaan in die sondeval. Toe het die mens nie net van God af begin wegvlug nie, maar ook van mekaar af. Heel gou was daar onder die jeug gewelddadige opstand en moord. Kaïn slaan Abel dood!

Pragtig wys Paulus die positiewe weg van liefde aan vir alle opvoeders: voed hulle op in die tug en vermaning van die Here (Ef. 6:4). Die woord wat vir *opvoed* gebruik word, bevat net soos in Afrikaans die woord *voed.* Voed is egter 'n natuurlike, aardse gebeurtenis. Opvoeding is hoër, dit is 'n geestelike aktiwiteit. Daarom mag ons hierdie saak nie willekeurig hanteer nie. Ons moet ons laat toerus en lei deur die bowe-aardse bron van Gods Woord. Dis immers na bo waarheen die opvoeding mik. Ons is gerig op God. Opvoeding mag nie oorgelaat word aan die wind en weer nie. Dit

bring net ergere erosie aan die menslike gees as dié waarmee hy in sonde gebore is. Opvoeding is nie iets wat maar aan God oorgelaat kan word asof die Here onmiddellik en direk self sal tug en vermaan nie. Die mens se natuur is juis van so 'n brose aard dat die kind, anders as 'n jong dier, jare lank in die sorg van sy ouers moet wees. Dit is eintlik só ter wille van die opvoeding. Opvoeding moet gegrond wees in die Here, dit wil sê in die Woord van die Here.

Die woord wat Paulus gebruik vir *tug* beteken letterlik kindskap. Die woord vir *vermaning* kan ook vertaal word met *weg* of *weë*.Met die opvoeding moet ons ons kinders lei na die kindskap en lewensweg wat gegrond is in Gods Woord.

Ons het voorheen gesê dat liefde aktief moet wees. God se liefde tot ons bewys Hy daarin dat Christus vir ons gesterf het (nagmaalsformulier). Dit is 'n grote en dodelike daad.

Ons moet liefde bewys. Dit moet uitgegee word, oorhandig word, betoon word. Hierdie aksie moet selfs so konkreet wees dat al meer opvoedkundiges die liggaamlike kontak tussen ouer en kind bepleit. Ons leef in 'n tyd waarin ouers, veral vaders en werkende moeders, bitter weinig liggaamlike kontak met hulle kinders maak. In sulke omstandighede moet ouers selfs sover gaan om van tyd tot tyd spesiale kontakspeletjies of kontakwerk te doen saam met hulle kinders. Ons moet ons kinders na ons toe roep en hulle nie verhinder deur 'n gejaag na wind nie. As die tyd om te omhels nie kom nie, moet ons tyd daarvoor skep (Pred. 3:5).

Die tweede groot saak wat in die opvoeding gebied moet word, en wat nie los van die eerste, die liefde, gebied kan word nie, is sekuriteit. Sekuriteit is die poort van die ouerhuis. As liefde die binnekant van die ouerhuis is, vorm liefde by die poort twee pilare waarop die poortboog van sekuriteit rus. Dit is woord en daad. Ons sal egter met woord en daad sonder die agtergrond van liefde, geen sekuriteit of veiligheid en vastigheid aan die kind bied nie. Woorde en dade alleen sonder liefde is soos 'n voor- en agterdeur – maar die huis ontbreek! As daar egter 'n huis is, 'n huis vol liefde, dan moet sy poort altyd aanloklik vir die kind bly. 'n Kind kan nie net binnenshuis bly nie. Hy word groot. Hy moet uit. Hy moet studeer. Hy moet werk. Maar van

buite af, ja van vér af, moet hy altyd weer aangetrek word na sy ouerhuis.
Daar is niks in hierdie verband wat so aantreklik is as dade nie. Woorde wek, maar voorbeelde trek. 'n Kind is nie 'n aap nie – hy is 'n na-aper. In Rom. 2:19–22 word ons vermaan om self nie te steel as ons ander leer om nie te steel nie. As ons die tempel beroof en niks oor het vir die kerk nie, help dit nie om met die mond owerspel te verbied nie. Ons dade moet as versekering dien vir ons woorde. Die woorde is toue waarmee ons ons kinders moet vasbind aan ons dade. Maar as daar geen dade is waarop die toue pas nie, word ons woorde 'n kraaines waarin ons, ouer en kind, oplaas verstrik sal raak. 'n Kind as na-aper weerspieël in sy woorde sy ouers en omgewing se woordeskat. 'n Kind se maniere en karakter weerspieël sy omgewing se maniere en karakter. Die mooie en skone of die lelike word deur voorbeelde in die kind se gees ingedra.
Opvoeders moet naarstig waak dat hulle voorbeeld onbesproke is en in ooreenstemming met hulle woorde. Dit help niks om 'n kind te vermaan om sy Bybel te lees as die ouers self nie huisgodsdiens hou nie. Dit is sinloos om 'n kind kategeseklas of Sondagskool toe te stuur maar self van die erediens af weg te bly.
Benewens die voorbeeld is aan die mens die wondervermoë van taal gegee. Woorde is brandende kerse in 'n donker lewensgang. Uit Deut. 6:7, 20 en ander plekke, blyk dat woorde-opvoeding informeel en spontaan moet wees. Seksonderrig kan as voorbeeld dien. Indien 'n kind nooit êrens iets te wete kom van seks nie, sou dit 'n fiasko afgee. Sou ons kinders maar op enige plek moet gaan aas om iets te vind in hierdie verband, sou dit 'n tragedie wees. Sou ons op een bepaalde tydstip ons kind roep en hom van voor tot agter alles meteens vertel, sou dit 'n skok wees. Maar soos ons kinders voorheen in die landelike omstandighede by die diere-versorging algaande geleer het wat die begrip paring is, so moet ons algaande ons kinders oor hierdie en alle ander sake, onderrig. Wanneer ons sit en die geleentheid doen hom voor, wanneer ons gaan slaap of opstaan en die geleentheid doen hom voor, wanneer ons op reis is en die geleentheid doen hom voor, dan moet ons verstandig

die hoofsake inskerp. Juis omdat die woorde-opvoeding so voortdurend en terloops moet wees, is die risiko groot dat dit vanweë vermoeidheid en moeisaamheid nagelaat sal word. Wees gewaarsku en bly doelbewus.

Liefde sonder tug is weekheid en tug sonder liefde is wreedheid. Hierdie uitdrukking is baie waar. 'n Huis vol liefde en met 'n imposante poort van sekuriteit, sonder 'n dak op, is soos 'n kokende pot sonder deksel. Alles kook oor. Daar moet dissipline wees. Daar moet die orde van onderdak wees. Dissipline is tug en vermaning. Die vermaning wys weer in hierdie geval na die woord van die opvoeder. Die vermaning moet altyd grond hê, en geen ander grond as die Woord van die Here nie. Ook wanneer die kerk se ampsdraers lidmate vermaan, moet hierdie vermaning tog gebaseer wees in die Woord van die Here. En dan behoort 'n kind van die Here die vermaning ter harte te neem as 'n vermaning van die Here. Die dissiplinerende woorde of gesprek moet gewoonlik wys op die konsekwensies van 'n verkeerde lewe of optrede. 'n Verkeerde daad het 'n uitwerking op 'n mens se kinders, op jou medemens, op jou kerk, op jouself en op God. Dit verwek toorn.

Indien woorde as vermaning alleen nie voldoende blyk te wees nie, moet tug uitgeoefen word as 'n daad. Net soos die kerk tot die daad van sakramentsontsegging en afsnyding oorgaan, moet ouers ook tot die daad oorgaan waar dit in die opvoeding ter wille van dissipline nodig is. Hierdie daad wat in sy ligtere vorm die weerhouding van voorregte kan wees, kan ook in ernstiger gevalle lyfstraf wees. Dit is in hierdie gevalle waar ons moet onthou dat tug sonder liefde wreedheid is (Jer. 10:24; 30:11; 46:28). Kinders is 'n gawe en erfdeel van die Here (Ps. 127:3), en mag daarom nie mishandel word nie. Ook uit hierdie kontak moet liefde spreek. Die Here tugtig dié wat Hy liefhet (Hebr. 12:6), so ook 'n ouer sy kind (Spr. 13:24). Ons het reeds gesien dat die woord vir tug ook kindskap beteken. So innig is lyfstraf en kindskap met mekaar verbonde. Die Spreukedigter sê selfs: "As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder" (Spr. 22:15).

Géén tugroede in die geval waar die tugroede nodig is, is net so skadelik as 'n tugroede in gevalle waar dit nie nodig

is nie. 'n Verkeerde tugroede is soos 'n krom hou met 'n reguit stok, daarom moet die nodige verstandigheid aan die dag gelê word. Wanneer die tugroede gebruik word, word daar nie met die vuis in die gesig geslaan of met 'n yster oor die kop nie, maar met 'n tugroede oor die sitvlak. Wanneer 'n ouer 'n kind raps oor 'n stoutigheid en die kind huil hom uit-asem, help dit nie om aan te hou slaan nie! Baie ouers het hierdie ervaring al gehad. Baie ouers sê dan die kind het wel slae nodig maar dit help vir dié besondere kind dan kwansuis niks. Hy sal hom glo net blou huil, al slaat jy hom dood! Nee. Dis wel uiters onverstandig om so 'n kind in sy verstarde boosaardigheid gruwelik te mishandel. Hou op met slaan. Wag tot hy heeltemal kalm is. Roep hom en praat alles uit op 'n beheerste en liefdevolle wyse en, as die hart week is, en u ag dit nog nodig, beseël die woorde met die tug. Moet egter nooit inkonsekwent wees nie. Moenie oorslaan wanneer geslaan moet word nie; moenie swyg wanneer gespreek moet word nie. Moenie dreig en dreig soos waterlose wolke wat self deur winde rondgewaai word nie. Gee aan u kinders L.S.D. – liefde, sekuriteit en dissipline. Hierdie opvoeding is 'n uittrek uit die sondemoeras waarin elkeen gebore is en 'n beveiliging uit die donker vloed van ons omgewing wat ons kinders kan oorspoel.
Lei u kinders uit om kinders van die Here te wees. Die Here wil dit so hê, daarom is verbondskinders wat die doop ontvang het leenkinders aan u, maar kinders wat bedoel is om ware kinders van die Here te word.

9. *Opvoedingsaanvang*
Die opvoedingsproses moet 'n primêre aksie wees van alle gesagsinstansies oftewel leidinggewende inrigtings. As Paulus in Ef. 6:4 die vaders aanspreek, bedoel die Here daarmee om alle gesagsinstansies aan te spreek. Net so dra Moses in Ex. 20:12 die Here se eis van gehoorsaamheid aan alle onderdane oor in die woorde: Eer jou vader en jou moeder (vergelyk die Heidelbergse Kategismus Sondag 39). Hoë owerhede, die pers, die radio, die televisie en alle instansies wat uiteraard ook leidinggewend ingerig is, behoort in 'n Christelike samelewing primêr opvoedend te wees. Genoemde instansies moet dus in die eerste plek

die oog hou op die Woord van die Here en nie in die eerste plek vra na die wil of behoeftes, wense en begeertes van die massa nie. Soek eers die koninkryk van God (Matt. 6:33).
Kronologies moet die positiewe opvoeding so vroeg moontlik in 'n kind se lewe begin. The early bird catches the worm. Hieroor stem opvoedkundiges saam. Dit is immers ook die vroeë wurm wat deur die vroeë voël vernietig word!
Elke mens en kind is van nature godsdienstig. Maar ook hierdie godsdienstigheid is deel van sy sondige natuur. Om net die godsdienstige of enige aanleg in die opvoeding te ontplooi, is nog nie Christelike opvoeding nie. Om niks positiefs in die opvoeding aangaande die geloof te doen nie, is om die kind ankerloos aan die liberalisme oor te laat. Dis uitsonderlik om vandag 'n gesin te vind wat soos ons ou mense gereeld Boekevat. Maar dit alleen sou in ons moderne omstandighede nog nie 'n voldoende patroon vir feiteplasing gee nie. Jy kan jou kind as regte Afrikaner opvoed en as ware Christen en as moderne mens maar met 'n drieledige persoonlikheid. Omdat aan die kind nie die noodsaaklike interne verhouding en geïntegreerdheid van hierdie drie persoonlikheidsreliëfs tuisgebring is nie, kom daar 'n botsing in sy gees. Die maklikste weg wanneer sy moderne mens-beginsels bots met sy Christelike beginsels of Afrikaner-beginsels, is om uiteindelik een faset te kies of alles oorboord te gooi. Jou vrysinnigheid word so jou beginsel en aldus ontstaan dan 'n liberalisme vanweë die opvoedkundige krisis.
Die geloofstoerusting moet by die begin van die mens begin. Die spreekwoord sê 'n mens word nooit te oud om te leer nie, maar 'n mens is in hierdie verband nooit te jonk om te begin nie. By geleentheid het 'n moeder aan 'n deskundige op hierdie gebied gevra wanneer sy haar kleuter moet begin godsdiensonderrig gee. Hy het haar gevra: Hoe oud is u kleuter? Op haar antwoord dat dié vier jaar is, het hy gesê: Gaan dadelik huis toe en begin, want u is vier jaar agter!
Daar is 'n paar uitgangspunte wat ons kan gebruik in hierdie verband. Die doel van hierdie opvoeding moet altyd helder voor oë gehou word soos die huweliksformulier dit stel: "... dat hulle (die egpaar) hul kinders wat hulle mag

kry, in die waaragtige kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid moet opvoed."

Vanselfsprekend behoort ons in te sien dat dit verkeerd is om aanvanklik alles te wil oordra aan die kleuter. Die doopsformulier leer ons die regte proses, nl. om soos "... hulle *opgroei,* (die kinders) hieromtrent *breedvoeriger te onderrig.*" Die beginjare van 'n kind is wel sy belangrikste jare; die eerste drie of vyf of ses of sewe. Min of meer al die opvoedkundiges stem saam dat 'n persoonlikheid in hierdie jare gemaak of gebreek word. Omdat dit die kosbaarste jare is en die breedvoerigheid in die onderrig algaande eers moet kom, sal ons aanvanklik slegs die skarniere moet aanbring waaraan die deur van die kind se persoonlikheid moet oopgaan.

Omdat die kind sondaar gebore is (Ps. 51:7; 1 Joh. 1:8), moet daar van voor af die Christelike grondslag in sy lewe gelê word, want hy het dit nie aangebore nie. Hierdie opvoeding moet dus grondig wees. In hierdie verband moet opvoeding geskei word in afrig en onderrig. Die kleuter moet méér afgerig word. Deurgaans moet beginsels by hom ingeplant word. Hierdie werk is fondamentlegging (Hebr. 6:1), insnyding (Luk. 6:48), inskerping (Deut. 6:7). Anders word 'n huis gebou, met goeie materiaal miskien, maar sonder fondament. En as die groot waters van die vele vloede van vandag verrys, stort die huis ineen (Luk. 6:49). Is dit nie waar die verwildering en permissiwiteit van ons moderne jeug vandaan kom nie? Kleuteropvoeding is dus nie breedtewerk of hoogtewerk nie, maar dieptewerk. So ook alle kerklike kategese en Christelike opvoeding.

Omdat afrigting grootliks dissiplinêr is, moet dit herhaaldelik wees. Deut. 6:7: "... as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Heel aan die begin veral moet die herhaling as 't ware onafgebroke voortduur. Só dat die afrigting 'n hele atmosfeer is en nie net periodieke dade nie. Hoewel 'n baba meer hoor en verstaan as wat ons vermoed, is dit tog so dat hy nie met sy verstand alles kan begryp nie. Maar lank voor hy begryp, drink hy al die stemming wat daar heers met sy ontluikende gemoed in. Daarom sal heel aan die begin nie gekonsentreer kan word op

spesifieke onderrig nie maar op die algemene milieu waar die kind groot word.
Hier kom die belangrikheid van die moeder sterk na vore. Sy is die vernaamste milieuskepper. Dit is seker nie uit die bose dat die vrou buitenshuis werk as omstandighede dit noodsaak nie. President M.T. Steyn het al daarop gewys dat ons vrouens agter die ploeg geloop het toe hulle mans op die slagveld was (toespraak voor C.J.V. in 1906). Die huweliksformulier sê ook dat die eerste doel van die huwelik is "dat die een die ander getrou moet help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort." Onder "tydelike sake" kan seker finansiële inkomste van die vrou se kant getel word. Maar die prioriteit van haar moederskap moet nie hieronder lei nie. Vandag sien ons dat baie moeders werk, nie om eerlike hulp vir die man te wees nie, maar as geëmansipeerde eersugtiges wat wil leef in weelde en gemaksug. Hierdie sonde word reeds besoek aan ons kinders. Wanneer die kinders by die huis is (en babas en jong kleuters behoort by die huis te wees) en die man by die huis is, moet die moeder onder alle omstandighede ook by die huis wees.
Om die regte stemming te verkry waarin die kind se aanvanklike afrigting lê, moet die moeder konsekwent optree. Behalwe dat albei ouers altyd as ware Christene teenoor mekaar moet optree en ook so na buite moet leef, is daar 'n paar momente wat in hierdie verband van oneindige betekenis vir die kind is. Die kind vergeet baie gesegde dinge maar die stemming van huisgodsdiens uit sy kinderdae, ingedrink deur sy gees, vergeet hy nooit. Die moeder moet konsekwent die geleentheid skep waarin vader huisgodsdiens in alle waardigheid hou. 'n Tweede moment waar die kind gekonfronteer word met die geloofsdinge, ewe algaande as by die eersgenoemde, is die tafelgebed. Derdens, kerkgang. Ook met laasgenoemde moet soos met die vorige twee konsekwent opgetree word. Die moeder is die een wat elke keer haar huishouding só moet inrig en die geleentheid moet skep daarvoor. Die vierde moment doen sig self voor. Die kleuter sal algaande vrae begin stel oor allerhande sake. Omdat die moeder die eerste persoon is wat hy bykom en behoort by te kom, is dit háár voorreg. Sy moet hierdie

vrae aanmoedig, nie ontmoedig nie. Daarby moet sy die vrae vanuit konsekwente Christelike geloof beantwoord. Dit is baie belangrik. Sy moet altyd positief wees. Iemand het die voorbeeld aangehaal dat 'n seuntjie vir sy mammie gesê het: 'Kom kyk, ek het Jesus gesien.' Daarop het sy nie gesê dit is snert nie. Sy het gaan kyk. Oorkant die straat op die vyfde verdieping het 'n grys, bebaarde ou man gesit. Sy het positief aangesluit by haar kleuter en gesê dat Jesus hoog is maar veel hoër as die vyfde verdieping, dat Hy eerbiedwaardig is, soos die indruk van die ou oom op hom gemaak het, maar nog veel meer. Ja, dat die hoogte en eerbiedwaardigheid van Jesus ook anders is as dit wat die kleuter sien. Dus, dit is nie Jesus nie. As die moeder negatief sy stelling ontken het as onwaar, word Jesus naderhand 'n onwaarheid, 'n onwerklikheid.

Die kind self sal met sy vrae help bepaal wanneer u moet begin met bepaalde onderrig vir die godsdienstige opvoeding.

Ons huise word bedreig omdat huweliksverbrokkeling en opvoedingsverwatering twee karperde van die bose is. Hoe eerder ons hierdie disselboom se klop hoor, hoe beter.

3. Die Huis van die Here

1. *Godsdiensveruitwendiging*

Dit is merkwaardig om te let op die ooreenkomste wat daar is tussen die faktore wat tot die verval van die Romeinse Ryk gelei het en dié wat genoem word as booshede in die eindtyd. Belangrik is dit dus om weer daarop te let dat die booshede van die eindtyd nie splinternuwe, vreemde verskynsels sal wees nie. Tewens, as 'n mens buiten die geskiedenisboeke oor die verval van die Romeine, ook lees wat Paulus aan die gemeente in Rome skryf, en dit vergelyk met wat geskryf word aan Timotheüs oor die laaste dae, dan is daar 'n opvallende ooreenkoms. In Romeine (1:26–32) word verwys na die booshede van die heidene (Romeine) wat ook 'n bedreiging vir die gelowige inhou. Hierdie booshede word voorgehou as bestaande in daardie tyd soos

hulle ook inderdaad aangedui word deur die geskiedenisboeke wat handel oor die verval van die destydse Romeinse Ryk. Dieselfde skrywer as dié van die Romeine-brief, Paulus, skryf dan aan Timoteüs en noem plek-plek woordeliks dieselfde lysie van booshede wat sal plaasvind in die eindtyd. Daarin sien ons dan weer die feit van die voortgang van dieselfde geskiedenis van die Romeinse wêreldryk na die laaste wêreldryk. Ons sien in die opvolging van dié twee ryke 'n herhalingsverskynsel wat die booshede betref. In 'n groot mate sal dieselfde faktore wat gelei het tot die verval van die Romeinse Ryk dus ook lei tot die verval van die Westerse beskawing, asook tot die totale dekadensie van die menslike beskawing. Dan sal God ingryp met die wederkoms van Christus en die wederoprigting van alle dinge in 'n God-geordende ewige bedeling.

Baie keer as die swaar tye ons bedreig, kom die gedagte na vore dat ons tog die kerk van die Here is. Dat ons tog aan Hom behoort. Ons land en volk is tog Christelik. Die Christendom is tog oor 'n groot deel van die aardbol oopgesprei. Die booshede sal nie werklik die oorhand verkry nie – ten minste nie by ons nie, nie in ons tyd nie. So dink ons. Dit is tydig om daarop te let dat die ondergang van die Romeinse Ryk plaasgevind het in die Christelike era! En dit uiteindelik nadat die Romeinse staat as sodanig verchristelik of gekersten was! Dit het wel nie as gevolg van die Christendom ingetuimel nie maar ten spyte van die Christendom!

Vóór hierdie verval was die Romein godsdienstig stewig geplant. Hoewel die keiseraanbidding afgodediens was, was dit doelgerig en inhoudvol. Met die koms van die Christelike geloof was die Christelike gemeenskap gerig deur die eenvoudige waarheid dat daar slegs in Jesus Christus verlossing is.

Hierdie vroeë Christendom wat bestaan het binne die grense van die Romeinse Ryk, was duidelik gemotiveer deur die Bybelse beginsels. Soos die heidense Romeinse Ryk godsdienstig sterk gestaan het in die beginjare, so het die ware Christendom sterk gestaan in hulle geloof. Rondom 300 n.C. het die Romeinse Ryk ál meer gekersten geraak totdat keiser Konstantyn self 'n Christen geword het. Dit was reg. Die evangelie moet uitgedra en geglo word.

Ongelukkig het die kerstening van die Romeinse Ryk gepaard gegaan met die verromeinsing of verwêreldliking van die Christendom. Daar het dus 'n wedersydse proses plaasgevind: 'n dialoog. Die evangelie het nie net getref in die Romeinse Ryk nie, maar is getref deur die Romeinse Ryk. Die evangeliese lewe is uitgehol en die Christendom is veruitwendig. Veruitwendiging bring altyd 'n binneruimte wat met ander dinge gevul word. So het die Christendom in die vervaltyd van die Romeinse Ryk nog 'n uiterlike gestalte vertoon maar die krag van 'n bybels gemotiveerde en 'n ware Christelik georiënteerde lewe het in die meeste gevalle ontbreek. Daar was geen gegronde en stewige godsdienstige beginsels meer wat kragtig ook die samelewing gerig het nie.

Wat die eindtyd betref, word gemeld dat daar 'n gedaante van godsaligheid sal wees (2 Tim. 3:5). Die uitholling en veruitwendiging van die Christendom sal meebring dat niks as sonde geag word nie. Alles sal as gedragsabnormaliteite en sosiale wanaanpassing geklassifiseer en opgelos word. Die verlossing sal nie meer nodig geag of geken word nie. 'n Situasie-etiek of pragmaties bepaalde, periodieke besluite sal die skyn van godsdienstigheid opwerp. Die Christendom sal 'n gedaante, 'n spook word.

Mens neem 'n oppervlakkige uitwendigheid van die godsdiens waar in al groter wordende maat by die gemiddelde Christen. Om 'n algemene voorbeeld te noem, verwys ons na ons eie geliefde volk van wie gesê word dat in die grote stad Johannesburg slegs 5 persent werklik Christene is! Dit is ontstellend om in die nuusmedia voortdurend te lees van die allergruwelikste dinge wat kerkmense toenemend doen. Dink ook maar aan die terroriste-hulp deur 'n groot deel van die wêreldse Christendom.

Die godsdienstige faktor speel al meer en meer in sy gedaantelikheid 'n rol van aftakeling. Wagter, hoe ver is die nag?

Daar is 'n oppervlakkige emosie wat vandag wêreldwyd vaardig word: om almal en alles lief te hê. 'n Mens kan goed verstaan dat so 'n emosie aanklank sal vind by die meeste mense. Die gelowiges is maklik vatbaar vir enigiets wat selfs op die klank af liefde is, omdat hulle liefdesmense is.

Die humanisme word ook gedryf deur 'n liefdeskrag: liefde vir alle mense, vir alle menslike behoeftes, vryhede, vereistes, ens.
Die Christen veral is te vinde vir liefde. Praat die Bybel dan nie self in hierdie rigting nie, as hy sê dat die aarde aan die Here behoort en die volheid daarvan, die wêreld en dié wat daarin woon? As dit so is, moet ons mos alles van God se handewerk liefhê en sy mense en hulle dade! Ja, so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het. As die kommunisme nou daarin sou kon slaag om die liefde vir alles en almal as bondgenoot te verkry, sou die Christen as sodanig ontwapen kan word – ás die Christen dieselfde opvatting van liefde het!
Die Bybelse opvatting van liefde in ons besprekingsverband is egter die teenoorgestelde van dié van die humanisme. Dat die Bybelse liefde nie 'n ongekwalifiseerde is nie, spreek alreeds uit genoemde aanhalings uit Ps. 24 en Joh. 3:16. Die aarde, wêreld en inwoners behoort aan die Here ten opsigte van die skepping van dit alles, want Hý het dit gegrond op die seë en vasgestel op die strome. Maar die Bybel sê nie net dit nie. Die skepping is nie die laaste saak waarvan die Bybel spreek nie. Ná die skepping het die sondeval gekom, sodat daar nou 'n beperking is van hulle wat mag klim op die berg van die Here en mag staan op sy heilige plek. Van nature of van skeppingsweë behoort alles en almal nie meer sonder meer aan God nie. Daarom sê die duiwel volgens Lukas 4:6 aan die Here: "Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee ..." Ons weet dat vanweë die sondeval die hele wêreld in die mag van die bose lê (1 Joh. 5:19; Openb. 12:9). Die owerste of prins of koning of regeerder of god van hierdie wêreld, is die bose (Maleági 2:11; Joh. 12:31; 14:30; 16:11; 2 Kor. 4:3–4; Gal. 4:3; Ef. 6:12). Omdat die sondeval op sy beurt weer nie die laaste saak is waarvan die Bybel spreek nie, maar die verlossing uit die sonde ook aan die orde kom, spreek Openb. 11:15: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van ons Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." Omdat die feite anders is, kan daar dus nie sprake wees van 'n blinde liefde wat geen sonde raaksien en alles en almal

maar net liefhet nie. Liefde moet beperk en gekwalifiseerd wees. Almal wat in Christus glo, word gered volgens Joh. 3:16. Die wêreld is dus nie net ongekwalifiseerd ter sprake in hierdie teks nie maar die beperkende faktor is onmiddellik weer daarby.

Weliswaar spreek 1 Kor. 13, veral vers 7, van die liefde wat alles bedek en verdra. Ook 1 Pet. 4:8 sê dat die liefde 'n menigte sondes sal bedek. Twee verskillende woorde word in die Grieks gebruik in hierdie twee Skrifture wat vertaal is met *bedek*. In hierdie verband is ook Jak. 5:20; 2 Tim. 2:24 en Spr. 10:12 van betekenis. Hier gaan dit egter om die feit dat as jy iemand liefhet, jy nie sy sondes gaan uitlap om hom skade aan te doen nie. Wanneer plig en verantwoordelikheid teenoor God en juis die liefde teenoor daardie persoon dit egter verg dat sy sonde openbaar moet word, dan verbied die wese van die ware liefde dit nie. Buitendien word in 1 Kor. 13:7 gestel dat die liefde ook alles glo en alles hoop. Onder alles glo en hoop word stellig nie bedoel al die bygeloof, leuens, e.d.m. nie! Omdat die liefde uiteindelik oorwin en bly tot in ewigheid, relativeer dit sy vyand en oorspan (bedek) dit. Die kruisdood is nie die oorsien van sonde nie; maar eerder as om dit ongestraf te laat bly, die straf aan Jesus Christus (nagmaalsformulier). Juis die Kruis toon dat die liefde die sonde kon verduur en deurstaan.

Daar moet onderskei word tussen die sondaar en die sonde, die dader en die daad. Dis wel nie net die daad wat sonde is nie. Die dader of sondaar is self ook die sondebok. Maar tog skemer daar 'n onderskeid deur tussen sonde en sondaar ten opsigte van die liefde. Die sondaar moet ons liefhê – nie ter wille van sy sonde nie, maar ten spyte daarvan! Die dader moet ons bemin – nie ter wille van sy daad nie, maar ten spyte daarvan. Die sonde en sondedaad moet ons haat. Dit kan ons nie liefhê nie. God het die geregtigheid lief, maar die ongeregtigheid haat Hy (Hebr. 1:9). Maleági 2:16 stel dat God egskeiding haat. Selfs die kleed wat met sonde bevlek is, moet ons haat (Judas 23). Alhoewel die gemeente in Efese haar positiewe liefde vir die goeie verlaat het, het sy anders as Pergamus en Thiatire nie haar nega-

tiewe liefde verlaat nie. Efese haat die werke van die Nikolaïete – God ook (Openb. 2).
Die werke van die sonde moet ons haat – terrorisme, kommunisme, luiheid, diefstal, ens. Tog moet ons die mens kommunis, terroris, dief, ens., liefhê. Ons moet bid vir diegene, nie vir hulle dade nie. Ons moet die bekeringsboodskap aan hulle verkondig. As ons maar in die kersteningswerk hierdie onderskeid kan onthou, dan sal ons nie ons optrede laat bepaal deur die goeie of slegte eienskappe, historiese dade of potensiële vermoëns van nasies of mense nie. Die liefde tot God en medemens moet ons oriënteer. Ook in so baie verbrokkelende huwelike sou dit goed wees om te onderskei tussen my vrou of man se verwerplike maniere en haar- of homself as mens. Al hou 'n mens nie van iemand se dade, woorde of standpunte nie, moet jy hóm nog liefhê – hoe anders sal hy immers tot ander insig kom! Met hierdie uitgangspunt kan jy die vriendskap verkry met politieke teenstanders en private vyande omdat jou liefde tot daardie mens dit kan verdra.
Die Christelike liefde is gerig tot alle mense van alle volkere, stamme, tale en nasies (Matt. 28:19; Hand. 1:8; Openb. 21:24). Maar die Christelike liefde omvat nie alle dade, werke, gedagtes, planne en sisteme nie. Daarom moet ons onderskei tussen dade en dade. Ons is nie die ewige Regter om nou al te onderskei tussen mens en mens nie. Tog moet ons onderskei waar dit op aankom, tussen daad en daad (Filip. 1:10).
Om te onderskei tussen dade en dade is en sal 'n al moeisamer funksie van die Christen word. Vermeerdering van kennis bring mee die vervlakking van voorheen algemeen geldende norme. Die kennis van die waarheid (2 Tim. 3:7), word verswelg en verstik onder die magdom van kennisfasette. Teen hierdie agtergrond sou 'n mens saam met Pilatus kon vra: Wat is waarheid?
Tog moet ons onderskei – want die een daad of saak moet ons liefhê en bevorder, die ander moet ons haat en probeer vernietig.
Die wyse waarop ons moet onderskei, skep ook probleme.
Baie mense sê: ek behoort aan alles, ek doen alles en ervaar alles, want Salomo het gesê: Beproef alles en behou die

goeie! Dit is natuurlik Paulus wat in 1 Thess. 5:21 'n dergelike uitspraak maak. Maar dis merkwaardig dat Paulus hier die teenoorgestelde sê as wat mense Salomo in die mond wil lê! Daar is ook 'n diepliggende ooreenkoms tussen wat Paulus sê in 1 Thess. 5:21 en Filip. 1:10.
Die woord vir *onderskei* (Filip. 1:10) en *beproef* (1 Thess. 5:21) is dieselfde. Dit beteken nie om ervaring op te doen nie maar te sorteer. Eva en Adam het die sogenaamde proefgebod oortree deur ervarend te wou onderskei tussen goed en kwaad. Hulle moes egter volgens Gods Woord sorteer wat om te doen en wat om te laat. Die sorteermasjien lê dus nie in ons ervaring van dinge nie, maar in Gods Woord. In 1 Joh. 4:1 word dieselfde woord vir beproef gebruik ten opsigte van geeste, as in Filip. 1:10 en 1 Thess. 5:21. Dit beteken tog nie dat die proefmasjien in my ervaring lê sodat ek eers van die duiwel besete en van elke gees begeester moet wees vóór ek dit kan afwys nie! Met Gods Woord moet ons alle dinge wat op ons lewensweg na ons toe aankom, sorteer. Die kaf moet ons laat wegwaai sonder om dit in ons ervaringsak op te vang. Die korrels wat ons kan behou, dié moet ons opvang en deel van ons ervaring maak omdat dit deurgedra kan word deur ons lewens heen na die ewigheid toe.
Dit is die dinge waar dit op aankom. Hierdie dinge moet ons liefhê. Die ander dinge moet ons haat.
Die skyn van godsdienstigheid wat gepaard gaan met 'n gebrek aan onderskeidingsvermoë word in ons dag 'n diepgaande godsdiensveruitwendiging. Ons moet weer besef:

Niemand kan hom Christen noem nie
sonder Christus gees en sin;
niemand kan sy liefde roem nie,
wat die sonde nog bemin. (Ges. 128: 4 in die ou bundel.)

2. *Kerklike fossielwording*
In die gees van godsdiensveruitwendiging dreig die beeld van vervalsing ook om oor die geloof te versprei. Kerklike en Bybelse begrippe word vroeg en laat gelaai met ander as die egte inhoud en dan so gebruik. Die kerk het 'n groterwordende taak van waaksaamheid in 'n kleinerwordende

geleentheid. Daarom moet die kerk sorg dra om nie deur verandering sy wese te verloor of deur verstarring sy roeping te verlaat nie. Oor hierdie twee gevare wil ons kortliks handel.

Wanneer die kerk uit behoudsug, wat iets anders is as behoudenheid, hom verset teen enige vervorming of selfs hervorming, sal hy wel bly voortbestaan. Hy sal egter nie lewe om sy roeping te vervul nie. Iets wat maar net bestaan om te bly soos hy is, kom die naaste aan lewe in die vorm van 'n fossiel.

Daar is 'n paar simptome wat die kerk behoort te waarsku dat hy besig is om tekens van fossielwording te openbaar. Eerstens wil ek noem die papieremaniere van die kerk in ons dag. Die boekdrukkuns was 'n grote genade, ook aan die kerk. Geletterdheid is een van die grootste komponente van die beskawing. Die kerk self leef uit die Boek, die Bybel, en verstaan wat hy lees deur die uitleg gegee deur geleerdes, onder die leiding van die Heilige Gees. Dit is dus heeltemal te verstane dat die kerk noodwendig met papiere sal werk. Ook omdat die getalle van die kerk astronomiese afmetinge aanneem, moet daar sekerlik aantekenings gemaak word op papier om die nodige kontrole uit te oefen. Wanneer die boeke geopen word by die eindoordeel (Daniël 6:18; Openb. 20:12), sal die kerklike boeke sekerlik 'n getuienis lewer. Die oorbodige papiere sal in 'n omgekeerde orde getuig.

Dit wil voorkom asof die kerk 'n gesonde versadigingspunt moet hê in sy papieregebruik. Indien hy daardie versadigingspunt verbysteek, word die prediking van die lewende Woord aangetas en kom 'n onversadigbare honger na papiere na vore. Die lewende Woord maak dan plek vir dooie papier. Die kerklike organisasie word dan so omvangryk geag dat 'n kaartehuis van kaartstelsels, registers en papiere nodig is om dit 'n struktuur te gee, in plaas daarvan dat die kerk se struktuur groei uit die lewende Woord. Prediking word in so 'n kaartekerk al meer gedegradeer tot een van vele momente. Om al die verskillende fasette van die administrasie, organisasie en belange van die kerk te behartig, ly die bediening van die Woord in kwaliteit. En

dit is nie reg dat ons die woord van God laat om ander sake te bedien nie (Hand. 6:2).

Die waarskuwing oor die verswakking van die prediking het 'n paar moeilike aspekte. Gemeentelede is dikwels te eergevoelig om hul mening oor die saak te lug. Soms doen dáár-die gemeentelede wat nie werklik betroubaar is ten opsigte van die meriete van 'n preek nie, dit wel. So word leraars gekondisioneer om hulle nie werklik te steur aan kritiek nie. Ouderlinge wat opsig oor die leraar se prediking moet hou, kom deesdae om verskeie redes gewoonlik nie so ver om hul opsig te verwoord nie – miskien omdat hulle nie voldoende toegerus is daartoe nie, ook weer vanweë die tydgees. Huisgodsdiens en Skrifondersoek ontbreek grootliks. Aangesien die prediker alleen "preek", is hy nie meer die vóór-prediker van die gemeente nie (1 Thess. 1:6–8). Daar is ook geen algemene aansporing uit die gemeente of kerkraad spesifiek vir sy preekwerk nie. Daar is geen deelname aan die preek deur gesonde en opbouende kritiek nie. Die prediking het 'n eensame taak geword – 'n stem roepende in die wóestyn. Dít te midde van 'n gemeente! Waar is die deelname aan die prediking? Die prediker het nie veroordeling nodig nie, maar bemoediging en beoordeling! Die eensydigheid van die preekwerk het, ironies genoeg, die predikant opgegradeer en die prediking afgegradeer in die Kerk. Die Kerk word al meer 'n domineekrasie, 'n domineekerk, terwyl die prediking doelloser, lusteloser en onpersoonliker word. Die prediking verswak, die predikers word sterker. Wat van Johannes wat gesê het, terwyl hy na Jesus wys: Hy moet meer word, maar ek minder (Joh. 3:30)?

'n Ander moeilike aspek aan die waarskuwing oor die verswakking van die prediking lê op die persoonlike vlak. Daar moet gewaarsku word sonder om sonder meer te veralgemeen. Predikers is ook mense en die een se talent is anders as die ander s'n. Opleidingsomstandighede verskil ook van prediker tot prediker. Die een prediker wil miskien nie oor kollegas 'n kritiserende woord spreek nie. Dit kan die indruk skep dat die kritikus dit dan so danig beter kan doen – terwyl dit nie die geval is nie. Buitendien kry 'n predikant ook min gewone aanhoor-geleentheid van kollegas.

Die papieremaniere van die kerk moet sy keerpunt vind in die sentralisering van kwaliteitsprediking. Alles is nie reg as die kerk se papiere maar in orde is nie. Dit is nie sy geloofsbriewe of kredensiebriewe hemel toe nie! Die kerk is egter op die regte pad, en dit met groot sekerheid, as sy prediking in alle opsigte in orde is. Die kerk mag nie 'n fossiel word, toegedraai in papiere nie. Hy moet 'n baan breek vir die koninkryk van God met die swaard van die Gees – dit is die woord van God (Ef. 6:17).

'n Tweede simptoom van fossielwording is te bemerk in die radeparades van die kerk. Dit hang natuurlik saam met die papieremaniere. Sodra daar 'n probleempie in die kerklike lewe opduik – nuut of oud of gewoon, soos dit meermale die geval is – word 'n raad gestig. Dit is nie meer net die kerkraad, of hoofsaaklik die kerkraad, wat die kerklike sake bespreek en leidinggewend behartig nie. Dit is rade op rade. Verwysings op verwysings word gemaak na rade op rade vir rapporte op rapporte. Ook hier blyk die kerk 'n versadigingspunt te hê. Sodra hy eers begin paradeer, raak hy radeloos. In plaas dat hy die herskeppende Woord van God, wat groot krag het, verkondig en daarop konsentreer, gaan kruip die kerk in 'n raad in. Rade word die kleeflint waarmee die papiere verseël word óm 'n koudwordende fossiel. Die kerk moet besef dat dit nie gaan om lid van 'n raad te wees binne of buite die kerk nie, maar om soos Nikodemus na Jesus te kom (Joh. 3; 7:50). Elke probleem en verskynsel word ondersoek en bestudeer. Met 'n benamingsbesetenheid word elke geval gestempel en geklas. Intussen word die persoon, die mens wat agter die geval of die probleem is, verwaarloos. Vir die kerk moet dit gaan om mense, sondaars, nie in die eerste plek om probleme of sonde nie. Dit is sondaars wat gered moet word, nie die sonde nie. Dit is die priesterskap van elke gelowige wat beoefen moet word, nie rade wat moet vergader nie.

'n Laaste verskynsel wat ek hier wil noem in die fossielwording van die kerk is die gebouebegeestering. Ons gebouеprogram is in die kerk seker goed te vergelyk met groot maatskappye s'n. Ly ons geestelike bouprogram nie daaronder nie? Ons bestee miljoene rande aan bykomstige lokale benewens peperduur kerkgeboue self. Dit lyk hier

ook of kerkmense, predikante ingesluit, op hulle stukke raak as daar geboue opgerig word. Dan kry die gemeente lewe, en die susters en die jeug – tot die kinders! Elkeen dra by tot een of ander bou-item. Dan werk die gemeente vir 'n doel – en die predikant ook! Wie wil my dit dan kwalik neem as ek sê die prediking en daarmee die kerk se roeping het doelloos geword! Geboue is tog 'n misplaaste doel as dit die doel van die kerk is. Pogings om lewe in die gemeentesang te bring, innigheid in elke gelowige se gebedslewe en geesteskrag in die normale lewe, lewer dikwels minder sukses as 'n bouprogram.

Net soos in die meeste ander gevalle, is ook geboue nodig as hulpmiddele vir die kerk (Deut. 12:5; Hand. 16:25). Daar moet op een of ander wyse, maak nie saak hoe nie, en op een of ander plek, maak wesenlik nie saak wáár nie, 'n plek vir aanbidding wees, 'n aanbidding in gees en waarheid (Joh. 4:23). Die kerk word egter 'n bagasiekerk in plaas van 'n pelgrimskerk. 'n Kerkplek alleen is geen assuransie tot saligheid nie (Jer. 7:1–6; Matt. 21:13). 'n Pelgrimskerk wat op pad moet wees na die wêreld toe en deur die wêreld na die ewige koninkryk toe, kan dit nie bekostig om met verswarende bagasie opgesaal te sit nie. Wat maak ons met die duisende rande se kerksale as terroriste toeslaan en dit verwoes en daar is nie 'n geestelike heiligdom in ons hart opgerig nie? As die wederkoms plaasvind tel die verganklike kerkgeboue niks – ook dan nie eens as skuilplek nie! Wat van Jak. 5:3 se waarskuwing, wat vir die kerk bedoel is: "Julle het skatte vergader in die laaste dae?" Ons moet nugter wees en ingetoë om te kan bid, want die einde is naby (1 Pet. 4:7). Laat ons vry word van die liefde vir geld (Hebr. 13:5).

Kerklike geboue skyn klipblokke te wees op die weg van die apostel-taak van die kerk. Die kerk se pad word geblokkeer deur sy eie materiële massa. Die kerk se dissipelskap kan nog redelik goed beoefen word te midde van vele geboue. Die Here kan nog bely word en gedien word in ons gebede en sang ten spyte van omringende kerkgeboue. Maar om apostolêre kerk te wees wat ook moet uitgaan na mense buite die kerk met die aankondiging van die blye boodskap word bemoeilik deur omsingelende kerkgeboue. Die kerk

is dan maar al te geneig om te sentreer rondom sy geboue en dood te loop by die geboue. Kerklike geboue het in menigte opsig vir die kerk 'n cul de sac geword – 'n doodloopstraat. Die kerk kom nie verder as die gebou nie. Geen wonder dat die gebou die kerk genoem word nie!
Die geboue hang soos loodknieë aan die kerk waardeur gelowiges aan bande gelê word – en nie by medebroeders en susters kan uitkom nie. Ons reken dat 'n besoek aan 'n kerkgebou (en daar is al meer aandrang dat dit moontlik moet wees ook wanneer daar geen byeenkoms is nie), waar ek niemand hoef te groet of wil ken nie, my verskoon van broederliefde en naastediens. Ons moet ons broeders se hoeders wees. Ons moet in mekaar belangstel, mekaar bemoedig en die gemeenskap van die gemeente of heiliges beoefen. Die geboue laat ons verkaïn om mekaar dood te slaan. Ons het geen tyd of behoefte om tyd te maak vir mekaar nie – omdat ons dink ons kerklike lewe is gesond en bloeiend. Die geboue is dan die monument daarvan! Intussen het die gebou 'n meulsteen om ons nek geword wat ons laat wegsink in die dieptes van selfsug.
Ons moet van huis uit Christene wees. In huisgodsdiens moet ons die koue klip van die kerkgebou vervang met warm lewe van geloof. Die kerk moet huislik wees. Die gemeente moet in ons huis wees (Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19; Kol. 4:15; Fil. 2). Die onderlinge byeenkoms van die gemeente (Hebr. 10:25), moet as 't ware 'n vergadering wees van huisgemeentes. Dan kom ons by ons broeders en susters langs na die erediens (Matt. 5:23, 24).
Ons moenie *na* die kerk toe gáán nie, en dan is dit na die kerkgebou nie! Ons moet *uit* die kerk uit net bymekaar kom ter wille van die aanbidding. Ons moet kerk wees – elke dag en in al ons werk. Ons hoor so baie dat iemand wil werk vir sy kerk. Dan word 'n kerklik-organisatoriese werk bedoel. Maar derglike werk kan in baie gevalle ook deur 'n amptenaar gedoen word. Ware kerkwerk is om ál ons werk kerkwerk te maak. Om die Here te dien, is nie om af en toe sekere dienswerk vir die Here te verrig nie. Dis 'n erediensgestalte. Godsdiens is om elke werk aan God te wy. Ons moet kerk wees in die erediens, op die sportveld, in ons arbeid en met vakansie. Dis waar dat die kerk dáár is waar Gods

Woord reg gepreek word en die sakramente bedien word soos die Here dit ingestel het (Ndl. Geloofsbelydenis, art. 29). Maar wat ons nie moet vergeet nie, is dat die tug wat die sondes straf, heenwys na die kerklike lewe gedurende ál my lewensdae en in ál my woorde en werke! Die kerk is nie waar die priester, predikant of ampsdraer is nie, ook nie waar die kerkgebou is nie, maar waar die gelowige is – hetsy in verstrooiing by sy daaglikse roeping, hetsy in die vergadering van die gelowiges – die erediens (Ndl. Geloofsbelydenis art. 27).

Pas op dat die kerkgebou nie die museum is waarin die fossiel bewaar word nie!

Vir die kinders van die Here word die verabsolutering van abstraksie of die verabsolutering van konkreetheid, 'n dwaasheid en 'n struikelblok. Grieke wil (net) abstraksie hê. Jode wil (net) konkreetheid hê. Die sinvolle werklikheid lê egter nie in één van hierdie twee as sodanig nie. Jesus is 'n dwaasheid vir die Griekse abstraksie en 'n struikelblok vir die Joodse konkreetheid (1 Kor. 1:22–24). Ons vir wie Christus die abstraksie (wysheid) en die konkreetheid (krag) is, en vir wie Christus nog meer as dit is, moet waak teen onbetrokkenheid in die kerk (abstraksie); en teen papiere, bakstene en konkreetmure (konkreetheid). Dit moet vir ons in alles met die kerk direk om Jesus Christus gaan.

Die Christen moet 'n lopende vuurtjie wees wat altyd brand, soos die doringbos van Moses (Ex. 3:2). Christene moet as kerkmense altyd en oral hulle kerklikheid, hulle behorentheid aan Christus, uitleef (1 Thess. 1:8). Dan alleen sal hulle nie uitbrand nie en hulle medemens verwonderd laat naderstaan om die Geesvervulde geloofsvlam te aanskou en te bewonder. Só slaan die vlam oor na 'n volgende persoon.

Kerkvaders soos Tertullianus, Cyprianus, Augustinus en andere was gewone lidmate wat brandende vure was in die uitbreiding van die evangelie. Dit was die Roomse Kerk wat die gewone lidmaat sy evangeliese lewe ontneem het en hom gedegradeer het tot 'n leek. Die eerste paar eeue van die Christendom was die roepingsbewustheid nie gedreineer na en beperk tot die ampsdraers nie. Toe was die ampsdraers bykomstig ter wille van die ordelike toerusting

ooreenkomstig die behoefte van die gemeente. Elke Christen moes funksioneel Christen wees in sy totale bestaan (Ef. 4:11, 12).
In die Roomse Kerk is Griekse abstraksie (leke-onbetrokkenheid) en Joodse konkreetheid (sakramentele en gebouetranssubstansiasie) verenig. Ons moet van ons Roomse leke-baadjies en geboue-jasse 'n bietjie afstand doen.

3. *Kommunistiese Komponente*
Deesdae word daar so baie geskrifte gevind wat ons kan en moet nalees oor die gevaar van die kommunisme, dat ek nie breedvoerig, sistematies of oorsigtelik daaroor wil skryf nie. Die kerk moet waak dat hy nie deur 'n veranderingswoede, as 'n teenoorgestelde van fossielwording, sy wese verloor of verloën nie. Daarom moet ons op enkele komponente van die kommunisme wys. Die gevaar is groot dat ons dink die kommunisme kom as een herkenbare grootheid waarteen jy jou slagordes kan opstel. Intussen kom dit komponentsgewys soos op 'n paaiementstelsel. Dit kom stuk-stuk en kleef voorlopig vas aan skynbare assimileerbare samelewingsverbande en omvorm dit tot frontorganisasies ter bevordering van die kommunisme.
Die kommunisme is 'n veelkoppige monster. Dit bevat bestanddele wat onsigbaar vermeng raak met bekende lewensvorme. Subtiel en asof noodsaaklikerwys word samelewingstrukture verander totdat op 'n goeie dag 'n kop onderskeibaar word wat herlei kan word na die kommunistiese hart. Hierdie veelkoppige organisme is 'n omgewingsbesoedelaar soos min. Waar hy in die omgewing is, val sy rooi stof op alles. Soos bosse en geboue langs 'n treinspoor of langs 'n rooi stofpad ongemerk swart en rooi en vuil word, so besoedel die fyn stof van die kommunisme die ekonomie, die politiek, die filosofie, die letterkunde, die pers, die kuns, die kultuur, die godsdiens ... En op elkeen van hierdie blare van ons volksboom wat deur die kommunistiese stof bedek word, groei daar 'n kop uit.
Kommunisme is in sy optrede nie eenslagtig of tweeslagtig nie maar omslagtig. Paulus waarsku in 2 Kor. 11:14, 15: "En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy die-

naars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie."
Ons moet nooit dink dat die een of ander saak byvoorbaat vryblywend van kommunistiese okkupasie sal wees nie. Of iets Christelik of nie-Christelik, godsdienstig of nie-godsdienstig is, religieus of atïsties is – dit pas die kommunisme vir 'n begin.
Dit pas byvoorbeeld die kommunisme om soms voor te gee dat dit ateïsties is. Ons moet let op die ateïstiese dimensie van die kommunisme, waaruit 'n hele filosofie van die ontstaan van alle dinge, en veral die menslike samelewing, voortkom. Dit word genoem die dialektiese historiese materialisme. Maar ons moenie 'n fout maak en dink dit is die enigste dimensie van die kommunisme nie. Die diepste dimensie van die veelkoppige monster is sy sataniese anti-Christelike hart.
Daar is vandag byna 'n ontploffing van satanisme. Orals word gewag gemaak van duiwelskunste, duiwelsaanbidding, die okkultisme, astrologie, waarsêery, toordery, magie, spiritisme, ens. Agter dit alles, as 'n draakagtigheid en 'n veelkoppige monsteragtigheid, sit die duiwel (Openb. 12:9; 13:1, ens.). Die oplewing van hierdie verskynsels juis in ons dae van wetenskap en ontwikkeling is tog op die oog af 'n anachronisme. Dit pas nie in ons tyd nie. En tog kom dit met 'n vloedgeweld soos 'n uitwissende golf. Dit wil die gelowige afslaan van die rots waarop hy staan en hom verswelg.
Natuurlik kan die oplewing van al hierdie genoemde verskynsels in 'n sekere mate op 'n natuurlike wyse verklaar word. Die Latynse woord *occultus* beteken *die nie-bewerkte, die onbeheerde* of *nie-kennis-beheerde.* Kennis en wetenskap het die voorreg van al meer mense geword. Die mens het sy lewe al meer begin kontroleer of beheer. Omdat hierdie beheer dinge insluit wat voorheen geheime magte was, selfs as gode geag was, het die mens nou al meer sonder 'n sekuriteitsgevoel geword. Sy god is dood. Daar heers 'n geestelike armoede en leegheid. 'n Angs kom oor die mens omdat daar niemand meer groter en sterker as hy is om aan hom veiligheid en verwagting te bied nie. Nou gryp die mens terug na die oorblywende okkulte en blaas dit tot die uiterste op ter wille van 'n bietjie skuiling. Ons sal egter skrik om te weet op

wie se grondgebied ons verkeer as ons skuil gaan agter enigiets wat nie die geopenbaarde Woord van God is nie. Tereg waarsku die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 10, ons: "Die duiwels en die bose geeste het só verdorwe geraak dat hulle vyande van God en van alle goeie dinge is. Met al hulle mag loer hulle soos moordenaars op die kerk en op elke lidmaat daarvan om alles te verderwe en te verwoes deur hulle bedrieërye ..." Selfs die bemoeiing met hierdie sake ter wille van 'n bietjie plesier of oppervlakkige interesse soos blote nuuskierigheid, suig jou in soos in 'n tregter. Daar is selfs eerlike ondersoekers van hierdie verskynsels wat byna van hulle kop af geraak het, soos hierdie magte oor hulle besit begin neem het. Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 34 vr. 94) wys ons nog steeds die gesonde weg aan: "Dat ek, so dierbaar as my saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof ... moet vermy en ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken."
Ons lees in die Bybel al van die "sinagoge" van Satan (Openb. 2:9; 3:9). Satan het sy "kerk" en sy "godsdiens". Sedert om en by 300 n.C. is dit bekend dat heidene in Duitsland op 'n berg byeenkom in die nag 30 April op 1 Mei om die Satansfeesmaal te vier en Christus te vervloek *(Getrouw,* April 1976, bl. 271). In lyn met hierdie gebeure is in die loop van tyd allerhande geheime organisasies gestig ter bevordering van die ryk van die duisternis. Een van hierdie figure is deur 'n weerligstraal getref en in sy bagasie is bewyse gevind dat op 1 Mei 1776 die Orde van die Illuminasie (verligting) gestig is deur Adam Weishaupt, as onderdeel van die geheime Münchense Vrymesselaarslosie van die Groot-Ooste. Hierdie beweging van 'n ingewyde Satanis het onder die dekmantel van die Vrymesselary hom as ateïsties voorgedoen, terwyl dit in der waarheid Satanisties was. Richard Wurmbrand voer vele bewyse aan in sy artikel: "Was Karl Marx een Satanist?" – om die vraag bevestigend te beantwoord. Via Marx en via vele ander kom die veelkoppige monster van die kommunisme se hart aan die lig: Satanies. Aangesien die filosofiese leiersfigure van die kommunisme, soos Marx, voorheen Christene was, is die kommunisme 'n gestalte van die groot afvalligheid in die laaste dae waarvan Paulus praat (2 Thess. 2:3; 1 Tim. 4:1). Ons moet ons nie

deur die kommunistiese aantreklikhede en suksesse laat mislei nie (2 Thess. 2:9–12). Net so min as wat 'n mens jou twee keer laat doop, net so min word 'n Satanis weer 'n Christen (Hebr. 6:1–6). Omdat die Kerk egter nie weet wie waarlik 'n gelowige was en werklik die geloof volledig versmaai het nie, gaan ons voort om elke afvallige te probeer evangeliseer. Dit is ons voorreg om afgedwaalde skape weer by die kudde te probeer voeg. Dit is van die duskant af nie finaal wie bokke geword het nie. Die besliste skeiding is 'n saak van die Here (Matt. 25:33).

Die aard van die kommunistiese aanslag vloei uit sy wese en organisasie. Hiervan word 'n mens duidelik oortuig as jy die referate lees wat gelewer is by die Volkskongres oor Kommunisme in 1964 te Pretoria, waarna vervolgens vryelik verwys word.

Die wese van die kommunisme lê in sy anti-Christelike wêreldheersug soos versinnebeeld in Openb. 13 se dier uit die see. "Prinsipieel is daar geen vreedsame naasbestaan tussen die Kommunisme en die Christendom moontlik nie." (Prof. B.J. Engelbrecht.) "Die kommunistiese lewensbeskouing en magspolitieke metodes is nie on-Christelik nie maar anti-Christelik ..." (Dr. P.J. Meyer.) Die lewensfilosofie van die kommunisme is die dialektiese en historiese materialisme (afgekort *diahistomat).* Met "materialisme" word bedoel dat die universum (heelal) 'n produk van evolusie is. Daar is geen hoër of geestelike werklikheid nie. Geen God nie. Geen duiwel nie. Geen sondeval nie. Met "histories" word bedoel dat alles wat ons vandag sien en het en sleg is, die gevolge is van suiwere hiernoumaalse gebeure in die verlede waaroor die mens voluit beskik het. Met "dialekties" word bedoel 'n strydende mag waardeur verandering en evolusie, revolusie en ontwikkeling voortkom. Omdat die kommunistiese woord, net soos die duiwel se woord, nie 'n selfstandige woord is nie, maar die verdraaide Woord van God, is dit juis so gevaarlik. Dit klink baie na Gods Woord. Dink maar aan die duiwel se woord aan die vrou van die eerste mens, Adam, in die paradys, en aan die tweede Adam, Jesus, met die versoekings (Gen. 3:1; Matt. 4:1–11). So lê die kommunis se siening, as onselfstandige verdraaide siening, só naby aan die Christen se siening en tog is

dit die teenoorgestelde! Hierdie oppervlakkige nabyheid en eendersheid van siening is 'n risiko vir die Christendom en die krag van die kommunisme. Ook die Christen sien dat daar vandag hongersnood, kledingnood, voedingnood, haat, oorlog, ens. is. Ook ons weet en wil dat dit verander moet word. Maar nou kom die verskille. Ons weet dat alleen Jesus Christus die sondige mens kan verander. Hierdie herskape mens (2 Kor. 5:17; Gal. 6:15; Ef. 2:10) bring wel as 'n uitrimpeling van sy geloof verandering (hervorming) teweeg in sy samelewing. Omdat sy nuwe lewe egter nog deels is (1 Kor. 13:12) d.w.s. in die geloof, sal hy ook nooit slaag om werklike en blywende verandering in die samelewing te bring nie. Die armes (haat, oorlog, ens.) sal nog altyd by ons wees (Matt. 26:11). Eenmaal sal Christus die nodige verandering self teweegbring (Hebr. 12:26, 27), wanneer ons geloof oorgaan in aanskoue (2 Kor. 5:7). Omdat die Christen dus "bokant" of "buitekant" die skepping (nie maar net universum nie) 'n Hoër Mag ken, nl. God, weet hy ook van sondeval en gawes van God in hierdie bedeling. Die kommunis reken dat alles verander kan word omdat niks van hoër waarde, betekenis of oorsprong is nie. Daar is nie blywende, geestelike waardes nie. In sy verwerping van absolute waardes stel die kommunis dat waarheid dít is wat werk. Deur verandering as basiese dryfkrag, wil hulle dan die samelewingsverbande (-strukture) van die verlede uitwis, wat die oorsaak van die huidige slegte bestaan sou wees. Die omstandighede moet verander word, sê hulle, nie die "sondige" mens nie. Veranderde omstandighede sal dan self die mens laat verander en van hom 'n vredevolle, liefdevolle, ewig gelukkige wese maak. Die roep na verandering klink dus selfs vanaf die grafskrif van Karl Marx in Highgate Park, Londen: "Proletariërs van alle lande, verenig julle! Die filosowe het die wêreld slegs verskillend geïnterpreteer maar dit kom daarop aan om die wêreld te verander." (Dr. Jan A. du Plessis, *Die filosofie van die Grafskrif,* I.B.C. studiestuk nr. 62.) Die reformasie – 'n begrip wat vir ons aanvaarbaar is en ook 'n veranderingsfaset inhou – het sy eie dialektiek: terug na die beginsel, voort na die ideaal. Terwyl reformasie egter 'n middelpuntsoekende (beginsel), vertikale (na God) beweging is, is die kommunis-

tiese verandering 'n middelpuntvliedende, horisontale beweging. Dit is kenmerkend van die Antichris dat hy hom in die plek van God sal probeer stel (2 Thess. 2:4), en sal trag om tye en wet te verander (Dan. 7:25). Maar God alleen kan tye en geleenthede verander (Dan. 2:21; Hand. 1:7).

Die organisasie van die kommunisme is doelgerig en dodelik. Wat ons land betref is hier in 1921 'n Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party gestig, die oudste in Afrika. Dit is wel in 1950 verbode verklaar. Maar in 1953 is dit ondergronds herorganiseer en in 1971 is halfeeufees gevier. Die party wat nie binnelands mag opereer nie, word direk uit Moskou gedirigeer. So 'n kommunistiese party is gewoonlik klein en goed verskuil soos 'n spinnekoppie vol gif met 'n groot web. Hulle het 'n meesterplan van optrede waaronder opstokery, sabotasie, terrorisme, inval in ons Republiek en oorname van die Republiek, hoofsake is. Om ons te knak, moet ons behoudendheid oor, en weerstand teen bedreiging van ons Christenskap, blankeskap en Afrikanerskap gekneus word. Die kommunistiese gedagte is dat die persoon losgemaak moet word van sy agtergrond, los van sy volk. Die ontwortelde boom val makliker as die ander. Daarvoor, onder andere, word die liberalistiese gees en frontorganisasies gebruik.

Wat die liberalisme betref is dit merkwaardig om daarop te wys dat die liberalis altyd die kommunis dien, maar die kommunis nooit die liberalisme nie. Vyshinsky se woorde is: "In our state naturally there is and can be no place for freedom of speech, press and so on for the foes of socialism" (*Referate oor Kommunisme,* bl. 84.).

Die liberalistiese gees word aangeblaas, soos 'n vuur uit die kommunistiese hel, om op alle moontlike wyses vryheid, weg van geloof en blankheid en Afrikanerskap, in ons land te verkry. Meer grond, meer geld, meer eerbaarheid, meer blankheid, meer geloof, meer Afrikanerskap moet weggeneem word van die Afrikaner en verdeel of vernietig word onder die ander. Dan word laasgenoemde 'n groter faktor van verswakking van eersgenoemde. Nusas, gestig in 1924, en die South African Institute of Race Relations, gestig in 1929, is 'n paar voorbeelde van liberalistiese organisasies.

Die kommunisme trag om selfs munt te slaan uit die Christelike naasteliefde deur mense daarmee op te blaas totdat hulle net "een kant van die saak insien en dit is die ander man se kant ... Die kommunisme trag nou om hierdie soort mense saam te snoer en daarvoor stig hy frontorganisasies. 'n Frontorganisasie is 'n organisasie wat dikwels 'n lofwaardige humanitêre (en partymaal selfs: patriotiese) doelstelling voorhou ..." (B.J. Engelbrecht). Vandag is daar waarskynlik al dosyne derglike organisasies in ons land – sommige onbewus daarvan dat hulle optrede 'n front vir die kommunisme is. Selfs die kerk is nie te heilig, en die gesondste appel nie te goed vir die kommunistiese wurm nie (A.P. Treurnicht). Prof. dr. C.N. Venter beweer dat ons staatsmanne kragtens die heersende onderliggende anti-Christelike staatsfilosofie wat uit 'n universalistiese of holistiese maatskappybeskouing spruit ... ondanks hulleself (Christelik geloof) besig (is) om ons op die pad van die sosialisme voor te gaan – want ons is op die verkeerde pad. Hoe kragdadiger hulle leiding, hoe verder stap ons aan op die verkeerde pad, die pad van die sosialisme. ("Die Pad van die Sosialisme", Antikom, 23 Junie 1973.)

Vanweë kommunistiese insypeling en optrede in frontorganisasies, is dit te verstaan dat hulle op kussings loop met stroop in die mond. Hulle probeer op allerlei wyse om ons aan die slaap te sus. Chroestsjoff het gesê: "Ons sal julle so saggies begrawe dat julle nie eers agterkom dat julle dood is nie! "Hier in Johannesburg het een van die rooiste joernaliste eergisteraand (16 Februarie 1942) ... beweer dat diegene wat die kommunisme as 'n gevaar bestempel, 'n vyand van Suid-Afrika is" (Aangehaal deur G.D. Scholtz in deel een bl. 144 van sy biografie van Verwoerd.). Tyd het dié stelling op 'n ander manier gedraai, nl. dat almal wat ons volk se identiteit veilig wil behou en bedreigende veranderinge weerstaan, nou soms 'n vyand van ons volk geag word! Die kommunistiese apparaat sus mense in Westerse lande graag met die gedagte dat daar ook geen kommunistiese gevaar is nie omdat die kommuniste gering in getal is.

Op allerlei wyse word dus getrag om ons ruggraat (beginsels) te vervang met wensbene (pragmatisme). In die kom-

munistiese boek oor psigo-politiek is gestel dat as slegs één geslag se nasionale trots en patriotisme effektief gedood kan word, daardie land oorwin is. "Sielkundige oorlog is juis daarop gemik om toegewings en aanpassings te bewerkstellig! Dit is die skerp kant van die wig ..." (kmdt.-gen. S.A. Melville.)

Die hele kommunistiese aanslag kan saamgevat word deur te wys op die verandersugtige uitwissingspogings van alle grense ten opsigte van geloof/ongeloof; blank/swart; Afrikaner/ander. Teenoor apartheid as beginsel word vermenging gestel (Dan. 2:43).

Vermeniging bars deur in die pers en pers deur van sport tot kerk. Op voetspoor van dr. G.D. Scholtz kan ons sê: soos Nero, toe Rome aan die brand was, is ons besig met harpspel *(Die Vaderland,* 19 Julie 1974.) Beskermhere van hierdie speletjie is nie net die Oosterse wêreld of die kommunistiese blokke nie, maar hulle is ook in die Westerse wêreld en veral in Amerika. Laasgenoemde het na die Tweede Wêreldoorlog die kommunistiese ideologie van gelykheid aanvaar om die lojaliteit van sy negers te behou. Destyds was dit om te kompeteer met die Russe wat hierdie beskouing versprei het. Vandag wil Amerika en die Westerse wêreld nog steeds hulle invloed en agting oor die kommunisme laat seëvier, deur met die kommuniste te kompeteer oor dieselfde uitgangspunt. Dit verklaar waarom ons in Suid-Afrika vandag feitlik geen vriende en begrip in die openbaar meer vind nie. Dit sal 'n kwade dag wees wanneer ons die kommunisme wil wéér deur beter kommuniste te wees as die kommuniste self.

Die kommunisme se vele koppe of komponente het 'n verskeidenheid wat soms op teenoorgesteldhede lyk. Tog word alle koppe gevoed uit die hart wat anti-Christelik is. Die anti-Christelike kommunisme is negatief ge-aard: anti-privaat inisiatief, anti-privaat besit, anti-privaat wins. Die Bybel ken egter privaatheid in hierdie verband (Matt. 25: 14–30; Spr. 3:9, 10; 21:20; 19:14; 13:11; 10:5; 12:14). Die hele dankoffergedagte waarmee die Kerk werk en die hele erfreg van eiendomme veronderstel privaatheid. Die Bybel ken selfs 'n privaat kommunisme wat anders is as ons hedendaagse kommunisme. Die vroeë Christene het vanweë 'n

dwaling in hulle optrede in verband met die wederkoms van Christus hulle eiendom en selfs hulle arbeidsaamheid ingekort. Wat sou hulle met eiendom maak en waarvoor sou hulle nog werk as die Here dan binnekort weer kom! Die verdeling van eiendom het egter 'n gemeenskaplike besit tot gevolg gehad met 'n privaat inisiatief. Hulle het vrywillig hulle eiendom verkoop. Almal het ook nie alles verkoop nie (Hand. 5:4; 12:12). Die verdeling was ook nie eweredig nie maar na behoefte (Hand. 4:45). Die saak van arbeid en eiendomsbesit is in perspektief geplaas, sodat Christene kan weet dat dit geen sonde is op sigself om soos Job ryk te wees onder die seën van die Here nie (Ef. 4:28; 1 Thess. 4:11; 2 Thess. 3:10).

Die kommunisme van ons dag is nie soos die woord impliseer gemeenskaplik of demokraties nie. Dit is pro-diktatoriaal anti-gemeenskaplik. Nie die gemeenskap beskik demokraties oor alles nie, maar die diktators.

Anachronisties soos dit ook al mag klink, het die Romeinse Ryk ineengestort toe dit 'n kommunistiese filosofie nageleef het. Om 'n gesonde gees te soek in 'n gesonde liggaam, is om te streef na liggaamlike, uiterlike of omstandigheidsgesondheid. Intussen verrot die gees van binne. Die somtotaal van alle oplossings vir omstandigheidsprobleme is nog nie gelyk aan die verlossing in Jesus Christus nie. Die mens se probleem is dieper gesetel as die uiterlike.

4. *Ekumeniese waters*

Vanuit die agtergrond van die vorige afdeling wat gehandel het oor kommunistiese komponente, is dit maklik om te begryp dat 'n kerklike strewe na eenheid maklik die vaarwaters van die kommunisme kan word.

Vandag praat die wêreld van diskriminasie asof daar net één betekenis aan diskriminasie geheg kan word, nl. verontregting. Hierdie verontregtende diskriminasie of onderskeidmaking behoort deur elke gelowige veroordeel te word. Maar as gelowiges behoort ons ook objektief-eerlik oog te hê vir 'n tweede betekenis van diskriminasie, nl. diskriminasie van waardering. Dit is 'n onderskeid-erkenning, 'n onderskeid-handhawing, 'n onderskeid-uitbouing.

Omdat die verskillende volkere elkeen deur die kerk be-

sonderlik beskou moet word t.o.v. sy eie kleur (biologiese gegewens), eie kultuur (geestesrealiteite) en eie beskawing (opvoedkundige kwaliteite), moet die kerk rekening hou met al die wetenskaplike eksakthede in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here om die evangelie te verkondig die beste tot sy reg sal kom (Matt. 28:19). Die kerk moet elke ras, elke volk, elke etniese groep, elke mens besonderlik behandel. Waarderende diskriminasie is eienskaplike en dus wetenskaplike onderskeiding van objektiewe gegewens. Die kerk moet in sy dienswerk gebruik maak van die wetenskappe soos die geskiedenis, biologie, staatsleer, volkekunde, taalkunde, ens. Indien die kerk onwetenskaplik sou wegskram van genoemde wetenskappe, sou hy 'n ontroue, onverstandige en dwase dienskneg genoem kan word.

Net soos daar twee soorte diskriminasie is t.o.v. volkere en rasse, is daar ook twee soorte sigbaarhede in verband met die kerk. 'n Sigbare eenheid en 'n sigbare onenigheid. Hierdie twee instansies i.v.m. die kerk, nl. sigbaarheid en eenheid, is dikwels vandag geskilpunte.

Die eenheid van die kerk is Bybels-waar. Die eenheid van die kerk is geleë in sy wese, sy gesindheid en sy funksie.

Die wese van die kerk is geleë in Christus. In Ef. 1:23 word die kerk genoem die liggaam van Christus. En net soos die liggaam een is, so ook Christus en só ook die kerk (1 Kor. 12:12; Ef. 4:4). Die eenheid van die kerk is primêr 'n gegewe eenheid – in Christus. Daarom is dit 'n geloofseenheid. Soos alles van die kerk 'n geloofsaak is, is ook sy eenheid 'n geloofsaak. Christus, die Wese van die kerk in wie die eenheid van die kerk lê, kan nie bloot gesien word nie (Matt. 16:17; 1 Kor. 12:3). Soos Christus geglo word so ook die eenheid van die kerk: Ek *glo* een heilige algemene Christelike kerk (Apostolicum). Omdat die eenheid van die kerk wesenlik geloofseenheid oftewel waarheidseenheid is, kon Calvyn skryf aan Saldoleto dat die "skeuring" van die Reformasie wesenlik die herstel van die eenheid van die kerk was, omdat dit die herstel van die regte leer (die waarheid) was. (Vgl. W. Nijenhuis, *Calvinus oecumenicus*, 's Gravenhage 1959, bl. 280.) Die katolositeit van die kerk is geleë in sy apostolisiteit, d.w.s. sy gehoorsaamheid aan die Woord

soos deur die apostels oorgelewer. Die kerk is katoliek omdat hy in die verskeidenheid van die volkere-wêreld kerk moet wees.
Die eenheid van die kerk is vanuit sy wese ook geleë in sy gesindheid. Omdat die eenheid van die kerk in Christus geleë is, moet ons as Christene eensgesind wees in die waarheid. Ef. 4:1, 2 en 3: "Ek vermaan julle dan ... om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede." Ons is almal van een Gees deurdronge – maak nie saak of ons Jode-Christene, slawe-Christene, heiden-Christene, Bantoe-Christene, ens. is nie (1 Kor. 12:13). Die eenheid van die kerk wat 'n gegewenheid van Christus *is,* moet dus ook in ons lewe in der waarheid beoefen word. Hierdie gesindheidseenheid is 'n geloofseenheid. Dié eenheid van gesindheid is geleë in die ware nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid, liefde, vrede, ens. Hieruit bely ons dat ons *glo:* die gemeenskap van die heiliges (Apostolicum). Daarom dat die een gelowige of die een groep gelowiges of die een gemeente of die een kerkverband, ens., die ander kan en moet help soos Paulus in Korinte vir Jerusalem (2 Kor. 8 en 9; Rom. 15:26; Hebr. 13:16; Hand. 2:42, – F.F. Bruce). Die eenheid bestaan dus deur die band van die vrede in waarheid en nie deur die band van organisasie nie (Ef. 2:14; 4:3).
Die Bybel gee nie net te kenne dat die kerk een is nie, maar beveel ook die eenheid van die kerk. Die eenheid is gegewenheid maar ook 'n saak vir gebed. Joh. 17:21: "Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het." Die eenheid van die kerk wat kom uit sy wese, en bestaan in sy gesindheid, openbaar hom ook in die eenheid van funksie en roeping. In die kerk se verkondiging van die vergewing van sondes, die wederopstanding en die ewige lewe (Apostolicum), moet daar eenheid wees van inhoud en gesindheid. Dit wil sê die vergewing, die wederopstanding en die ewige lewe wat verkondig word, moet nie dié wees wat hierdie of daardie mens,

groep, sisteem, ens. voorstel nie, maar dié wat in Christus bewerk, gegee en voleindig word.
As ons al bogenoemde in oënskou neem, behoort dit te begin deurskemer dat die eenheid van die kerk hoegenaamd nie bepaal kan word deur 'n organisatoriese eenheid nie.
Die eenheid van die kerk is 'n Bybelse feit. Die kerk ontken dit ook nie. Maar voortvloeiend hieruit lyk dit of daar by sommige 'n misverstand is ten opsigte van die sigbaarheid van die kerk of van die sigbaarheid van die eenheid van die kerk. Sommige dink die kerk is net sigbaar (dit is Rooms). Ander dink die kerk is net onsigbaar (dit is spiritualisties). Of laat ons liewers sê: Sommige dink die eenheid van die kerk is net onsigbaar en andere dink die eenheid is net sigbare eenheid. Calvyn sê baie duidelik dat die kerk se eenheid nie net betrekking het op die sigbare kerk nie maar ook op alle uitverkorenes van God onder wie se getal ook hulle begrepe is wat reeds gesterf het *(Institusie* IV, 1, 2).
Die eenheid van die kerk is wesenlik ook sigbaar. Christus kon nie gesien word nie maar Jesus wel. En Hy is een. Net soos Jesus gesien en geken moes word voordat die Heilige Gees die dissipels oortuig dat Hy die Christus is, so moet die wese van die kerk waarneembaar word in die ware prediking en sakramentsbediening. Die sigbaarheid van die kerk is rondom Woord, sakramente en tug. Die "sigbare eenheid" is egter nie gelyk aan "organisatories-ekumenies" nie.
Hulle wat vandag en hier die suiwere Woord hoor en sien, en hulle wat dit anderdag daar gehoor en gesien het, is een. Die waarneembare eenheid is nie deur één mens op een tydstip sigbaar nie. Dán sou alle Christene altyd rondom Woord en sakrament vir één mens waarneembaar op dieselfde oomblik moet vergader. Nee, die sigbare eenheid word nie bewerk deur organisasie nie, maar bestaan in die organiese lewe van die kerk.
Ook die eenheid in gesindheid is behalwe onsigbaar, sigbaar waarneembaar. Dat daar in vrede gelewe word en in liefde, in lankmoedigheid, in nederigheid soos Christus dit van ons verwag, kan waargeneem word en sal moet waargeneem word as daar in waarheid só geleef word. Maar as dit sigbaar organisatories gedemonstreer moet word, dan

het die waaragtige gesindheid nie sigself geopenbaar nie maar te kort geskiet. In daardie geval sit in die demonstrasie iets demonies! Dan wil dit 'n tekort aanvul op 'n verkeerde kant. Werklike eenheid van gesindheid in Christus sal sigbaar wees, maar dit word nie bepaal deur organisasie nie maar wel deur die organiese uitlewing daarvan. Eensgesindheid lê nie in organisasie nie maar in die waarheid. Elke steekproef moet hierdie eenheid kan bewys. 'n Massatoets is daarvoor ondiensbaar.

In die funksie op roeping van die kerk sal die eenheid ook sigbaar moet word, want as Jesus nie sigbaar gebore is, gely het aan die kruis, gesterf en opgestaan het nie, is ons verkondiging tevergeefs (1 Kor. 15:14). Net so seker die sigbaarheid van Jesus was, net so waarneembaar eenders sal die verkondiging van Jesus Christus moet wees. Dáárvoor hoef ons nie organisatories een te word met ander predikers of gelowiges, ander gemeentes, kerke, ens. nie. Maar daarvoor moet ons sorg dat ons en hulle – alle gelowiges en "kerke" – Christus in waarheid verkondig. Sodat "ons" en "hulle" en "almal" in gelyke waarheid sorg vir mekaar dra, moet juis die veelheid en afsonderlikhede vermaan en versterk word (1 Kor. 12:25). Dit is waarderende diskriminasie dat elke afsonderlike deel in sy mate organies bydra tot die groei van die kerk (Ef. 4:16).

In 'n sekere sin moet die kerk ook organisatories een wees. Nie in die sin van één organisasie nie, maar in die sin dat die veelheid en verskeidenheid van organisasies die eenheid, van die Kerk moet *dien*. Die verskeidenheid in die kerk is net soos die verskeidenheid in die skepping, nie daar ter wille van die verskeidenheid op sigself nie, maar om die eenheid te dien. Elke kunstenaar skep verskeidenheid wat diensbaar aan eenheid is.

Ook in ons kerklike organisasies moet daar ernstig na gestrewe word om die eenheid te bewaar (Ef. 4:3–5). "... So sal ons almal ... saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys" (Nagmaalsformulier).

Om met mekaar te praat en met mekaar saam te werk is organisatoriese eenwording nie noodsaaklik nie. Om met die Geref. Ekum. Sinode te praat of met die Wêreldraad

van Kerke of met die wêreld, is dit nie nodig dat ons eers ons gaan juk of aansluit of inorganiseer met die GES. of W.R.K., of die wêreld nie. As die kerk onder die Afrikaansspreken-des sê: "So sê die Here", en die (ander organisasie van die) kerk in Indië sê: "So sê die Here", dan hóór en sien die wêreld hierdie eenheid. As die kerk in S.A. die kerk in Holland aanspreek in waarheid en lg. kerk dit ter harte neem, is dit sigbare eenheid voor die wêreld terwyl 'n blote organisatoriese eenheid sonder meer, niks kerkliks tot die wêreld sou spreek nie. Sigbaarheid in die geval van die kerk is nie die waarneembaarheid van 'n organisasie nie, maar die waarneembaarheid van die ware selfverwesen-liking. Die kerk het vroeër sy stempel afgedruk op die gemeenskap waarin hy geleef het. Omdat die kerk 'n or-ganiese gemeenskap is, het die publieke gemeenskap ook organies geleef tot in ons tyd. Maar nou verander die ver-stedelikingsproses die publieke gemeenskap van 'n orga-niese na 'n georganiseerde gemeenskap. Die wesenlike van die kerk bly om organies te leef vanuit sy hart, die Woord. Vanuit die Woord van die Here groei en werk die kerk. Enige bedrywigheid van die kerk moet sekondêr en diensbaar aan die Woord wees. Die waarneembaarheid van die eenheid van die kerk is geleë in wat gehoor word van die kerk eerder as in wat gesien word. Dis die inhoud van die reformasie dat die Woord sentraal staan. "Het oor oefent een geestelijker functie uit dan het oog." (O. Noordmans, "Geloven op gezag", In: *Zoeklichten* 1949, bl. 19). Wanneer in Joh. 17 sprake is dat die wêreld op grond van die eenheid van die kerk moet kan glo, beteken dit dat daar tot insig ge-kom moet kan word oor die eenheid van die kerk uit wat van die kerk waarneembaar is. Die kerk moet dus sigbaar een wees in die sin van waarneembaar.

Die Woord van God laat ons naderkom aan die Waarheid van Jesus Christus en dit openbaar 'n groeiende eenheid onder ons (Ef. 4:15, 13). Die organisasies van ekumeniese bewegings is miskien 'n "reformatoriese" vorm van Rooms Katolisisme.

Die kerk moet dus ook sigbaar één wees. Dit is organies. Dis 'n sigbare eenheid wat van binne kom omdat die on-sigbare eenheid wesenlik van Bo kom. Die organisatoriese

met die oog op 'n sigbare eenheid is vir die kerk wesensvreemd as iets wat van buite kom.
Ons wil 'n paar moontlike redes noem waarom lidmaatskap aan ekumeniese organisasies nie so outomaties as noodsaaklik beskou moet word soos dit dikwels die geval is nie.
Daar is baie aanduiding in die Bybel dat die kerk een is, katoliek is, ekumenies is. Maar daar is geen eis om organisatories een, katoliek of ekumenies te wees nie. Die kerk is in sy wese een, katoliek en ekumenies. Die kerk is één vir sover hy Christus reg verkondig; maak nie saak uit hoeveel organisasies hy bestaan nie. Die kerk is katoliek wanneer hy niemand wil uitsluit van die sakramentsbediening soos Christus dit ingestel het; maak nie saak wat die konstruksie van sy organisasie is nie. Die kerk is ekumenies wanneer sy tug wêreldwyd gerig is. Net so min as wat die Hervormde Kerk in Suid-Afrika as organisasie verantwoordelik is vir die Woordbediening in Duitsland as die kerk (in 'n ander organisasie) dit daar doen, net so min die Hervormde Kerk in Suid-Afrika as organisasie verantwoordelik is vir die sakramentsbediening in Amerika as die kerk (in 'n ander organisasie) dit daar doen, net so min is die Hervormde Kerk as organisasie in Suid-Afrika verantwoordelik vir die tugoefening in Indië as die kerk dit daar doen.
Dáár waar Woord, sakrament en tugbediening nie plaasvind nie, of nie reg plaasvind nie, is elke organisasie sy broer (-organisasie) se hoeder. Ons is dus mede-verantwoordelik vir mekaar as organisasie om kerk te wees. Juis dáárom moet ons nie organisatories verenig nie. Die organisatoriese aansluiting met mekaar hou organisatoriese vereniging in.
Behalwe dat ekumeniese organisatoriese lidmaatskap die wesenlike ekumenisiteit in beginsel ophef soos pas gestel, is daar ook nog ander gevare. Daar is Bybelse aanduiding dat die valse kerk van die eindtyd oor wêreldwye eenheid sal beskik (Openb. 13:12). Vandag is ontdek dat "het Griekse woord 'oikoumené' ... is niet een geografisch begrip (de kerk, over de gehele bewoonde wêreld verspreid), maar het duidt zonder meer de gehele bewoonde wêreld zelf aan" (G. Zomer, *Op Weg ... Waarheen?)*. Die vraag is dus aktueel of lidmaatskap met 'n ekumeniese beweging nie diensbaar

is aan hierdie ontwikkelende wêreldkerk nie? Bring lidmaatskap nie mindere of meerdere onderlinge standpuntgebondenheid mee nie? Bring lidmaatskap nie finansiële verpligting teenoor die ekumeniese beweging mee wat uiteindelik geskenk word vir terroristiese of derglike organisasies nie?

Lidmaatskap aan 'n ekumeniese organisasie wat nog trag om Bybel-getrou te wees, is nie nodig met die oog op spanwerk of teologiese arbeid nie. Wat spanwerk betref, is geen ooreenkoms met 'n eerlike organisasie onmoontlik sonder lidmaatskap nie. Die argument dat ons nie ons self moet ag die wysheid in pag te hê nie, maar moet "dialoog" daarvoor, gaan nie op ten gunste van lidmaatskap nie. Ten eerste: "The ground rules of human discussion demand that both sides be willing to grant that they may learn from the other side, and may possibly be won over to the other side's fundamental position" (Joseph Kenny, *Reassessment of Apostolate among the Muslim,* International Review of Missions, Jan. 1970). As "ek versekerd (is) dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Rom. 8:38, 39), dan stel ek my nie op die twyfelende basis van ekumeniese lidmaatskap waar ek oorgehaal mag word na 'n "nuwe waarheid" nie. Daar waar aan my gesê word jy moet oop wees vir 'n groter of ander waarheid as Gods Woord, is die duiwel besig met sy dialoog soos in die paradys. Tweedens: Om dieselfde Waarheid van Gods Woord opnuut aan ons Kerk voor te hou, het ons die teologiese arbeid. Die teologie-beoefening in die fakulteit en bykomstig, is ons ekumeniese "lidmaatskap" in hierdie verband – of behoort dit te wees. Wanneer lidmaatskap van ongekwalifiseerde ekumeniese bewegings ter sprake is, kom soms verdere argumente by.

Een daarvan is dat ons hulle moet ken om hulle reg te kan help. Om hulle te ken, is lidmaatskap egter nie nodig nie. Toegang tot hulle studiemateriaal kan op velerlei ander wyses bekom word. Om hulle reg te help (behalwe dat sommige straks nie reggehelp wil wees nie en ook nie reggehelp kan word nie. Hebr. 6:6 e.v.), is lidmaatskap met alles wat dit

meebring, nie nodig nie. In ons moderne eeu van kommunikasie kan en moet ons boodskap by hulle uitgebring word sonder dat ons ons met hulle laat juk (2 Kor. 6). Verder lui die argument dat ekumeniese bewegings sendingveld is. Hoe ironies en paradoksaal dit ookal klink, kan dit tog waar wees! Om 'n sendingterrein te betree en ons taak dáár te doen, veronderstel egter tog nie lidmaatskap met daardie terrein nie. Daar moet weë bedink word om 'n sendingterrein te betree. En so 'n hoogs geletterde terrein soos 'n wêreldwye organisasie en so 'n bereikbare terrein soos 'n ekumeniese, bied stellig talle kommunikasieweë. Waarom sal ons nou juis die een, nuttelose en verkeerde weg kies: lidmaatskap?

As Hebr. 13:13 gebruik word, soos soms die geval is, om ons sendingtaak in die ekumene te onderstreep, moet ons dit met die nodige onderskeiding doen. In hierdie vers word die Hebreërs daaraan herinner dat hulle saligheid nie binne die laer van die Hebreërs (Joodse geloof) is nie, maar buite, daar waar Christus soos 'n misdadiger buite die stadspoort gesterf het. Die Hebreërs se verlossing lê nie in hulle Joodse geloof nie maar in die smaad wat hulle sal dra om die Joodse te versaak en Christus aan te neem. Weliswaar moet ons as ingeënte Hebreërs ook weer op ons beurt buite die "laer" van isolasie gaan en sending doen. Maar om dit te doen meen nie lidmaatskap met dié wat buite is nie. Tewens genoemde teksvers verwys nie eens na heidene wat buite die laer sou wees nie, maar na Christus! Hierdie vers kan dus alleen reg verstaan word teen sy Hebreër-agtergrond.

Soms word die argument gebruik dat Paulus tot in Rome gegaan en voor die keiser getuig het. Dit is heeltemal waar dat oral en altyd Gods Woord verkondig moet word (Matt. 28:19; Hand. 1:8; 1 Tim. 4:13, 16; 2 Tim. 4:2). Maar het Paulus aangesluit by Rome of lid van die keisershuis geword? Of is hy daarheen gesleep juis *as gevolg* van sy voortgesette Woordverkondiging op sy eie ongekompromitteerde manier?

Die argument dat as ons vertroue het in die krag en werking van die Heilige Gees, dan sal ons juis waag tot lidmaatskap, gaan geheel nie op nie. Eensdeels is die krag van die Heilige Gees genoeg om oortuiging te bring waar Hy wil, met ons

troue getuienis – sonder die "krag" van ons lidmaatskap. Anderdeels: As ons versekerd is in Jesus Christus hoef ons nie die krag van Gods Gees op die spel te plaas vir 'n moontlike "wins" na ons kant (nuwe waarhede) of na die sendingterrein se kant nie. "Jy mag die Here jou God nie versoek nie." (Luk. 4:12.)

"Dit lê nie op die weg van 'n kerk om by 'n ekumeniese beweging aan te sluit nie. Die kerk is immers eiesoortig (sui generis), van 'n ander aard as 'n gewone organisasie; dit is die corpus Christi (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21; N.G.B., art. 27–29). Omdat die kerk eiesoortig is, kan dit nie deel word van 'n organisasie met sy eie grondwet en reglement wat 'n ander karakter het en 'n eie stempel dra nie. Dit is in stryd met die presbiteriale stelsel van kerkregering ... Aan die ander kant behoort die kerk deeglik kennis te neem van sodanige ekumeniese organisasies en selfs 'n vorm van kontak te implementeer." (Prof. P.J. Coetzee, "Die Ekumeniese Roeping van die Kerk", *In die Skriflig*, Junie 1975, bl. 13).

As reformatoriese kerke moet ons erns maak met die katolositeit van die kerk, dan sal die ekumene-spook ophou dwaal. „Bowendien is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is versprei en verstrooi oor die hele wêreld; Nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof" (N.G.B. art. 27).

5. *Gelykheid en ongelykheid*

Ons is 'n volk wat deur stryd ontstaan het. Daar was die moeilike omstandighede in die Stormkaap. In die loop van ons geskiedenis het nog moeiliker omstandighede bygekom. Aardrykskundige faktore soos die afstand na Europa en afstande oor die groot oppervlakte van ons land, het 'n sterk individualiteit in ons karakter ingelê. Klimaatstoestande, van veral periodieke droogtes, het die Afrikaner gehard gemaak. Ook volkekundige faktore soos die verskil en vyandigheid tussen swart en wit, wat dikwels uitgeloop het op oorloë, het die apartheidstrewe versterk. Imperialisme van ander blanke nasies het ons uitgedryf tot die

skepping en sorgsame bewaking van 'n eie kultuur en politieke bestel. Die meeste van hierdie bedreigende faktore het ook 'n bedreiging vir die kerk of die geloof ingehou. Ofskoon ons voorouers miskien nie geleerd was nie, ekonomies onontwikkeld was en in primitiewe lewensomstandighede verkeer het, was hulle diep gelowig. Daarom het die geloofsbedreiginge hulle hul geledere laat sluit. Die leefwyse van apartheid het uitgegroei tot 'n duidelike volkspatroon. Dit is te verstane dat elke lewensvorm wat hierdie patroon bedreig, afgeweer sal word. Daarom het die begrip gelykheid in die sin van vermenging van rasse 'n byna veragtelike smaak gekry.

Die kommunisme sal natuurlik ook vermenging op die basis van gelykheid wil gebruik as dit tot die aftakeling van die Christelikheid en die volkseie kan dien. Die kommunisme kan in hierdie verband voorgestel word as 'n stootskraper. Die twee voorwiele is die liberalisme en die humanisme. Die twee agterwiele is sosialisme en imperialisme. Die masjien is verandering en sy suiers werk op en af deur die dryfkrag van die anti-Christelike brandstof. Die lem is grensuitwissing. Alles en almal moet gelykgemaak word. Jy kan nie gelykmaak deur nie te vermeng nie. Die heuwel of berg van beskawing moet ingestoot en ingeskraap word in die vallei of laagte van die laer beskawings.

Tog moet ons waak om nie blindelings die begrip gelykheid op die gehoor af in alle opsigte te verwerp nie. Die Bybel ken ook in 'n goedkeurende sin die begrip gelykheid – selfs 'n wet van gelykheid. Dit is 'n wet wat alleen deur die Christen reg verstaan en reg beoefen kan word. In 2 Kor. 8:14 lees ons: "Maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul, sodat ook hulle oorvloed julle gebrek kan aanvul en daar gelykheid kan wees." Dit gaan hier om Paulus se versoek dat die Christelike gemeente in Korinte, in hulle finansiële voorspoed van die dag, moet meedeel aan die Christelike gemeente in Jerusalem, in hulle finansiële armoede van die dag; só soos die Christelike gemeente in Jerusalem as sendende kerk van hulle geestelike oorvloed meedeel aan die sendingkerk in Korinte in hul geestelike armoede.

Ons moet daarop let dat met hierdie wet van gelykheid

daar nie 'n letterlikheid op die oog is nie maar 'n hartlikheid. Met hierdie gelykheid bedoel Paulus heeltemal opsigtelik nie 'n ongekwalifiseerde gelykop verdeling van alles nie. Gelykheid in die verhouding tot Christus – albei is Christelike gemeentes – bring mee 'n gelykheid in die verhouding tussen Christene ten opsigte van lewensmiddele. Maar hierdie gelykheid veroordeel nie die ongelykheid nie maar is bly dat daar die oorvloed by die een is. Net maar – dit moet ook tot 'n gunstige voordeel van die ander aangewend word.

'n Verdere punt waarop gelet moet word, is dat die gegewe ongelyke omstandighede vir beide 'n taak oplê tot gelykheid. Dit is waar die kerklike diakonaat sy werksterrein verkry. In Hand. 2:45 lees ons van 'n verdeling volgens wat elkeen nodig het. Hier wys dit weer eens daarna dat dit nie om 'n gelykopdeling gaan nie. Van die ryke word nie weggeneem totdat die arme net so veel het nie – maar totdat die arme se nood gelenig is. Dit word ook nie van die ryke weggeneem in die kerk nie! Die ryke géé dit uit vrye wil. Dankbaarheid eis dit in die kerk van die ryke. By die kommunisme eis die dwang dit. By die voete van die apostels is die gawes neergelê en dan is dit uitgedeel na elkeen se behoefte (Hand. 4:35). Die uitdeling vind plaas totdat in die behoefte voorsien is – nie totdat ryk en arm ewe bemiddeld was nie. In Hand. 12:12 lees ons bv. nog van individuele huisbesit deur Maria, moeder van Johannes Markus. Die wet van gelykheid is nie 'n wet van gelykopdeling nie. Dit is 'n hartlike wet – nie 'n handige wet nie! Volgens die diakensformulier, wat ook verwys na Hand. 6, is die wet van gelykheid die bestaansbasis van die kerklike diakonaat.

Die nadruk moet daarop gelê word dat die onderhawige gelykheid geld na aanleiding van die eensoortigheidsbeginsel. Die eensoortigheid lê natuurlik in die geval van 2 Kor. 8:14 nie daarin nie dat Jerusalem se gemeente Jode is en Korinte se gemeente Grieke! Maar daarin dat Jerusalem se mense en Korinte se mense in die onderhawige geval gelowiges is. Hulle is gemeente – daarom is daar gemeenskap. Want as die een lid (van dieselfde liggaam) ly, dan ly al die lede (van dieselfde liggaam) (1 Kor. 12:26). As A en B persone is wat in presies 'n eensoortige situasie ver-

keer maar C gee aan A die helfte meer kos as aan B, dan is dit verontregting, diskriminasie in negatiewe sin. Die wet van gelykheid moet hier toegepas word. Indien C egter die gasheer is van A wat die staatspresident is en B is 'n gewoontemisdadiger in die gevangenis waar hy o.a. deur uithongering gerehabiliteer moet word, dan is die twee situasies nie eensoortig nie. Indien C vir A dieselfde behandeling as vir B gee, word teenoor beide A en B gediskrimineer. Die staatspresident kry dan 'n behandeling wat vir 'n bandiet bedoel is. Of die bandiet kry 'n behandeling wat hom nie kan rehabiliteer nie. Daar moet gediskrimineer word in die positiewe sin in hierdie geval tussen A en B.

'n Vreemdeling word nie behandel soos een van jou huisgenote nie. 'n Vreemdeling wat deur 'n huwelik of deur adopsie of waardeur ook al een van jou huisgenote geword het, word nie behandel soos 'n vreemdeling nie. Die kerk behandel nie die heidene as kerk nie. 'n Heiden wat 'n Christen geword het, word nie as 'n heiden behandel nie. As ons van dieselfde bloed lewe, die bloed wat vir ons gestort is op Golgotha, dan het ons één hart waaruit ons hartlik teenoor mekaar moet lewe. So lewe die toon en die oog van een liggaam uit dieselfde hart. Maar dáárom word die oog nie neergehaal om mee te loop of die toon omhoog geplaas om mee te kyk nie!

Die wet van ongelykheid is 'n natuurlike rykdom in die skepping, waaruit die veelkleurige en menigvuldige wysheid van God bekend word deur die suiwere verkondiging van Gods Woord (Ef. 3:10). Verskille, verskeidenheid en ongelykheid, selfs op die humane vlak, blyk uit die resultate van verskeie wetenskappe soos die geskiedenis, die biologie, die genetika, die volkekunde, ens.

Ons is lief om te sê dat voor God alle mense gelyk is. Die Bybel sê ook inderdaad dat God geen aannemer van die persoon is nie (Hand. 10:34). Kleintyd het ons altyd 'n speletjie gespeel: gelyk/ongelyk. Met die hand word 'n beweging van bo af oor die gesig gemaak – dis gelyk. Die teenoorgestelde beweging is ongelyk! Dieselfde saak het albei wette – afhangende in watter rigting jy dit beskou. Van Bo is alle mense as sondaars gelyk voor God met die oog op redding. God kies op grond van sy genade wie Hy wil red –

nie op grond van menslike verskille, hoedanighede of kwaliteite nie. Maar van onder af gesien – horisontaal oor die skepping – is daar Godgeskape en deur God behoude ongelykhede tussen mense en rasse.

Een van die grootste ongelykhede tussen 'n mens en 'n mens, word gemaak deur die geloof. Die geloofsverskil maak dat ander verskille in regte perspektief kom. Die verskil tussen man en vrou, en nasie en nasie, en ras en ras, het geen effek op geloof nie. God sien nie 'n mens aan in sy geslag of ras of klas om hom op grond daarvan die voorkeur van redding te verleen nie. God sien iemand aan in genade (Gal. 3:28). In Jesus Christus lê ons redding, nie in ons geslag, ons ras of ons stand nie.

Die groot ongelykheid waarvan die geloof in Jesus Christus die middelmuur geword het, in plaas van die volksgrens van Israel (Ef. 2:14, 15), het 'n wetmatigheid van toenemendheid. In Openb. 22:11 staan: "Wie onreg doen (skade aanrig) laat hom nog meer onreg doen (skade aanrig); en wie vuil is (besoedeld is) laat hom nog vuiler (verder besoedeld) word; en laat die regverdige nog verder geregverdig word, en laat die heilige nog verder geheilig word." Dit gaan hier om die tweeledige verhouding van 'n mens tot God en tot jou naaste. Diegene wat besoedeld, onrein, vuil voor God lewe en onregverdig of skadelik vir sy naaste, word gewoonlik onreiner en onregverdiger. Daarenteen word diegene wat heilig wil leef voor God en regverdig teenoor die naaste, heiliger en regverdiger. Skuld en onreg vermeerder by die mens – hoe sien ons dit nie in die volkere wêreld vandag nie – tensy hy hom haastig bekeer, want die tyd is naby (Sag. 3:3, 4; Openb. 22:10). Goddank dat deur sy genade daar bekeringsmoontlikheid is. Dat die onheilige en skuldige erger word, word ook gesuggereer in Dan. 12:10; Ps. 69:28; Esegiël 3:27. Dat die heilige en regverdige ook toeneem in hierdie verhouding word benadruk in plekke soos Gen. 6:9; Ps. 1:6; Jes. 62:12; Jer. 1:5; Es. 20:12; Matt. 13:12.

Die geloof wat die middelmuur van skeiding is, word bedreig deur ondergrawing, stormvloed en aanslae van allerlei aard en slag. Daarom is in die kerk ook ouderlinge wat tot selfs met tughandelinge moet optree om hierdie magte

teen te gaan. Daarom sal ons in die hoofstuk oor bewaring ook oor die tug handel.
Christus is die waterskeiding. Wie na Hom toe kom, kom al nader na Hom toe. Wie van Hom af gaan, gaan al verder weg. In ons verhouding tot die Here is daar nie stilstand nie. Hy wat goddeloos is, bly nie maar net goddeloos nie, maar sonder bekering word hy goddeloser. Wie heilig en regverdig is, kind van die Here is, word deur sy genade 'n beter kind.
Christus is ons Middelaar om ons te verenig met God en ons medemens. Christus is daarom ook 'n middelmuur. Wie buite Hom bly, is vir die vuur (Ges. 64:4 – ou bundel).

4. Ons Volkshuis

1. *Maatskappykorrupsie*
Enige sterk regering is meer by magte om korrupsie in die samelewing die hoof te bied as 'n korrupte regering. Die magtige Romeinse regeerders van die bloeityd van die Romeinse republiek het wet en orde, reg en geregtigheid laat seëvier. 'n Mens dink met dankbaarheid aan die nalatenskap wat ook ons via die Hollandse en Engelse regstelsels geërf het van die Romeinse reg.
Die massafikasie van 'n super-groot maatskappy in die Romeinse Ryk het egter baie geleenthede en verleidinge tot korrupsie gebied. Traagheid in die staatsdiens het tot diefstal van tyd gelei. Selfs diefstal van staatseiendom het op groot skaal hom voorgedoen. Om dit te voorkom, moes al meer wette gepasseer word. Al meer wette het al meer amptenare geverg om toe te sien dat die wette gehoorsaam word. Al meer amptenare het al meer korrupsie gepleeg! Naderhand was die staatsdepartemente in eksterne en interne opsigte ongekoördineerd.
As 'n mens dink hoe maklik daar 'n gebrek aan koördinasie kan wees soos tussen 'n minister van binnelandse sake wat 'n uitsetbevel gee ten opsigte van iemand en 'n minister van buitelandse sake wat die uitgang weier, dan is dit maklik om vir jou 'n voorstelling te maak van hierdie verskynsel

in 'n oorgroot samelewing. Ons sukkel soms om gemeenskapsbou met 'n nuwe dorpsuitleg te koördineer met provinsiale administrasie se nuwe pad, hoeveel swaarder moet dit wees in 'n massale en korrupte maatskappy!
Die Watergate-skandaal was finansiële korrupsie deur president Richard Nixon gepleeg. Amerika het in 1776, vanjaar 200 jaar gelede, as Westerse staat tot stand gekom.
'n Mens wil nie eens dink aan dié skandaal in die administrasie van die leidende volk van die Westerse beskawing nie. Is dit nie 'n klassieke voorbeeld van korrupsie in ons tyd nie? Inderdaad herinner sulke dinge 'n mens aan die verwaandheid, roekeloosheid en verraad waarvan 2 Tim. 3:4 spreek.
Met geweld en die uitvinding van nuwe oftewel ander dinge, met ander woorde deur voortdurende veranderinge en sogenaamde noodsaaklike aanpassings (Rom. 1:30), het die Romeinse staat-in-verval probeer om veiligheid en voortbestaan te waarborg. Hiervoor moes ook militêre beplanning plaasvind. Militariste, getrek uit die Romeinse rasse, kon nie voorsien in die uiteindelike behoeftes nie. Daarom is oorgegaan tot die gebruik van huursoldate uit die onderworpe nasies. Baie van die rasegte, trotse Romeinse burgers was egter nie te vinde nie om met barbari, soos nie-Romeine genoem is, sy aan sy te veg. Baie het dan ook, eerder om dit te doen en bewus van die gevaar dat hulle Ryk verlore kon gaan, die vingers van hul regterhand afgekap. Dan is hulle medies ongeskik verklaar vir militêre diens. Hierdie onwilligheid het verder aanleiding gegee tot meerdere rekrutering van huursoldate. Die opname van barbari het 'n totale verandering in die Romeinse samelewing veroorsaak. "The profuse intermixture of race, continuing without interruption from 200 B.C. far into the history of the Empire, produced a type utterly different from that which characterized the heroes of the early republic" (Duff: *Freedom in the Early Roman Empire,* bl. 205.).
Die genoemde huursoldate is betaal met geld, goedere en grond. Die onderworpe barbari het egter steeds groter eise gestel. Stelselmatig het die nie-Romeine repe en repe van die Romeinse Ryk ingepalm totdat slegs Italië self vir die eens magtige Ryk oorgebly het. In 476 n.C. het die Ryk tot

sy val gekom deur die vreemde stamme oor wie eens regeer is en aan wie selfs goedgunstigheid bewys was. Dit is 1 500 jaar gelede. Toe kon die Romeine ook soos Jerusalem sit en ween omdat daar geen bondgenote meer is nie (Klaagliedere 1:2). Hoe maklik vergeet ons vandag ook die gebed van Ps. 108: Gee ons hulp teen die vyand, want die mens se hulp is vergeefse moeite.

Die Bybel waarsku dat die eindtyd in besondere mate sal probeer om die samelewing in stand te hou deur vermenging of bondgenootskappe. In Daniël 2 word die vyf groot wêreldryke van die geskiedenis geopenbaar. Die beeld wat koning Nebukadneser gesien het en wat deur Daniël verklaar is, het 'n hoof van goud gehad. Dit stel die destydse bestaande Babiloniese Ryk voor. Die bors en arms van silwer stel die komende Persiese Ryk voor wat daarna inderdaad gekom het. Die buik en lendene van koper was die Griekse beskawing, wat ook gekom het. Daarna het die Romeinse Ryk gekom – die bene van yster. Die laaste beskawing wat deels nog van Romeinse aard sal wees maar ook sy eie verskeidenheid van grondstowwe sal bevat ten opsigte van menslike samelewings, is voorgestel deur die voete en tone van yster en klei. Dan word daar uitdruklik gesê in vers 43: "Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het – hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie."

Vandag reeds kry 'n mens die vorming van magsblokke op ekonomiese, militêre en politieke vlakke, wat heengryp óór nasies en rasse.

Openbaringe toon ons twee gemeenskappe van eenheid. Die een is 'n geloofsgemeenskap in Jesus Christus wat ook sal uitloop op 'n omvattende sigbare eenheid van omvangryke en ewige vrede. Hierdie nuwe Jerusalem word egter nie deur mensetoedoen bewerkstellig nie (Openb. 21). So het die klip ook deur God se toedoen losgeraak, volgens Daniël, en die menslike regerings aan die voete getref. Met die wederkoms van Christus word die laaste dae en die eindtyd afgesluit en die Godsregering van eenheid en ewigheid opgerig. Die tweede gemeenskap van eenheid waarvan Openbaringe ook melding maak, is dié van Babilon

(Openb. 18). Van die toringbou van Babel af al groei hierdie eenheidstrewe. Dit bestaan uit 'n praktiese eenheidstrewe gegrond op 'n universalistiese of holistiese maatskappybeskouing (C.N. Venter, *Antikom,* Junie 1973). Die potensiële realisering van hierdie ideaal lê in die politieke poginge van, wat ons dag betref, die kommunisme.
Vermenging was die finale faktor in die desintegrasie van die eens magtige Romeinse Ryk. Vermenging van menslike gemeenskappe wat sal misluk, sal ook die finale faktor van belang wees in die eindtyd. Daartydens sal die geluid wat oor die vlaktes van Efrata, en vroeër al, weerklink het, betekenisvol blyk te wees. Die evangelie gaan uit oor die hele wêreld. Die dreuning van die klip wat in die hoogte sonder mensetoedoen losgeraak het, sal ook in die eindtyd met duideliker intensiteit verneem word deur hulle wat daarvoor ore het. Hulle wat in die geloof gesien het dat die klip weggerol is voor die graf van Jesus, sal met dankbare eerbied buig voor die berg van Godsregering wat die hele wêreld sal omvat (Dan. 2:35; Filip. 2:10).
Uiteindelik sal dit dus tog blyk dat die gelowige se weerstand teen die boosheid, en die swaar tye wat hy gevolglik moes ondergaan, nie nodeloos was nie.
Augustinus het in die vervaltyd van die Romeinse Ryk geskryf van die bloeiende stad wat nie vrugtebloeisels dra nie maar doringbloeisels. So sal ook die eindtyd, gekenmerk deur wetenskap en ontwikkeling, rooi van bloeisels wees. Maar dit sal vir die gelowige kennelik nie alleen vrugtebloeisels wees nie, maar ook doringbloeisels.

2. *Ekonomieversieking*
Ekonomiese faktore was van die allerbelangrikste in die finale ondergang van die Romeinse beskawing. Die instandhouding van die massiewe Ryk het al meer militêre operasies geverg. Die Ryk het alle soorte rasse en nasies ingesluit. Om hulle in rus en onderdanigheid te hou, asook teen gevare van vreemdelinge te beskerm, het die militêre inrigting ontsaglik gegroei. Die militêre verpligtinge het geboue, toerusting en mannekrag op groot skaal geverg. Dit het 'n tweeledige implikasie op die ekonomie uitgeoefen.
In die eerste plek is meer mannekrag uit die arbeidsmark,

wat reeds aan tekorte gely het, oorgeplaas na die militêre fronte. Daardeur het die ekonomie tot wankel gekom. Verder het die fenomenale militêre verpligting natuurlik groot somme geld benodig. 'n Staat verkry sy geld om sy verpligtinge na te kom, gewoonlik uit belastings. Belastings het die hoogte ingeskiet in hierdie laaste eeue van Romeinse bestaan. Iemand het gesê 'n mens is van niks sekerder nie as van jou lewe en jou dood, Jy kan feitlik net sê: "ek lewe", en: "ek sal sterwe". Maar 'n ander uitdrukking wat spreekwoordelik geword het, was van toepassing op die kwynende ekonomiese bestel van die Romeine: "Niks is sekerder nie as belastings en die dood".

Omdat die landbousektor die sterkste finansiële bron was, het hierdie afdeling van die samelewing al swaarder gebuk gegaan onder die oplaaiende belastings. Uiteindelik het vanaf die kleiner boere hulle plasies begin verlaat, deels omdat stedelike arbeid aanloklik was weens die algemene mannekragtekort, maar hoofsaaklik weens die belastingsdryfkrag.

Geld is vermeerder op kunsmatige wyse, dit wil sê op ekonomies ongesonde wyse. Die Romeinse silwergeld is teen die einde van die 3de eeu n.C. vervang met kopergeld wat in silwer gebad is. Pryse van verbruikersgoedere het terselfdertyd gestyg tot 200 keer die prys wat dit in die 2de eeu n.C. was. Hierdie siekte is by ons bekend as inflasie. Merkwaardig dat, soos vandag, die Romeinse staat al nie in staat was om 'n maksimum prys vir goedere vas te stel en dit te handhaaf nie.

Ekonomiese kankers vertoon die bose beeld van kettingreaksies wat die siektetoestand kompliseer. Hoër pryse verg groter salarisse. Groter salarisse bring groter koopkrag, wat opnuut hoër pryse tot gevolg het. Hierdie verskynsels, wat lei tot ekonomiese chaos en die ondergang van beskawings, ontspring in weelde en voorspoed!

In die weelderige samelewing van die Romeinse ekonomie, was dit uiteindelik slegs die rykes wat op eie nek kop bo water kon hou. Die ander moes staatshulp ontvang. Tot 'n derde van die Romeinse samelewing was hiertoe gedoem. 'n Welsynstaat maak altyd sy onderdane gewend aan die ontvangs van lewensmiddele sonder kompensasie. Daar-

deur word dankbaarheid afgestomp in ruil vir regte en eise (2 Tim. 3:2).
Geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels (1 Tim. 6:10). Ekonomiese ongesondheid in die tyd van die verval van die Romeinse Ryk, het uitgegroei tot 'n algemene betaalmiddelegierigheid en hebsugtigheid (Rom. 1:29). Só sal dit ook in die eindtyd wees. Die ekonomiese met sy behoeftes sal oorheersend word en die bottelnek vir die gelowiges. Daardeur sal hulle móét gaan om te kan leef en nie mag gaan as gelowiges nie (Openb. 13:16, 17).
As 'n mens hoor van die geweldige ekonomiese skandale wat in staatsdiens en andersins vandag in die Westerse wêreld voorkom – soms selfs by ons – word 'n mens se gedagte gedwing na Spreuke 16:18: Liewer 'n bietjie met geregtigheid as 'n menigte van inkomste met onreg.
Vandag staan die wêreldekonomie op onsekere bene, veral dié van die Westerse deel. Daar is sprake van 'n nuwe geldeenheid vir die wêreld onder kommunistiese beplanning. Die kommunistiese aanslag, en daarmee die verval van die Westerse beskawing, is vir 'n baie groot deel gebou op ekonomiese ideologieë.
Ekonomieversieking van ernstige aard en algemene omvang het die simptome van geldgierigheid, hebsugtigheid en ondankbaarheid. Dit is voorspel van 'n gewisse wegsterwe van 'n beskawing.

3. *Plesierbejag*
Die huwelik, die godsdiens en die opvoeding hoef nie vernietig te word of as sodanig veroordeel te word as hulle faktore van aftakeling van 'n beskawing blyk te wees nie. Die kind moenie met die badwater uitgegooi word nie! Verkeerde sake in genoemde instansies moet reggemaak word. Eweso is die Bybel nie teen plesier nie. Inteendeel! Die Bybel ken gesonde ontspanning. So sterk dat daar selfs met die skepping 'n rusdag geskep is en die benutting daarvan wetlik vasgelê is. Die seediere se onbesorgde spel (Ps. 104:25–28), die voëls en blomme se kommerloosheid (Matt. 6), en die spelende Wysheid voor die aangesig van God (Spr. 8:30, 31), word in gunstige lig aan die mens voorgehou. Die voedsel en drank en ander middele, selfs die Sabbat, is daar vir die

mens om met dankbare genot tot eer van God te gebruik. Die ewigheid word ook geteken in kleure van vreugde. Kerk en Bybel span dus nie saam om die mens van plesier te beroof en die samelewing van vreugde te ontdoen nie. Paulus gebruik dikwels terminologie uit die sportwêreld van boks, atletiek, stoei, ens. om geloofswaarhede tuis te bring. Daarby stel Paulus uitdruklik dat liggaamlike oefening, of kan ons sê sport wat die liggaam ontwikkel, nuttig is. Hy stel dit egter ook meteen in perspektief by wyse van 'n vergelyking met geestelike oefening. In hierdie vergelyking, sê hy, moet verreweg die voorkeur aan oefening in die godsaligheid gegee word want dit is nuttig vir hierdie lewe én daarna. Liggaamlike oefening is ook nuttig want ons liggame is die skepping van God en moet gesond gehou word tot diensbaarheid en eer aan God. Hierdie liggaamlike diensbaarheid is kortstondig omdat die liggaam verganklik is. Daarom is die hoeveelheid nut van die liggaamlike oefening maar weinig in ewigheidsperspektief (1 Tim. 4:8).

Die Romeinse spreuk wat trefkrag tot in ons tyd openbaar, *mens sana in corpore sano,* is dus nie so op sigself waar nie. As 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam te vinde is, is daar niks anders om te doen as om te sorg dat ons liggame gesond en ontwikkeld is nie. In die vervaltermyn van die Romeinse Ryk waarin daar goddeloosheid was gepaardgaande met huweliksverbrokkeling en opvoedingsverwatering, het die mens gesoek na kompensasie. Hierdie spreuk stel 'n kompensasie-filosofie. Jy hoef nie bekommerd te wees oor godsdiensverval en sedelike bederf nie. Jou geestelike gesondheid en bevrediging sal wel bestaan as jy sorg dat jou liggaam gesond is. Geestelikheid moes skuilplek vind in beestelikheid.

Die Romeinse welvaart en weelde, *pax Romana,* het verder die situasie gunstig geskep om die liggaamlike plesier of sportgenot hoogty te laat vier. Enersyds is voornoemde filosofie as regverdiging vir sportbejag gebruik. Andersyds moet sportgeleenthede as ontspanning aangebied word vir die gefrustreerde en vermoeide vanweë die ingewikkelde Romeinse samelewing. Die groeiende ontevredenheid in 'n massasamelewing het ontvlugting gesoek in sport. Die

Romeinse historikus, Gibbon, verhaal dat die Circus Maximus tot 400 000 toeskouers bevat het, of dit nou al reën of warm is! Die honger van die hele samelewing het tot uitdrukking gekom in die roep om brood en spele – *panem et circem!* Die Romeinse owerheidspersone – emperator en magistrate – het dikwels aansienlike bedrae geld aangebied aan strydwadrywers om sport te bedryf tot genot van die duisende toeskouers. Ons het ook al 'n minister van sport! Vandag het getalle sport tot iets geweldigs en soms geweldadigs gemaak. Geld het sport verplaas. Hoeveel mense kry deur sport nie meer geld as selfs ministers nie? Politiek het sport ingeneem. In sport met sy verreikende omvang, het politieke aspirante 'n hef gesien om 'n greep op uit te oefen. Sport het arbeid ingeneem. Hoe indoktrineer die massamedia ons almal nie deur kort-kort – soms selfs Maandag al – aan te kondig dat die heerlike naweek tog naby is! Dit is tog nie ter wille van die kerk op die Sondag nie! By myne, fabrieke, en aan byna alle werkgewers vra nuwe werknemers allereers wat die rekreasiefasiliteite is. Is daar 'n klub, 'n kroeg, sportterreine, 'n danssaal, ens.? Indien nie, is die werkgewer bes moontlik die potensiële werker kwyt. Daarom word hierdie fasiliteite naarstiglik voorsien. Hoevele onheil het nie al uitgebroei op die byna algemeen voorkomende werkspartytjies aan die einde van die jaar nie? Plesier en ontspanning kan ook byna nie meer opgewek wees as die vrolikheid nie deur sterk drank bewerkstellig word nie. Onlangs het 'n bekende rugbykaptein van die vyftigerjare gewaarsku dat die sosiale byeenkoms en volop drank ná sportgeleenthede van hom 'n alkoholis gemaak het.

Plesierbejag sal 'n boosheid van die eindtyd wees waaronder die gelowige swaar tye sal deurmaak. Die samelewing sal meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God wees (2 Tim. 3:4). Plesier en vreugde, die gesonde genieting of ontspanning, is ingelê in die skepping. Dit hoef nie verwyder of vernietig te word nie. Maar die wanstaltigheid, stuitigheid en stoutigheid – die ongebalanseerde plesiersug, is 'n ernstige faktor van beskawingsafbraak.

'n Mens vra jouself af in hoeverre televisieprogramme, wat hoofsaaklik saans vertoon word, die kerk sal hinder in sy

taak met huisbesoek, wat ook hoofsaaklik saans verrig word? Ons eie land word al hoe meer 'n spieël van die hele wêreld se plesiersug.

4. *Ledigheid*

Paulus skrywe dat niemand vir homself leef en niemand vir homself sterf nie (Rom. 14:7). Die bedoeling is natuurlik dat die gelowige met alles wat hy doen die eer van die Here op die oog het of altans moet hê. Die gelowige weet dus dat hy in die eerste plek in 'n verhouding tot God staan. Dit is ook seker die belangrikste saak in 'n mens se lewe: jou verhouding tot God. Tog is dit nie die enigste verhouding waarin 'n mens staan nie. Daar is nog die verhouding tot jou medemens, die skepping en jouself.

Om op te som, kan 'n mens sê dat daar vier belangrike verhoudinge is in die lewe van die gelowige wat hy positief moet uitleef. Die vraag is nou wat 'n mens se houding moet wees in elkeen van hierdie vierledige verhouding?

Die verhouding tussen my en God bepaal my houding in die ander drie gevalle. Hierdie verhouding tot God is primêr. Om die belangrikheid hiervan uit te druk, kan ons 'n vergelyking maak met Albert Einstein se relatiwiteitsteorie. Einstein het op 'n keer gesê sy teorie kan op 'n eenvoudige wyse voorgestel word. Wanneer alle materie uit die heelal weggeneem sou kon word, het sommige gedink sal daar net tyd en ruimte in die heelal oorbly. Einstein se teorie kom daarop neer dat as alle materie verwyder sou kon word, daar ook nie tyd of ruimte sal oorbly nie – want laasgenoemdes is slegs relatiewe begrippe wat ontstaan deur die bestaan van materie en hulle rangskikking. So kan ons ook 'n geestelike relatiwiteitsteorie opstel deur te sê dat alle verhoudinge tussen my en ander instansies verval, as God en my verhouding tot Hom nie bestaan nie.

God is ons Skepper en Beskikker. Hy het met die skepping van die mens die asem van die lewe in die mens geblaas. Hy het dus die mens reg voor Hom gestel met sy aangesig na God gewend. Die mens staan vanweë sy skepping in 'n posisie van verantwoordelikheid voor God. Daarom het God hom ook die gehoorsaamheidseis in die tuin van Eden opgelê. Ná die sondeval en verbreking van die positiewe

verhouding tot God, het God weer oor die eeue heen met sy roepende Woord die mens aangesê tot verantwoordelikheid. Eindelik, in Jesus Christus as Middelaar, word die verhouding tussen ons en God weer volkome herstel. Die eerste groot gebod, om God lief te hê, bepaal die regte houding in hierdie verhouding. Selfs sonder dat ons te midde van ander mense verkeer, kan en moet hierdie verhouding nog gehandhaaf word. Liefhê is om teenwoordig te wil wees by die voorwerp van jou liefde.

Die tweede verhouding waarop ons moet let, is dié tussen ons en ons naaste as medemens. Hoewel dit 'n tweede saak is en bykomstig by die eerste, is dit nie sekondêr of van minder belang nie. Die Here sê die tweede gebod wat gelyk is aan die eerste, en dus ook van primêre belang is, is om jou naaste lief te hê. God het die mens geskape as 'n medemens. Die mens is nie alleen nie maar moet mekaar help om God gehoorsaam te wees en hulle eie roeping te vervul. Juis hiervoor het God die mens as man en vrou geskape. En juis hierin het die sondeval ingegryp. Die mens was ongehoorsaam aan God. In gemeenskap met Christus deur wie ons verhouding tot God weer herstel word, word ook ons houding tot ons medemens verander van haat na liefde. Soos ons nie vir ons self leef nie maar as gelowiges leef en sterf tot eer van God, só kan ons ook vir mekaar as mense leef en, as dit nodig is, vir mekaar sterf.

Die derde verhouding is tussen elke mens en die skepping. Daarmee word bedoel dat God met die arbeidsopdrag en die heersersopdrag die mens in 'n verhouding geplaas het tot sy skepping. Ons moet die aarde bewerk, dit wil sê kultiveer, waardeur kultuur ontstaan. Ons moet die skeppingswerk bestudeer om dit te onderwerp, waardeur wetenskap ontstaan. Ons moet in die bewerking én onderwerping van die gawes van God in die skepping sigbaar én onsigbaar, materieel én geestelik, ook geleentheid vind om te rus. Ons moet ons self kan distansieer van ons arbeid om dit te geniet. Vanuit hierdie distansiëring kom 'n mate van objektivering en realisme. Die produk daarvan noem ons kuns wat bestaan uit verskillende vorme soos die toonkuns, skilderkuns, letterkuns, beeldhoukuns, ens. Elke kunstenaar is dus 'n soort filosoof wat in mindere of meerdere

mate nader of verder van objektivisme en realisme beweeg. Ons houding in hierdie verhouding tot ons taak word egter bepaal deur die feit dat ons moet weet die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here, en nie aan ons nie. Tot Sy eer moet ons leef en werk en rus.

Daar is egter 'n vierde verhouding wat myns insiens, veral in ons tyd, 'n verwaarloosde verhouding is. Dit is die verhouding tussen my en myself! Om verskeie redes waarskynlik is dit 'n verwaarloosde verhouding.

Die een rede lê in die gedagte dat daar nie so 'n verhouding kan wees nie. Om 'n verhouding tot iets te hê, moet daar afstand wees tussen die twee verhoudingsinstansies. Nou vra mense hoe daar 'n afstand kan wees tussen my en myself? Dis waar dat hierdie saak 'n bietjie onmoontlik klink. Daarom dat so baie hierdie verhouding tot hulle eie en ander se skade verwaarloos of vergeet. 'n Ander rede waarom hierdie verhouding verwaarloos word, is die gejaagdheid van ons tyd. Almal word gedryf om iets aanduibaar tot stand te bring. In genoemde verhouding is dit moeilik om so iets aan te dui en daarom word dit as tyd mors bestempel of as ledigheid.

Tog is dit noodsaaklik, veral vir ons as ouers en kategete wat met die Christelike opvoeding besig is, om 'n besef te vorm van hierdie selfbewussynsverhouding. Eintlik is dit in orde van belangrikheid 'n derde verhouding en nie 'n vierde nie. Ons stel dit maar om argumentshalwe hier in die vierde plek. Maar dat dit derde en selfs hoër geplaas moet word, blyk uit die woorde van die Here. Hy sê dat 'n mens jou naaste moet liefhê soos jouself. Jouself kom hier dus selfs vóór jou naaste! Anders kon hierdie "jouself" nie as 'n uitgangspunt geneem word met betrekking tot jou naaste nie. Die feit staan dus egter dat 'n mens jouself kan en moet liefhê op 'n Godgewilde wyse. Hieruit blyk 'n verhouding: ek kan myself liefhê, verkeerd liefhê, haat, verag, hoog ag, minder ag as andere, ens. 'n Mens kan jouself dus in 'n mate op 'n afstand plaas en na jouself kyk, jouself kritiseer, beoordeel of waardeer. Die ou Grieke het al 'n spreekwoord gehad: ken jouself! In die gelykenis van die verlore seun sê die Here dat die seun tot homself gekom het! Daar is 'n verhouding tussen my en myself. Soms is ek ver of verdwaal

van myself, buite myself. In hierdie verhouding moet 'n mens tot jouself kom en met jouself praat en met jouself besig wees. Dit beteken nie dat 'n mens met jou eie sake of belange besig moet wees nie. Daarvan het ons genoeg en dit is dikwels niks anders nie as 'n verkeerde houding ten opsigte van ons verhouding tot God, medemens en veral die skepping in die algemeen.

Om met jouself besig te wees, is om jou posisie te bepaal en te beplan ten opsigte van God, medemens en skepping. Dit is dikwels moeilik om maar net in die vaart van die daaglikse lewensdrukte hierdie bepaling en beplanning te doen. So het die verlore seun dit aanvanklik ook nie in die roetine en verpligting van die dagtaak by sy ouerhuis kon doen nie. Eers toe hy ver, verlore en byna dood was, het omstandighede hom na homself gedryf! En daarmee het hy teruggekom na sy verantwoordelikhede en homself weer tuis bevind by sy ouers en roeping.

Die vraag is nou waarom ons die jeug moet toelaat en selfs help om eers verlore te raak en dan in eensaamheid moontlik hulself te vind? Ons werk mee hieraan. Ons doen dit dikwels onder die allerbeste bedoelings. Ons gebruik selfs die mooi en treffende spreekwoord: ledigheid is die duiwel se oorkussing. Dit is waar. 'n Mens wat ledig is en bly, doen naderhand kwaad. Dit is ook sonde om ledig te wees omdat ons lui is. Nou jaag ons, om al hierdie verkeerde te voorkom, saam met die karretjie van drukte getrek deur die vurige perde van die duiwel en die wêreld. Op die ou end het jy nie tyd vir God, medemens of jouself nie. Vir wie is jou tyd dán gebruik? Ledigheid is die duiwel se oorkussing – en drukte is sy werkswinkel.

In hierdie gejaag jaag ons as ouers en opvoeders saam, wat die jeug betref. Ons sê: die jong mense moet gesonde plesier kry, sport, stokperdjies, ens. Ons moet hulle besig hou ... besig hou ...besig hou! Foei tog! Hoe meer dae hoe meer dinge en altyd meer. En tog kom daar tye dat hulle nie besig is nie, en nie meer besig kán wees nie! Wat dan? Dan is hulle nooit geleer of opgevoed om sinvol ook ledig te wees nie! Ons moenie ons jeug se tyd nét volprop nie! Hulle moet uitgelei word na waters waar rus is. Dit is moeiliker – veel

moeiliker as om hulle iets in die hand te prop om besig te bly.
Ons moet met onsself kan klaarkom; met ons ledigheid kan klaarkom. Ledigheid moet omskep word tot die sinvolle geleentheid hiervoor.
In hierdie omskepping van ledigheid tot geleentheid speel die erediens 'n groot rol. So ook goeie leesstof, gesonde kuiergeleenthede en natuurlik die hele opvoedingsproses. Sinlose ledigheid is 'n leë ledigheid wat in ons tyd al meer bemerk word met sewe duiwels wat erger is as die outydse ledigheid (Matt. 12:45). Die baie masjiene en tegniese uitvindsels van ons tyd het groot tye van ledige oomblikke geskep omdat die mens van tradisionele funksies beroof word. Hierdie ledigheid moet sinvolle geleentheid word deur dit te gebruik om tot jouself te kom.

5. *Arbeid*
Arbeid is nie 'n bedreiging nie maar word bedreig. Arbeid is bewaring en uitbouing van jou eie lewe, jou huis, die volkshuis en die Huis van die Here. Die Here bewaar ons ook daarmee dat ons werk. Daar is egter 'n paar houdings teenoor arbeid wat 'n al groter bedreiging word.

i) Arbeidshouding
Al die eeue maar het 'n mens seker die verskynsel van luiheid onder sommige mense aangetref. Die Spreuke-digter gee skerpe teregwysings van hierdie houding: "Hy word arm wat met 'n trae hand werk, maar die hand van die vlytiges maak ryk" (Spr. 10:4). Die luiaard word tot verantwoording geroep en tot skaamte gedwing met die woorde: "Hoe lank, luiaard, sal jy bly lê, wanneer sal jy opstaan uit jou slaap? Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou om uit te rus! So kom dan jou armoede soos 'n rondloper en jou gebrek soos 'n gewapende man" (Spr. 6:11). Die goeie en bekende advies aan ons is: "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys" (Spr. 6:6). Ook Paulus spreek een van die hardste oordele uit oor 'n luiaard: "As iemand nie wil werk nie moet hy ook nie eet nie" (2 Tess. 3:10). As iemand nie eet nie, sterf hy natuurlik. Dit weet Paulus! Dit word vertel dat in die grondwet

van die kommunistiese Rusland daar ook geskryf is dat iemand wat nie werk nie, nie mag eet nie. Tog is daar 'n groot verskil tussen wat Paulus sê en wat die kommunisme sê. Die verskil lê in die agtergrond van die twee uitsprake. Die agtergrond van Paulus se uitspraak sal ons later in oënskou neem. Die kommunistiese agtergrond is die gedagte dat 'n mens deur arbeid alles op die aarde kan bewerkstellig, selfs 'n vrederyk. Daar is ook 'n verskil in die inhoud self van wat Paulus sê en van wat die kommunisme sê. Paulus sê dat as iemand nie *wil* werk nie, en die kommunisme sê dat as iemand *nie werk nie*. By eersgenoemde gaan dit om luiheid. Die Christendom veroordeel luiheid. Die kommunisme werk egter in die rigting om alle nie-werkers, of dit nou weens luiheid, ouderdom, krankheid of wat ook al is, te elimineer. Dit is onbarmhartig. Tog moet ons onthou dat 'n volk se rykdom nie in sy goud lê nie maar in sy arbeid. Daar lê volgens die Bybel ook 'n groot vreugde in die arbeidsloon (Pred. 5:11; Matt. 10:10; Luk. 10:7; 1 Tim. 5:18). In Ps. 128 sing ons ook:

Die arbeid van sy hande
sal hy met vreugd' geniet
wanneer die koringlande
met seën hul opbrings bied.

Teenoor die luiheid, kry ons die ander uiterste, slawerny. Ook hierdie saak kom oor groot tydperke van die mens se geskiedenis voor. In die vroegste eeue, voor Christus se geboorte al, het al die groot imperialistiese nasies in mindere of meerdere mate slawerny met hulle onderhoriges beoefen. Dink maar aan die Egiptenare oor Israel. Slawerny het onmenslike behandeling tot gevolg gehad. In die Middeleeue, en tot selfs in die vorige eeu in ons land, is slawerny beoefen. Vandag bestaan dit in die beskaafde deel van die wêreld nie meer nie. 'n Eienaardige neiging word in die beskaafde wêreld opgemerk. Dit is die selfbeoefening van slawerny. Hiermee bedoel ons die verskynsel dat 'n mens vanself feitlik dag en nag elke dag van die week, maand in en maand uit, sonder rus of verposing, swoeg en sweet. Hierdie uiterste houding teenoor arbeid waar dit jou

filosofie is om te werk tot jy dood neerslaan, is ook gegrond op 'n verkeerde uitgangspunt. Om van jouself 'n Egiptenaar én 'n Israeliet te maak wat net dryf en swoeg, is waarskynlik een van die oorsake in ons gejaagde en drukke program, wat veral vaders afmaai met hartaanvalle in die fleur van hul lewe. Arbeid is nie die hoogste doel in die lewe nie. "Die seën van die Here – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie" (Spr. 10:22; Ps. 127:1, 2). Die Here waarsku ons dat die soeke na die koninkryk van God belangriker is as werk. Arbeid is nie die hoogste prioriteit nie. Om skatte bymekaar te maak op die aarde, is 'n verganklike bedryf (Matt. 6:19, 33). Die kind van die Here se skat en hart – want dié twee is altyd bymekaar – is in die hemel (Matt. 6:20; Kol. 3:1, 2). Die gelowige word vermaan dat die geldgierigheid die wortel van alle euwels is (1 Tim. 6:10), en dat ons uit dankbaarheid en nie deur begeerlikheid nie (10de gebod), moet leef (Jak. 5:3).

Hierdie twee hoofhoudings teenoor arbeid, luiheid en selfslawerny, kan ook anders gestel word. 'n Luiaard is sy eie god. Hy dink hy beskik self oor sy tyd, kragte en talente. Aan die anderkant weer het die selfslaaf se arbeid sy god geword. Sy arbeid beskik oor sy tyd, kragte en talente. Tussen hierdie twee uiterstes, kry 'n mens nog verskillende variasies van houdinge tot arbeid.

Na die kant van die selfgod, kry 'n mens die ou Oosterse algemene houding van meditasie. Dit is sekerlik nie verkeerd om denkarbeid te verrig nie of om oordenkend in die lewe te wees nie (Luk. 10:39, 42). Maar om 'n hele lewe van arbeidlose meditasie te lei, is net so sleg as om jou arbeidtalente in 'n doek toe te draai en te begrawe (Matt. 25:18; Luk. 19:20).

Onder die vroeë Christene het daar ook in 'n sekere mate 'n negatiewe houding teenoor arbeid na vore gekom. Dit was 'n houding wat ons kan plaas na die kant van die arbeidsgod – as 'n weerstand daarteen. Omdat die Christene al hul hoop en verwagting op die Here geplaas het en sy wederkoms gou verwag het, het hulle hul onttrek aan arbeid. Arbeid het vir hulle nutteloos blyk te wees in die aangesig van die wederkoms. Daarom het baie hulle eiendom verkoop (Hand. 2:45), en baie het ook in Jerusalem verarm

(Hand. 6:1; 2 Kor. 8:2). Daar is ook nog 'n ander rede waarom Christene, veral uit die Griekse wêreld, afkerig gestaan het teenoor sekere vorme van arbeid. Die Grieke was, soos die Romeine, geneig om hande-arbeid soos bouwerk aan onderhoriges of slawe oor te laat. Die Grieke in Atene het baie graag op die markplein rondgestaan om te filosofeer en te spekuleer (Hand. 17:21). Hulle opvatting was dat 'n edele Griek 'n vryman is wat nie hande-arbeid soos onderhoriges doen nie. Nou bestaan die gevaar dat Grieke wat Christene word, of enige mens wat hierdie algemene Griekse opvatting het en wat 'n Christen word, kan dink dat die Christelike vryheid (Joh. 8:36) 'n arbeidsemansipasie inhou. Daar was dus Christene, veral in die Griekse wêreld van Tessalonika, wat ook neergesien het op sekere soort werk. Paulus wys dan in 2 Tess. 3:10 die onthouding van arbeid in die algemeen af, en in 1 Tess. 4:11 wys hy arbeidsdiskriminasie af: "(julle moet) met julle eie hande werk, soos ons julle beveel het."

Geen werk moet met geringskatting bejeën word nie. Is dit nie een van die groot foute wat ons ook in ons land gemaak het en nog maak nie? Sedert Jan van Riebeeck het baie van ons 'n houding van meerderwaardigheid teenoor ongeskoolde arbeid. Ons dink sekere arbeid is vir ander mense of rasse bedoel. Hierdie beskouing was een van die oorsake van die ondergang van die Romeinse Ryk, want die Romeine het al meer gesteun op onderhoriges. Indien ons witmense nie bereid is om ons werk self te doen nie, kan ook ons volk in groot gevaar verkeer. Daar is net een soort werk wat geminag moet word. Dit is enige werk wat bots met die norme van Gods Woord. Omdat dit bose werke is, mag niemand dit doen nie. Voorbeelde hiervan is aggressiewe oorlogsvoering, imperialistiese politiek, abortiewe aktiwiteite, dwelmhandel, ens. Hierdie bose werke is liggaamlik en geestelik aftakelend en bots met die wet van die Here.

Hemelse boodskappers het ná die hemelvaart van Christus die Christen van die lewenshouding van stilstand en hemelaanskouing weggestuur om toegerus te word om op die aarde arbeid te verrig (Hand. 1:5, 11, 12). Arbeidsaam moet ons wag op die wederkoms.

ii) Arbeidsoorsprong

Saam met onder andere die huwelik en die Sabbat, kom arbeid uit die paradys (Gen. 1:28; 2:15). God is die eerste arbeider. Dit is nog 'n verdere rede waarom arbeid nie geminag mag word nie. Dit wys ook die dwaasheid uit van luiheid. Die luiaard maak asof hy sy eie god is om te maak soos hy wil deur nie te wil werk nie, terwyl God nie soos die luiaard maak nie. Die Here werk. God is Skepper. Is dit nie van menslike kant gesien 'n ontsaglike werk nie? (Ps. 111:2.) Hierdie werk het God gedoen deur Sy woord te spreek (Gen. 1:2e.v.: Ps. 133:6). Die Here laat vaar nooit, soos 'n mens, die werk van sy hande nie (Ps. 138:8). Hy gaan voort om die skepping te onderhou en te regeer (vergelyk die Heidelbergse Kategismus Sondag 10, oor die voorsienigheid van God). 'n Wyse van onderhouding van die skepping van die mens wat in sonde geval het, is die herskepping of verlossing wat in Jesus Christus plaasvind.

Die herskeppende werk, waarna ons hier bo verwys het, hou die ondeurgrondelik lewensarbeid in van Jesus as mens op aarde. Was dit nie vir hierdie moeite en sweet soos bloeddruppels in Getsémané (Luk. 22:44) en uitputting en dood op Golgotha nie (Matt. 27:32, 50), sou óns arbeid en lewe volkome sinloos gewees het. Jesus sê dan ook dat dit sy voedsel is om die wil te doen van Hom wat Jesus na die aarde gestuur het en om sy werk te volbring (Joh. 4:34). Selfs die rusdag (Gen. 2:3) het vanweë die sondeval in die gedrang gekom. Daarom sê Jesus op die sabbat: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook" (Joh. 5:17). Omdat die Here egter toe die dag en geleentheid daar was (Joh. 9:4) die verlossingswerk volbring het (Joh. 19:30), kan ons weer die rusdag in die oorspronklike sin beleef.

Die wesenlike van arbeid, net soos dié van rus, moet dus teruggevoer word na die paradys. Vóór die sondeval al het die Here die mens die opdrag tot arbeid gegee. Ná die sondeval het die moeite, die sweet, die las en die vloek oor die arbeid gekom. Moeite, pyn en dorings het deel van die arbeid geword (Gen. 3:17, 18, 19). Geen wonder nie dat die Griekse woord vir arbeid, *ponos,* en ook die Latynse woord, *labor,* die bygedagte van moeite het.

In gemeenskap met Jesus Christus wat die vloek van ons

sonde weggedra het (Gal. 3:13), word die las van ons arbeid vervang met lus en vreugde. In Christus word ons navolgers van die groot Arbeider en vervul ons ook só ons skeppingsroeping om beelddraers van God te wees (Gen. 1:27).

iii) Arbeidskwaliteit

Ons het reeds bemerk dat geen goeie arbeid geminag moet word nie. Tog is daar 'n sekere spesifieke benadering wat ons moet openbaar in ons arbeid. Ons moet ons arbeid nie benader asof dit iets is waarteen ons ons arbeidskragte moet verslyt nie. Arbeid is nie 'n reus wat neergevel moet word nie. Arbeid is nie maar sonder meer brood en botter nie. Die kwaliteit geesteskrag wat ons omwerk in arbeid bepaal die kwaliteit van ons arbeidsaamheid. Met watter geesteskrag moet die arbeid verrig word? Nie met die onmoed van 'n redelose geeslose dier nie en ook nie met die oormoed van 'n selfgewaande god nie. Ons arbeidskwaliteit moet iets openbaar van arbeid as 'n koninklike, profetiese en priesterlike taak.

Die mens het opdrag gekry om die skepping te onderwerp en daaroor te heers. Dit is 'n koninklike taak: "Onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:28). Die outydse wêreldbeskouing was 'n drieledige: die hemel, die aarde en die onderwêreld. In hierdie teks verteenwoordig voëls die hemel – die makrokosmos; die diere verteenwoordig die sigbare wêreld om ons – die kosmos; die visse verteenwoordig die onsigbare skepping – miskien kan ons sê die mikrokosmos. Die hele skepping is dus die arbeidsterrein van die mens. Nie net die aarde nie, maar ook die hemelliggame. Nie net die gewone sigbare wêreld nie maar ook die mikroskopiese en mikrokosmiese. Dit was egter nie die bedoeling dat die mens só oor die skepping moet heers en dit aan sy voete moet onderwerp asof hy 'n god is nie. Dit was sondeval vir die mens om deur 'n vergryp en ongehoorsaamheid soos God te wou word (Gen. 3:5). In plaas van om oor die skepping heersend en onderwerpend in gehoorsaamheid arbeidsaam te wees tot eer van God (1 Kor. 10:31), het die mens sy eie eer voorop gestel. Hy wou heers oor alles soos hy wou, en het daarom ook sy be-

skikking uitgebrei oor die verbode boom in die paradys. Imperialisme is in die sondeval gebore. Maar die gevolg was die teenoorgestelde van die verwagting. In plaas dat die mens oor die skepping heers, het die skepping toe oor die mens begin heers! Dorings wat hom steek, moeite en sweet wat hom uitput, smarte waarmee sy lewe voortgang het. Merkwaardig dat die Bybel rondom die sondeval en daarna, beelde gebruik van diere wat oor die mens heers, die slang (Gen. 3:1, Openb. 12:9), die vier diere van Daniël (Dan. 7), die diere van Openbaring 13, die seediere (Ps. 74: 12–140 Jes. 27:1), ens. Die skepping heers oor die mens. Met moeite vorder die mens in sy wetenskap om 'n stukkie van die natuur te onderwerp, dan wis die produk van sy arbeid – soos die atoombom – die arbeider self uit. Die een vloedramp of droogte, die een pes of trombose, by hulle duisende in verskeidenheid, toon die mens aan as 'n kroonlose koning. Jesus Christus wat geweier het om 'n eerlose koning te word (Luk. 4:5–8), het Hom as die Koning betoon toe Hy geheers het oor die golwe van die see en die wind, die plante, die visse en die diere, ens. (Matt. 14:32; Luk. 8:25; Matt. 21:19; Luk. 5:5, 6; Matt. 17:27; Joh. 21:6; Matt. 21:2; ens.). Christus is die Koning (Luk. 1:33; Dan. 7:14, 27). Hy het die dood oorwin en die magte van die bose onderwerp (Kol. 2:15). In Christus kan ons, saam met Johannes op Patmos, sê dat die see daar nie meer sal wees nie, ook nie dood of droefheid en geween nie (Openb. 21: 2, 4). Daar kom die tyd dat die chaosmagte totaal vernietig sal word (Openb. 20:10, 14). Dan sal ons waarlik voluit konings wees (2 Tim. 2:12; Openb. 20:6).

Arbeid moet ook 'n profetiese kwaliteit openbaar. Dis oorspronklike en ware profesie om die Goddelike wil in te dra in die skepping in, deur die gehoorsaamheid aan God se Woord om die skepping te bewerk (Gen. 2:15). Ware, Godvererende kultuurvorming of bewerking van die natuur, het skeef geloop met die sondeval. So het die historiese profetisme ontstaan waardeur God die sondaar roep tot bekering. Die roepstem van die Here aan 'n sondige mens het reeds in die paradys begin (Gen. 3:9). Dis immers die eerste vraag in die Bybel. En as ons dit die primêre vraag aan ons self en aan ons naaste maak in die lig van die Bybel,

is ons besig om basies die profetiese taak te vervul. Vóór kultuurvormende werksaamheid, vóór arbeid, het die profetiese taak om die koninkryk van God te soek nou 'n prioriteitsaak geword – vanweë die sondeval. Die Godsheerskappy het soek geraak by die mens. Eers wanneer die wil van God op ons harte geskrywe staan, sal die huidige profetiese taak vervul wees: "Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op in hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die Here; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here ..." (Jer. 31:33, 34). Christus het ons groot Profeet geword (Hand. 3:22; Deut. 18:15). Jesus se optrede is die profesie dat die bose magte in die onderwêreld of verdoemenis gewerp sal word (Luk. 8:31; vgl. ook Matt. 24 en 25). Vir die huidige moet ons dus in alles so arbei dat dit 'n profetiese oproep inhou aan elkeen om alles te onderhou wat die Here ons beveel het (Matt. 28:19). Kultuurvorming of bewerking van die natuur, moet heenwys na Christus wat die wil van God gehoorsaam was en God nie versoek het om van die tempeldak neer te daal na die aarde nie (Luk. 4:9–12). Jesus het Hom op die natuur en die fisiese wette nie in ongebondenheid losgelaat nie. Hy het Hom laat inbind in menslike natuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet (Gal. 4:4). Op hierdie gebonde wyse, tot die dood, het Hy ons vrygemaak van die natuur van sonde om kinders van die Here te wees (Gal. 4:.5). Ons arbeid moet kultiverend-profeties heenwys na die wederkoms van Christus en die nuwe aarde.

Die priesterlike kwaliteit van ons arbeid lê in die konservering of bewaring van die gegewe lewensterrein. In die paradys word aan die mens die opdrag gegee om dit te bewaak (Gen. 2:15). Hierdie bewaking moes plaasvind sodat Sataniese vernielsug nie met slangelis ingesluip kom nie. God wil nie sy handewerk vernietig hê nie, maar beheer en bewerk hê. Hy wil ontwikkeling en kultuur hê. Die oorspronklike priesterlike taak sou ons dan kon kwalifiseer as 'n behoudende taak. Die mens het gefaal in sy bewaringsroeping en geval in sy arbeidstaak. Die sondeval het die plundering van 'n verbode boom meegebring, die ver-

woesting van die mooi en goeie verhouding tussen mens en God en mens en mens, die vernietiging van 'n menselewe, Abel, en die verlies van die paradys. Nou moes die historiese priesterdom na vore kom sodat God op hierdie wyse die breuk en gebreke kon oorbrug. Telkens moes bloedige offers gebring word waardeur diere ens. vernietig moes word, sodat God daardeur die onbewarende mens kon bewaar. Christus het die laaste bloedige offer gebring in 'n bewarende selfvernietiging, en só as ons Hoëpriester die mens-van-die-breuk en die mens-van-die-sonde geheel en gered (Hebr. 5:6; 7:25, 26, 27). Hy het dit nie gedoen deur 'n vergryp om van klippe brode te maak nie (Luk. 4:4), maar om van Homself die brood van die ewige lewe te maak (Joh. 6:33, 35). Na dié groot bewaringsdaad van Jesus aan die kruis, wys sy priesterlike lewe en al die genesings (Matt. 8:13, 15; 9:22; 25; 29; 30; 12:13; 15:28; ens.), voeding (Matt. 14:20; 15:37; Joh. 21:9; Matt. 26:26–28; 1 Kor. 11:23–29; ens.), opwekkings (Joh. 11:43; Luk. 7:14; 8:54), ens. Daarom kan óns arbeid 'n lewende liggaamlike offer wees (Rom. 12:1) waardeur die Heilige Gees die goeie bewerk, bewaar, vermeerder en versterk (Ges. 149:1 van die ou bundel).
Die kwaliteit van ons arbeid moet dus, ineengenome, onderwerpend-dienend en bewerkend-bewarend wees in gehoorsaamheid aan God.

iv) Arbeidskwantiteit
Die hoeveelheid arbeid wat ons moet verrig, word 'n aktuele saak in ons dag. Juis omdat arbeid in sigself met moeite en opoffering gepaard gaan, is die mens geneig om al minder te wil werk. Die hoeveelheid arbeid word soms op elke moontlike plek ingekrimp. Kommunikasiemedia is dan ook lief om die naweek op te hemel – nie omdat ons dan weer kerk toe kan gaan nie, maar omdat dit 'n sogenaamde lekker niksdoen-tyd is. Lang naweke is in aanvraag. Groter salarisse is slagspreuke.
Langenhoven het gesê 'n mens kry twee soorte arbeiders. Die een werk vir sy loon, die ander word beloon vir sy werk. Die een hou sy oog op geld, die ander op arbeid. Eersgenoemde help inflasie aan. Laasgenoemde is 'n edel man.
Die vierde gebod sê dat ons ses dae moet arbei. Wie sewe

dae arbei, se baas is 'n Egiptenaar. Wie minder as ses dae arbei is self 'n Egiptenaar! Dis nie die staat wat bepaal hoeveel ons moet werk nie. Sou dit die geval wees, neig daardie staat na die sosialisme en kommunisme. Indien ons eie begeertes die hoeveelheid van ons arbeid bepaal, word ons diensbaar aan die kapitalisme. Die hoeveelheid arbeid is ál die werk wat 'n mens in ses gewone werksdae elke week kan afhandel. Die nodige nagtelike rus en daaglikse verposings is menslik en normaal. Ook vakansietye as tye nie van ledigheid nie maar van veranderde aktiwiteit, is sekerlik te regverdig, alhoewel die Bybel min van vakansies praat! Die vroeë aftredes van ryk mense wat dan sogenaamd nie meer nodig het om te werk nie, is nie geregverdig as daardie aftrede 'n arbeidloosheid meebring nie.
Die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2), is 'n toerusting aan die kerk sodat die gelowige sy dienwerk kan verrig (Hand. 1:8). Hierdie dienswerk is nie maar 'n geïsoleerde getuienistaak nie maar 'n geïntegreerde lewenstaak. Die vroeë Christene se martelaarskap (ook die woord vir *getuienis* in Grieks) was dikwels hulle lewenstaak. In al ons arbeid moet ons kind van die Here wees. Daarvoor het ons die krag en leiding van die Heilige Gees nodig. Buitestaanders het van die Gees-vervulde Christene op die pinksterdag gesê: Hulle is dronk (Hand. 2:13). Dit was natuurlik nie waar nie. Só sal 'n Gees-vervulde arbeider steeds die buitestaanders dronkslaan. Arbeid bloot op 'n kompetisiebasis is verkeerd (Pred. 4:4).

v) Arbeidsdoel
Die vraag kan gevra word, wat van al die arbeidsproduksie moet gebeur indien elke arbeider inderdaad die hoeveelheid werk moet lewer, soos hierbo gestel.
Die eerste doel van arbeid lê sekerlik in die versorging, behoud en opbou van die persoonlike lewe en dié van die gesin. Daar word vertel dat die Puriteine wat Amerika met die Westerse beskawing uit Engeland bevrug het, as streng gelowiges hard gewerk het. Maar hulle het verkeerdelik geglo jy mag nie in die lewe genietinge ervaar nie (1 Kor. 10:30). Daarom het hulle besittings deur arbeidsomvang en genotsverbod opgehoop. Dit het op die lang

duur tog twee voordele ingehou. In die eerste plek is van tyd tot tyd groot skenkings deur hierdie ryk mense gemaak om die sending oral in die wêreld te bevorder. Tweedens het hulle bygedra tot die ontsaglike rykdom wat Amerika later ondervind het en wat hom in staat gestel het om leier van die Westerse wêreld te word.

Die huweliksformulier en die diakensformulier sê beide dat ons moet arbei om iets vir die nooddruftiges te kan meedeel. Dit is deel van ons goddelike beroep om vir ons medemens te werk (Ef. 4:28). Die voortgang van die evangelie in die wêreld vereis baie middele. Daarom moet ons werk met die doel dat die kerk uit ons dankoffer kan voortgaan (1 Kor. 9:1–14; 1 Kor. 16:1; 2 Kor. 9:5; ens.). Wanneer vanweë ons arbeid ons eie huis goed versorg is, ons volkshuis goed versorg is, (Matt. 22:21; Rom. 13:6, 7) en die huis van die Here goed versorg is, dan het ons die eerste doel van arbeid verwesenlik.

Die tweede doel lê in lewensbevrediging. Die mens is geskape en bedoel om arbeider te wees, soos ons voorheen reeds duidelik gemaak het. Indien die mens dan nie voldoende arbeid in die regte gesindheid verrig nie, kom frustrasies na vore. Al die verskynsels van dwelmverslawing, opstand en rewolusie, is simptome van 'n moderne leefwyse waar ledigheid toenemend bestaan. Ledigheid is nie lewensbevredigend nie. Die arbeider se slaap, sy rus en sy ledige uurtjies is soet (Pred. 5:11). Die ledige se lewe is onrus en bitter.

Die derde doel van arbeid lê in sy ewigheidswaarde. Ons arbeid in die Here is nie tevergeefs nie (1 Kor. 15:58). Dit is sinvol om vir volk en vaderland, vir huis en haard en vir kerk en koninkryk te arbei, omdat alles nuut gemaak word. Hierdie bedeling gaan wel verby (Openb. 21:6), maar dit gaan nie verlore nie. Die Here maak alles nuut (Openb. 21:5). Die eindoordeel geskied volgens ons werke (Openb. 20:12). Ons arbeid in gemeenskap met die Here word nie vernietig nie, maar wonderbaar behou tot in ewigheid.

Die eksterne doel van ons arbeid wat bo oor alle nutsoorwegings uitstaan, is die gehoorsaamheid aan God wat ons beveel om te werk. Die adel van arbeid lê in die eer aan God.

6. *Drie grondsuile*

Ons volkshuis is 'n komposisie van drie komponente. Mooi musiek vir elke Afrikaner. Ons huis staan op drie grondsuile. Die hele struktuur van ons volkseie word hierdeur opgehou. En hulle is ingesink op drie hoekstene.

Die eerste hoeksteen van ons volksidentiteit is gelê met die aankoms van ons volkstigter op 6 April. Op Sondag, 7 April 1652, het Jan van Riebeeck voet aan wal gesit. As blanke Protestant het hy gebid vir die uitbreiding van die Calvinistiese geloof onder barbare op hierdie kontinent. Hy het gekom om 'n stasie te stig maar God het 'n nasie op die oog gehad. God het nie die Strandloper, Boesmans, Hottentotte, Spanjaarde of Portugese of ander wat almal die een of ander tyd in Suid-Afrika gekom het, gebruik vir 'n volksplanting nie. Miskien sou so 'n volk groter en ryker of beter gewees het as ons s'n, of slegter. Maar God het gewil dat 'n Calvinistiese blanke Nederlander ons volksplanter sou wees. Die historiese venster het die klip van Roomse geloof wat voortyds was en dié van die Engelse imperialisme wat natyds was, laat wegspat of vermolm. Soos met die ruimtereise, was die veilige volkslanding dié een wat met die regte historiese hoek op ons suiderland neergekom het. God het dit beskik. Blankes het in Noord-, Oos-, en Wes-Afrika ook kolonies gestig. Daarvandaan moes hulle mettertyd weer vlug na 'n eie vaderland. In die Suide het God beskik dat die blanke stasie sou uitgroei tot 'n blanke nasie wat nêrens anders 'n vaderland het nie. Die eerste hoeksteen van ons volksidentiteit is dus hoofsaaklik sy blankedom teenoor die nie-blankedom.

Die tweede hoeksteen is gelê op Sondag, 16 Desember 1838. Hierdie steen het reeds sigbaar geword met die Calvinistiese volksplanting. Maar rondom die Groot Trek het dit duideliker as fondamentsteen van ons volksgebou begin word. Op 8 Desember 1838 het die Voortrekkers 'n gelofte aan God gedoen by Danskraal. Weer 'n gebed dus vir bestendiging van die Christendom teenoor 'n moordlustige barbaredom. God het geantwoord op Sondag, 16 Desember 1838. Dis simbolies dat juis hierdie slagveld aan een van ons Afrikaanse kerke behoort. Waar Piet Retief vermoor is, staan vandag ligbakens van die Christelike kerk. Die tweede

hoeksteen van ons volksidentiteit is die Christendom teenoor die heidendom. Die derde hoeksteen is gelê op Sondag, 27 Februarie 1881. Ook hierdie steen was 'n gegewenheid reeds met die Nederlandse volkstigter. Maar as hoeksteen het dit duidelike neerslag gevind in die vryheidsoorloë. Op 8 Desember 1880 het die Boerevolk nogeens gebid. Dit was 'n gelofte aan God by Paardekraal wat per implikasie 'n vraag was of God ons volk as blanke, Christelike, Afrikanerdom gehandhaaf wil hê. Die antwoord was "ja" met die oorwinning op Sondag 27 Februarie 1881 te Majuba. Die derde hoeksteen van ons volksidentiteit is die Afrikanerdom teenoor 'n vreemdedom. So kry ons Van Riebeeckdag (6 April), Geloftedag (16 Des.) en Majubadag (27 Febr.).

Verder is dit duidelik dat die God wat ons só gelei het en hierdie gawes van identiteit geskenk het, as Gewer saam met sy besondere gawes, deur ons behou moet word. Hy het die Afrikaneridentiteit aan ons gegee in die loop van worstelinge op 'n bepaalde stukkie van hierdie aardbol. Ook daardie besondere gebied vir sover dit wettiglik ons land geword het, is dus "erwe" wat behou moet word.

Ons wil nie beweer dat ons volkswording "gekanoniseer" is nie, dat ons slegs by Christelikheid, blankheid en Afrikaansheid moet stilstaan nie. God kan 'n vierde hoeksteen of meer laat byvoeg. Maar ons weet wel dat dit nie kan geskied sonder die behoud van eersgenoemde drie nie. Indien dit wel geskied sonder genoemde behoud, sou ons 'n identiteitsverandering ondergaan en dan is ons nie meer ons nie.

Veranderinge in ons volkslewe, normaal veroorsaak deur die tand van die tyd soos verstedeliking, tegnieke, ens., wat nie ons Christenskap, ons blankeskap en Afrikanerskap op hierdie bodem onder Gods son omverwerp nie, is nie ons grootste vyand nie. Maar die dinge wat ons Christenskap bedreig – goddeloosheid, kerkloosheid, geloofsvervlakking, Sondagsontheiliging, gesagsaftakeling (permissiwiteit), moord, huweliksverbrokkeling, diefstal (van tyd, byvoorbeeld, wat grotendeels inflasie veroorsaak), valsheid, pornografie, ens., moet teengegaan word. So ook die dinge wat ons blankeskap bedreig of belemmer – die vermengings-

gees. En die internasionalisme, pan-afrikanisme en dergelike wat ons Afrikanerskap bedreig.

Ons moet ons geloof behou, ons blankheid behou, ons Afrikaansheid behou, ons land behou – ons trots behou. Ons moet met dankbare trots weer praat, sonder skroom of verskoning "van *my* land en *my* volk en *my* taal" – aldus Prof. S.P. van der Walt (*Referate,* Kommunisme).

Deur die genade van God is ons wat ons is (1 Kor. 15:10) – Christen, Blanke, Afrikaner.

Die Bybel roep ons op om deur afsondering van die verkeerde invloed, ons Christenskap te bewaar, en ons roeping te vervul.

Waarom bid ons "lei ons nie in versoeking nie" (Matt. 6:13), indien ons ons nie wil afsonder van die versoekings nie? "Ons kan nie deel aan die tafel van die Here en ook aan die tafels van die duiwels nie" (1 Kor. 10:21). "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?" (2 Kor. 6:14). "Ek sit nie by valse mense nie, en met slinkse mense gaan ek nie om nie." (Ps. 26:4). "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie" (Openb. 18:4; 13:14; Jes. 48:20; 2 Kor. 6:17). Die woord "heilig" beteken oorspronklik "afsonder". Die Christendom moet hom afsonder van die wêreldse; afsonder om 'n taak in die wêreld te vervul. Behoud van die Christelike identiteit van ons volk beteken apartheid van onchristelike, nie-Christelike, en anti-Christelike invloede. Hou julle lewenswandel onder die heidene skoon (1 Petr. 2:12).

Indien ons ons Afrikaneridentiteit oopgooi vir vreemdedom-invloede, sal dit geen behoud van eersgenoemde wees nie. Dieselfde afsonderingsplig geld dus ook wat ons blankheid betref. Vermenging van heilige en onheilige dinge is altyd gelyk aan onheilige dinge. Vermenging van Christendom en heidendom is altyd gelyk aan heidendom. Vermenging van Afrikanerdom met vreemdedom is altyd gelyk aan vreemdedom. Vermenging van blank met nieblank is altyd gelyk aan nie-blank. Dit is 'n eienaardige wet-

matigheid wat van apartheid ten opsigte van identiteit 'n wetenskaplikheid maak.
Die verskillendheid tusen Christelikheid en heidendom, blankedom en blasdom, Afrikanerdom en vreemdedom, bring mee dat vermenging identiteit vernietig. As ons dus veg vir die behoud van identiteit, veg ons vir vryheid. Vryheid om Christen te bly, vryheid om blank te bly, vryheid om Afrikaner te bly. Die gelykheidsgedagte is onverenigbaar met vryheid (G.D. Scholtz, *Die Proses van Gelykmaking).* Vryheid is vir ons die reg om te assosieer in ons land met Christene en Christelike lewe, met Blankes, met Afrikaners. Waar daar egter vermenging is en dit wetlik of andersins toegelaat of bevorder word wat genoemde drie wesenskenmerke van ons volk betref, is ons wetlik of andersins van ons vryheid beroof. Die reg om te assosieer met die Christen, Blanke, Afrikaner, sluit ook in die reg om nie geassosieer te word met die heidendom, die blasdom en die vreemdedom nie.
Die argument dat ons 'n eksterne taak het of roeping, kanselleer nie ons interne roeping om te behou wat ons is nie. Die eksterne roeping word inderdaad nie vervul deur isolasie met stagnasie nie; maar ook nie deur vermenging met verdwyning nie; maar deur apartheid met gerigtheid. Die volkshuis moet gebou word, en altyd sterker en veiliger gemaak word, wat sy drieledige wesenskenmerke betref. Die volk beweeg vir sy taak soms na buite, uit hierdie huis, sonder om dit te verloën, en keer dag na dag weer daarheen terug. Naasteliefde begin nie alleen tuis nie maar verdwyn ook daarsonder. Wie homself nie liefhet nie, het niks om te offer nie.
Die behoud van ons identiteit, bring mee die verwerping van kommunisme en kapitalisme, omdat beide strewes na mag oor andere is. Nasionalisme, die mag in eie reg oor eie sake en eie volk, is die gesonde geboorte van identiteitsbehoudenheid.
As ons praat van nasionalisme en so ook van demokrasie en republiek ten opsigte van ons eie, moet ons altyd onthou dat dit spesifiek gevulde begrippe is, gekwalifiseerde begrippe. Elkeen is gekwalifiseer met ons driehoeksidentiteit. Ongekwalifiseerd is die logiese gevolg van demokrasie op

die grondslag één man, één stem, 'n regering deur elke lid van die volk. Ongekwalifiseerd beteken nasionalisme die volksbegeertes van watter aard ook al. Letterlik beteken 'n republiek saak van die publiek – hoe hulle ook al stem of tel. Maar in ons geval kom die kwalifikasie van die Calvinisme, en is ons Christelike hoeksteen die waarborg en waarskuwing dat ons nie met 'n natuurlike demokrasie, nasionalisme en republiek te doene het nie, maar met 'n Christelike demokrasie. Hier word nie maar net getel hoe die meerderheid wil nie, maar primêr geweeg in die lig van die Skrif wat God wil.

As ons nou sê dat God wil hê ons moet blank bly dan is ons net so min 'n rassis in die slegte smaak van die woord as wat iemand 'n seksis is as hy sê 'n man moet volgens Christelike beginsels 'n man bly.

In Hand. 17:26 staan: "Uit een mens het Hy al die nasies gemaak en hulle oor die hele aarde laat woon. Hy het vooraf bepaal hoe hulle sal bestaan en waar hulle sal woon." (Vergelyk ook Deut. 32:8). Paulus spreek hier op die Areópagus in Atene. Hy spreek tot heidene. "Het heidendom ... leert over het algemeen, dat de volken autochtoon, dat wil zeggen zelfstandig op de plaats, waar ze wonen, zijn ontstaan." (Grosheide, *Korte Verklaring,* Hand. 17:26). Wat hierdie mense, tot wie Paulus hom rig, in die besonder betref: "The Athenians prided themselves on being autochthones, sprung from the soil of their native Attica ... So the Greeks in general considered themselves superior to non-Greeks whom they called barbarians." (F.F. Bruce, *The Acts of the Apostles).*

Nou stel Paulus dit baie duidelik aan die Ateners dat hulle nie 'n unieke ras is nie maar dat alle mense en volke van één mens af kom, nl. Adam! Die verwaandheid, en wat daarmee saamgaan, by volkere na aanleiding van die grensefeitelikheid tussen nasies, word deur Paulus as sonde bestempel, net soos die eenheidstrewe en wat daarmee saamgaan deur die spraakverwarring van Babel as sonde uitgewys word. Dié verwaandheid en dié eenheidstrewe moet verdwyn as sonde. Dit kan alleen in die tweede Adam, die herskepping, op die fondamentpatroon van Gods bedoeling met die eerste Adam en eerste skepping. Dié verwaandheid mag nie be-

staan by aparte nasies nie omdat hulle van Adam af een is ten spyte van hulle nasie-begrensdheid. Daarom móét dié verwaandheid verdwyn te midde van nasie-begrensdheid ómdát die tweede Adam dit vir ons kom moontlik maak het. Die eenheidstrewe van alle-nasie-grens-uitwissing mag nie bestaan nie omdat God vóór die skepping, vóór die sondeval al, grense bedoel het. Dié eenheid van die mensdom kan ten spyte van die nasies-feitelikheid *in Christus* weer tot stand kom. Dit gebeur ook in die Godsvolk, die kerk. Die feit van apart wonende nasies is nie sonde nie. Dít is 'n feit van vóór die skepping en dus vóór die sonde. Grense vir woonplekke van nasies as sodanig, kan eers onder sonde gereken word wanneer ons so ver gaan om te stel dat die sondeval 'n vooraf bepaalde beplanning van God was – soos wel die geval met grense vir woonplekke van nasies! "The determination of man's home *preceded* his creation in the Divine plan." (vgl. Bruce).

Wanneer beweer word dat die pinkstergebeure, waar alle volkere onder die seën van die Here verteenwoordig geag word, die komplement van die Babelse spraakverwarring is, is dit korrek. Maar wanneer dáármee bygedink word dat die pinkstergebeure die voltooiing van die spraakverwarring in teenoorgestelde of terugwerkende sin is, m.a.w. dat wat God met Babel verkeerd gedoen het nou ter gelegener tyd weer opgehef en gekorrigeer is, word God geskep na ons politieke beeld en gelykenis.

Eenheidstrewe met die uitwissing van natuurlike grense tussen nasies, is sonde soos geopenbaar deur die spraakverwarring van Babel. Eenheidstrewe met die uitwissing van sondige grense tussen nasies, is 'n geloofstaak soos geopenbaar deur die pinkstergebeure. Dít beteken die kerk moet getrou die evangelie oor alle grense dra om die lig/duisternis-grens tussen nasies, die kunde/onkunde-grens met die lig en kennis van Gods Woord uit te wis.

Ons moet dus onthou "(God) (heeft) (toch) ook verscheidenheid gewild en vastgesteld, dat elk volk bepaalde tijden en bepaalde woonplaatsen hebben zou." (Grosheide, *Korte Verklaring,* Hand. 17:26). Die Bybel sê: "Vervloek is elkeen wat sy naaste se grenslyne verlê" (Deut. 27:17). Om die grenslyne van 'n ander land te verlê, is niks anders as im-

perialisme nie (Exodus 20:17). Om jou eie land se grenslyne in te perk, is om jou en jou kinders te onterf van hulle regmatige erwe van die vadere (Deut. 19:14). Die spraakverwarring as volkere-ontstaan, was God se toorn oor Babel maar meer nog sy genade oor ons.
Soos elke volk sy eie het wat hy moet handhaaf en ontwikkel, het ook ons volk sy Christenskap, blankeskap, Afrikanerskap en sy land.
Hierdie identiteitstrekke of grondsuile van ons volkshuis word vandag selfs meer as ooit voorheen deur die proses van gelykmaking bedreig.
In die vorige eeu het ons Voortrekker-vadere juis gelykstelling afgewys met die daad van die Groot Trek. In die Kaap is elke slaaf wat Christen geword het opgeneem in die blanke gemeente. Veral deur die Engelse sendelinge is 'n verwagting by anderskleuriges gewek om te vermeng met die blankes. Ook die Engelse predikante het vermenging doelbewus aangemoedig. So skryf dr. W. Robertson, predikant van Swellendam, op 7.6.1852 in *De Zuid Afrikaan* (eerste Afrikaner-koerant, in 1830 tot stand gebring): "... ziet men den zwarten of gekleurden dikwijls naast den blanken staan, zijn kind ter doop aanbiedende; beide zitten in een en deselfde kerk." Op 2.9.1852 skryf ds. J. Pearce van Somerset-Oos ook in *De Zuid Afrikaan:* "... De gekleurde bevolking wordt vrijelijk toegelaten tot alle voorrechten burgerlijke en godsdienstige, en zijn niet alleen onze ledematen, maar enige zijn zelfs ouderlingen en diakenen in onze kerk."
Die kerk van die Voortrekkers het om die gevaar van vermenging te voorkom hulle optrede geskoei op apartheid. Wanneer die kerk in ons land vandag praat van apartheid, word nie spesifiek verwys na 'n politieke beleid nie, maar dan word 'n eeue oue houding bedoel. "Die Kerk in Suid-Afrika het reeds in die 18de eeu, meer as 'n eeu voor die aanvang van Christelik-Wes-Europa se berugte 'Scramble for Africa', begin om aan Owerheid en volk 'n samelewingspatroon vir Blank en nie-Blank voor te lewe; en in die 19de eeu voor uitheemse én inheemse owerhede in S.A. vir daardie patroon begin getuig; en in die 20ste eeu dít bereik dat die handhawing van hierdie samelewingspatroon owerheids-

beleid geword het. Dit moet baie duidelik gesê word: Eiesoortige ontwikkeling vir Blank en nie-Blank is nie in 1948 deur die owerheid uitgedink vir die kerk om te kritiseer nie. Eiesoortige ontwikkeling is deur die kerk as die enigste moontlike permanente samelewingspatroon vir Blank en nie-Blank in hierdie land as hoorbare én sigbare getuienis aan owerheid en volk vóórgelewe op 'n tydstip in die geskiedenis toe 'kleurvraagstuk' vir die res van die wêreld nog 'n onbekende woord was." (C.L. v.d. Berg, *Kerk en Owerheid, en die Rassevraagstuk in Suid-Afrika,* Hervormde Teologiese Studies, Oktober 1960, bl. 260).

Dr. H.C.M. Fourie, een van die ou Bybelvertalers en daarby gesaghebbende in sy tyd op die gebied van die Bantoekultuur, het in 1919 gesê: "Die naturellekwessie is die groot kwessie in Suid-Afrika, wat ons moet perbeer oplos anders gaat dit fout en gaan Suid-Afrika onder in bloed en trane. Soals die sending tot nog toe gedrijf is lijk dit banje of dit die bedoeling is ... om die kwessie op te los deur gelijkstelling, al is dit nie dadelik nie, dan tog geleidelik ... Onse Kerk moet handhaaf: geen gelykstelling – Sij moet teëgaan alle vermenging van die twee rasse en toesien dat wetgewing dit so streng moontlik verbied en straf ..." *(De Hervormer,* 15 Oktober 1919).

Die Hervormde Kerk het nog altyd baie vas gestaan op hierdie punt sonder om daarmee die sending onder of die menswaardigheid van die Bantoe te verwaarloos of teë te gaan. Tewens die kerkwetlike artikels in hierdie verband het uitgemond in 'n besondere sendingbeleid.

Wat reeds jare die praktiese beleid en uitgesproke praktyk van hierdie Kerk was, word in 1904 in die Kerkwet verwoord: "Art. 2. Tot de Nederduitsch Hervormde Kerk behooren alleen blanke personen ... De Kerk echter laat geene gelijkstellings toe tussen blanken en kleurlingen." Waarom hierdie inhoud nie reeds in die kerkwette van 1862, 1867 en 1890 voorkom nie, is te verklaar. Apartheid het in hierdie tyd reeds in praktyk ten volle gegeld en wetgewing hiervoor was in die staat se wette. Die Kerk neem gewoonlik nie ligtelik artikels in sy wet op nie maar eers na deeglike noodsaaklikheid. Omdat dié Kerk se lidmate in 1904 voel dat die wette van die Afrikaner met die 1899-

1909 Engelse Oorlog geknou is, wil hulle verdere moontlike uitbuiting onder die Engelse invloed ten opsigte van ook 'n ander probleem, nl. gelykstelling, deur kerklike wetgewing nou voorkom.
In die Kerkwet van die Hervormde Kerk van 1951 kom die bekende art III voor: "Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe ..."
In 1964 het dié Kerk sy standpunt verder geformuleer in 'n antwoord van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op: "Het Rassevraagstuk – Herderlijk schrijven van de Generale Synode van die Nederlandse Hervormde Kerk." In dié boekie *Gelyke Geleenthede, Die Oplossing van die Rassevraagstuk – Die eerlike weg,* bl. 7, lees ons: "Hierdie differensiasie-patroon wat deur die kerk, mede as gevolg van die Kerk se bestudering van die Heilige Skrif, voorgestaan is in die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, het die voorbeeld en die hoeksteen geword van die huidige owerheidsbeleid ten opsigte van die nie-Blanke. Hierdie beleid wat vroeër as apartheid getipeer is ... is primêr daarop gerig om diskriminasie teen die nie-Blanke en die Blanke uit te skakel en om ook die wrywingsvlakke tussen die verskillende bantoevolke wat hier woon, uit te skakel."
Dit is sekerlik om onder andere die wrywingsvlakke ook tussen blank en anderskleuriges te voorkom, dat die Hervormde Kerk geen vermenging wil toelaat nie, soos dit in die huidige Kerkwet in art III staan: "Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen vermenging in sy midde toelaat nie, maar beoog die vorming van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – 'Maak dissipels van al die nasies' Matteus 18:19 – die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie."
In die Grondwet van die ou Zuid Afrikaansche Republiek, lui art. elf: "Het wil geen gelijkstelling van kleurlingen met blanke ingezetenen, dan na dat het de overtuiging ge-

kregen heeft, dat de gelijkstelling geen nadeel aan de Republiek kan te weeg brengen." In die huidige situasie is sommige van mening dat die tyd aanbreek dat vermenging in die samelewing geen nadeel aan ons nuwe Republiek kan teweegbring nie. Ander is van oortuiging dat die Kerk hieroor hom buite uitspraak moet hou. 'n Derde rigting vra die vraag watter wesenlike verandering daar in die samelewing ingetree het sodat vermenging nie meer gevare sou inhou nie.

DEEL TWEE: BEWARING

5. Uitverkiesing

Om vir die salige lewe bewaar te word, is 'n genade van God wat 'n Godsdaad en 'n mensedaad insluit. Daar word probeer om die Godsdaad in menslike taal te omskryf met die begrip uitverkiesing. Die mensedaad word aangedui deur die begrip geloof. Albei begrippe sluit mekaar in; vervat mekaar. Die Godsdaad sluit dus die mensedaad in. Geloof is die inhoud van die uitverkiesing. Geloof is die menswording van die uitverkiesing.

Die Godsdaad is nie sommer deursigtig vir 'n mens nie. Net soos God onbegryplik is in sy Godheid, sy almag en ewigheid, so is ook sy dade en woorde vir die rou ore en onbewerkte hart van die mens onbegryplik. Dikwels kom die versoek dat 'n mens die Godsdaad, wat ons die uitverkiesing noem, verstaanbaar moet verklaar. Dikwels openbaar die verklaring van die uitverkiesing 'n verdediging van God. Ons kan en ons hoef God egter nie te verdedig in Sy doen en late nie. God staan vir Homself. Laat God God wees. Ons is nie geroepe om God te verdedig nie maar te verkondig. As ons God wil verdedig kan die verkeerde onderliggende gedagte wees dat ons God se handelinge begryp en kan verklaar. God is, buiten in wat Hy aan ons begryplik maak, onbegryplik.

God se regverdigheid, sy barmhartigheid, sy genade en sy uitverkiesing kan nie verdedig of verklaar word nie, maar wel geglo en verkondig word.

Ons moet in wat ons glo en verkondig goeie en grondige insig hê vir sover dit moontlik is. Hierdie Godsdaad word alleen sigbaar in die mensedaad. Die uitverkiesing word werklikheid vir ons alleen in die geloof. So word God alleen God vir ons in die menswording van Jesus Christus. Hierdie tweesydigheid, die verborgenheid van God en die geopenbaardheid van God, is vir die gelowige 'n belangrike onderskeiding.

Oor hierdie onderskeiding sê die Bybel: "Die verborge

dinge is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders ..." (Deut. 29:29). Ons moet ons daarin oefen om vergenoegd te wees in die geopenbaarde dinge. Daarom stel die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel XIII dit ook so: "... ons stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer wat Hy ons aanwys in sy Woord, sonder om hierdie perke te oorskry."

Die bose gedagte dat die uitverkiesing 'n verskriklike dekreet of besluit is van 'n skrikwekkende God wat wil hê dat sekere mense die verdoemenis moet ingaan, terwyl Hy 'n uitverkore kliek tegemoet kom, hou baie mense besig om negatief oor God te dink in plaas van positief oor hulself. Die Satan verkies dat ons op hierdie wyse godsdienstig moet wees. Dis vir die duiwel baie gunstig om ons aandag gevange te hou op 'n onbegryplike Godsdaad sodat ons nie verantwoording hoef te doen vir ons eie mensedaad nie.

Dit is bose verf waarmee die uitverkiesing met helse kleure getint word. As ons die uitverkiesing benader, sover dit 'n gelowige pas, vanuit die geoorloofde gesigspunt, naamlik die geloof, dan bemerk ons dat die God wat die natuur geskep het dieselfde God is as die God van genade.

In die natuur, as skeppingswerk van die Here, bemerk ons die verskilmakende God (Ef. 3:10). Die een plek op die aarde is groen en waterryk; die ander is dor en woestynagtig. Is dit nou onregverdig van God? Dit tog nie! Die een jaar reën dit voldoende en volop, die ander jaar is dit droogte en dood. Wie sal God daarvan beskuldig dat Hy onregverdig is? Die een mens is ryk aan vele talente, die ander het minder. God is God. Hy skep en handel soos Hy wil. Die een mens word gebore in die verligte twintigste eeu; die ander was gebore in die Middeleeue. Die een mens word in Suid-Afrika gebore en getoë; die ander een in die oerwoud. Die een mens is 'n koningskind; die ander 'n vergete slawekind. God verwerp Esau, maar roep Jakob (Gen. 25:23; Mal. 1:2, 3; Rom. 9:10–13). Die genade van God kan nie verdien word nie. Daarom laat God ook nie 'n mens toe om sy genade van ewige behoud te probeer verdien nie. Alle mense verdien om ewig verlore te gaan. "Die hele wêreld is voor God doemwaardig ..." (Dordtse Leerreëls, hfst. I).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis art. XVI, sê God se regverdigheid word daarin verkondig dat Hy diegene wat buite sy uitverkiesende genade is in hulle val en verderf laat bly. Sy barmhartigheid en genade is sy Goddelike ruimte vir die uitverkiesing. Die verwerping is nie aan die verkiesing gekoördineer nie, maar gesubordineer. Die verkiesing is die beginsel; die verwerping die negatiewe daarvan. Christus se dood is voldoende *(sufficienter)* vir alle mense, maar in effek *(efficaciter)* verlos dit die uitverkorenes (vgl. A.D. Pont, *Hervormde Teologiese Studies,* April 1959, bl. 29 v.). Deur ons geloof in Jesus Christus word die uitverkiesing sigbaar.
Dat ons bewaar word, is baie duidelik 'n uitsluitlike Godsdaad omdat ook ons mensedaad deur God bewerkstellig en ontplooi word. Dit is nie óns wat die Here uitgekies het sodat Hy ons moet bewaar nie. Dit is Hý wat ons uitverkies het. "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie ..." (Joh. 6:44, 65). Die uitverkiesing word in die geskiedenis gerealiseer onder mense deur die geloof, deurdat dit genadig aan ons gegee word om in Christus te glo (Filip. 1:29). God implementeer die uitverkiesing deur sy kerk uit te stuur na die mensdom met die oproep tot geloof in Jesus Christus (Dordtse Leerreëls, hfst. I). Daarom verwys ook die Heidelbergse Kategismus in Sondae 19 en 21 na hierdie belangrike geloofsituasie van die kerk. Met Christus se wederkoms sal Hy my met al die uitverkorenes tot Hom neem. En so vergader die Seun van God intussen uit die gansê menslike geslag vir Hom 'n gemeente of kerk wat tot die ewige lewe uitverkies is (Rom. 8:29, 30).
Ons kan dus sê dat die uitverkiesing en Christus onafskeidelik is (Ef. 1:3–7). Die uitverkiesing en geloof is onafskeidelik. Die uitverkiesing en die kerk is onafskeidelik.
'n Tergende probleem in verband met die uitverkiesing, is die stelling dat die uitverkiesing 'n fatalistiese lewenshouding kweek. 'n Lewenshouding wat spreek van 'n noodlot waaraan iemand onderworpe is en waaraan geen verandering kan kom nie, is egter nie die lewenshouding van 'n gelowige nie. As ons die uitverkiesing in regte perspektief waarin die Bybel dit stel, oordink, kweek dit nie fatalisme nie.

Alleen maar indien ons reken om die bewaring van God te verdien, stel 'n mens jou nie vergenoegd met die uitverkiesing nie. Want dan reken jy jy moet vry wees in so 'n mate dat jy alleen self kies vir die redding of die verlorenheid. 'n Mens se lewe word dan gesien as verdienste. Die gelowige weet egter dat sy lewe dankbaarheid is. God het die omstandighede gunstig vir jou beskik. Daarom was jou keuse om te glo in Christus maklik. God het dit vir jou ingegee om te glo. As 'n mens werklik weet dat God nie iemand uitverkies *omdat* hy glo nie maar *sodat* hy glo, dan word ons geloof en daarmee God se uitverkiesing die bron van 'n oneindige dankbaarheid.

Iemand wat redeneer dat God sal sorg of hy verlore gaan of gered word en nou kan hy maar fatalisties sy eie gang gaan, minag die waarheid van die verlossing in Jesus Christus. Dit openbaar 'n houding van totale misverstand van die uitverkiesing. Hy wat uitverkies is, word 'n gelowige in Jesus Christus. 'n Gelowige is 'n blye mens wat uit dankbaarheid dag na dag soek om God te dien. Ons dien God nie om verdienste nie, maar om ons verblyding te verklank.

Die Here sal sy kinders bewaar. Dit is die boodskap aan ons in tye van verhitte Satansmag. Ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word (Matt. 24:22–26). Van ons wieg tot ons graf word die kind van die Here begenadig:

U het, daar niks u blik weerhou,
my ongevormde klomp aanskou.
U wysheid, Heer, wat nimmer faal,
het my geboortestond bepaal;
voor iets van my 't begin te lewe
was alles in u boek geskrewe
Ps. 139:8

Ook in Ps. 33:6 besing ons gelowig die uitverkiesingsgenade:

Die Heer se raad word nooit gekeer nie;
dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie;
bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore

deur Hom is verkore
as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is,
dat dié Heer húl Heer is
en dié God húl God.

Om die uitverkiesende God te ken, is om sy ewigheid, sy almag, sy genade en onbegryplikheid te besing. Voor die grondlegging van die wêreld al (Ef. 1:4), het die Almagtige, sonder enige verdienste van my kant, my onbegryplik bevoorreg. Sodat Hy my in sy genadeverbond opgeneem het. Hierdie bevoorregting word vir die gelowige 'n versekering, soos swart op wit. Die ou opvatting was altyd dat as iets neergeskryf is, is dit waar en ook onveranderlik. Daarom word in die Bybel melding gemaak van die feit van die uitverkiesing in die sekere terme dat ons opgeskrywe is in 'n boek. Dit dui soms op die feit dat die mens se lewe nie vergete is by God nie (Ps. 56:9; Ps. 139:16); soms dat God die mens se tydelike lewe bewaar (Ps. 69:29; Ex. 32:32); maar merendeels dat God die uitverkorenes vir die ewige lewe "ingeboek" het (Daniël 12:1; Luk. 10:20; Filip. 4:3; Hebr. 12:23; Openb. 3:5; 13:8; 17:8; 20:12, 15; 21:27; 22:19). Die Here beskik nie alles oor ons nie. Hy beskik nie die kwaad oor ons nie. Maar Hy beskik oor alles vir ons (Job 2:6; Rom. 8:28). Die Here het ons uitverkies om uit die kwaad en ewige oordeel uit te kom. Deur die geloof in Christus word hierdie uitverkiesing verwerklik en verkry ons 'n aandeel aan God se genade. Hierdie aandeel hou verantwoordelikhede in.

6. Geloof

1. *Geloofsoorsprong*

Alhoewel die menslike gestalte van die uitverkiesing die geloof is, is geloof nie menslik van oorsprong nie; dit kom van God. Die geloofsoorsprong lê in die voorsienigheid van God, en in die Woord van God, en in die Gees van God. Tog is die geloof nie anders as menslik geaard nie. Sonder die mens is daar geen geloof nie. Soos 'n uitsaaistasie sonder

'n ontvangstoestel is, so is die geloof sonder 'n menslike beliggaming.
Die menslike inkleding van die geloof word dus reeds vasgelê by die voorsienigheid van God as oorsprong van die geloof. God se voorsienigheid is die basis vir die ontstaan en bestaan van ons geloof en van alle dinge. Die onderhouding van die skepping berus ook nie op reekse of insidentele toevallighede nie. God dra alle dinge deur die openbaring van sy krag (Hebr. 1:3). Hierin lê 'n onuitputlike troos vir ons om te weet elke voorval, ook dit wat van menslike kant af beskou na 'n noodlot lyk, in die hand van die Here is (Spr. 16:33). Omdat die Here sy hand van bewaring oor ons hou, kan ons in teenspoed geduldig wees. Aangesien alle goeie gawes van die hand van die Here kom, moet ons in voorspoed dankbaar teenoor Hom wees. In alle omstandighede mag ons alleen op God vertrou (Heidelbergse Kategismus Sondag 10).
Uit God se voorsienigheid het ons geloofsomstandighede voortgevloei. Hy het ons lewe só beskik dat ons in aanraking gekom het met al die nodige komponente of bestanddele wat dit vir ons moontlik gemaak het om te glo. Ons kan egter nie sê dat iemand maar sy hande kan vou en hoop op God se voorsienigheid om aan hom die geloof te voorsien nie! So 'n houding sou in die lig van Gods Woord vals wees. Goddelike voorsienigheid en menslike verantwoordelikheid sluit mekaar nie uit nie, maar in.
Die oorsprong van ons geloof is te vind in die verlossende werk van die mensgeworde Seun van God. God kon sekerlik op ander wyses voorsien het om ons te verlos. Tog het Hy dit gedoen langs die weg van menswording. Weer kan ons sê dat God argumentshalwe op ander wyses mens kon word. Tog het Hy mens geword deur die beskikbaarstelling en inwilliging van die maagd Maria (Luk. 1:38). Dwarsdeur God se handelinge met die mens bemerk ons hierdie paralelle lyne soos 'n spoorlyn: God se voorsienigheid en menslike verantwoordelikheid. Die dwarslêers wat die spoorstawe verbind is die geloof, sodat ons lewenstuig daarop kan voortstu. Josua 6 verhaal dat God se voorsienigheid die mure van Jerigo laat omval het. Maar Josua moes 'n verantwoordelikheid uitoefen om volgens voorskrif daarom-

heen te trek. Rigters 6 en 7 verhaal dat 300 man op Midiansdag (Jes. 9:3) 'n vyand verslaan het wat in menigte soos sprinkane in die laagte gelê het – ontelbaar soos die sand aan die seestrand. Die veldslag was daar gunstig deur die voorsienigheid van God, maar Gideon moes sekere verantwoordelikhede nakom. So het ook Hiskia hom verantwoordelik voorberei om militêr en ekonomies slaggereed te wees, maar hy het hom tog dáármee juis verlaat op die voorsienigheid van God (2 Kon. 20). Ook in ons eie geskiedenis bemerk ons dat Andries Pretorius met die oog op die slag van Bloedrivier 'n gelofte doen om in te buig onder die voorsienigheid van God, terwyl hy en sy manne self met grote verantwoordelikheid voorbereidsels tref. (Soos die Israeliete gepraat het van Midiansdag, het ons voorheen ook gepraat van Dingaansdag.)

Die oorsprong van ons geloof is geleë in die Goddelike voorsienigheid maar met gepaardgaande menslike verantwoordelikhede. God is nie gebonde aan bepaalde menslike verantwoordelikhede as voorwaardes vir sy voorsienigheid nie. Nogtans wil God, deurdat Hy self dit so beskik het, gebruik maak van menslike verantwoordelikheid.

Daarom is dit God se bepaling dat die geloof se volgende oorsprongsmoment die Woord van God is. Maar hierdie Woord word neergeskryf en oorgelewer, in stand gehou en verkondig deur mense – die kerk. Die geloof vind sy ontstaan by 'n mens nie anders nie as dat hy die Woord van God hoor soos ander mense dit aan jou oordra (Rom. 10: 17). Die kerk as die draer van Gods Woord is dan ook niks anders nie as 'n saamgestelde menslike verantwoordelikheid verbind aan die Goddelike voorsienigheid.

Ons mag nie elke mens aan homself oorlaat of dit aan God oorlaat om iemand te onderlê in Gods Woord nie. Hierdie verantwoordelikheid is aan elkeen van ons opgedra om medewerker te wees as instrument in die oordrag van Gods Woord. Alleen uit die Woord van God word geloof gebore. Kennis van Gods Woord is voorwaarde vir geloof. Om hierdie kennis op te doen en in stand te hou is 'n menslike verantwoordelikheid.

Méér as instrument is die gelowige ook nie vir die geloofsoorsprong by 'n medemens nie. Teenoor 'n ander mens kan

'n gelowige slegs getuig. As die geloof ontstaan is dit in die mens se hart ontvlam deur die oortuiging van die Gees van God. Die geloof is nie 'n menslike prestasie nie, maar 'n Goddelike. Dit is slegs deur die oortuiging van die Heilige Gees dat ons die vaste vertroue in God ontvang (1 Kor. 12:3; Matt. 16:17; Joh. 16:8; Hebr. 11:1).

Weer eens moet ons onthou dat hierdie oortuiging nie in 'n lugleegte bestaan nie, maar slegs lewensvatbaarheid openbaar in 'n mens – in dié mens by wie die Gees woning wil maak (Joh. 3:8). Die Gees-vervulde mens is egter 'n mens wat betrokke geraak het in die saak van God. Die gelowige reageer positief op die Woord en Gees van God. Daar is dus 'n verskil tussen 'n bloot godsdienstige mens en 'n gelowige mens. Dit bemerk ons byvoorbeeld in die gebeure rondom Paulus se optrede in Athene (Hand. 17). Hy soek aansluiting by die algemene godsdienstige gesindheid van die Atheners. Hierdie algemene sterk godsdienstigheid spreek veral uit drie dinge. Die Atheners het 'n beeld by al hulle baie beelde opgerig vir die onbekende God. Hulle is so godsdienstig dat hulle uit vrees om nie 'n godheid oor te slaan nie, 'n ekstra beeld gemaak het. Paulus sê verder dat hulle in alle opsigte baie godsdienstig is. Dit is opvallend dat Paulus nie in Athene vervolg en gemartel is soos op baie ander plekke nie. Dit alles getuig van die godsdienstigheid van die Atheners. Toe Paulus egter vanaf die Areópagus, die Atheners se heilige heuwel van die oorlogsgod Ares of Mars, die opstanding preek wat 'n oordeel sal meebring oor jou lewe in hierdie bedeling, het hulle hom bespot. Hulle wou nie betrokke raak met hulle lewens deur 'n oordeel te aanvaar op grond waarvan hulle volledig moes kies nie. Solank dit by spekulasie en filosofie bly wat hulle vryblywend hou, het hulle belanggestel in alle nuwighede. Die geloof egter verg 'n finale beslissing.

Die geloofsoorsprong is geleë in die voorsienigheid van God, en in die Woord van God en in die Heilige Gees. Maar die mens dra daarby 'n intense verantwoordelikheid. Hy moet tot 'n deurslaggewende keuse geraak. Dán is hy 'n gelowige.

God se voorneme, voorkennis en voorbestemming word via God se roepstem na ons verwerklik in ons regverdiging en

verheerliking (Rom. 8:29, 30). Hierdie roepstem van God kom na ons toe deur die skepping (Ps. 19:2–4; Rom. 1:20, 21), deur die Woord van God (Rom. 10:17) en die oortuiging van die Heilige Gees (Joh. 16:8; 1 Kor. 12:3). Sonder die Heilige Gees bly die roepstem deur die skepping en die Woord 'n uiterlike roeping. Deur die Gees hoor ons eers die stem van God in die Woord en dan in die skepping. Deur die Gees word God se roepstem vir ons 'n innerlike roeping wat ons beweeg. Dán eers is ons ware gelowiges.

2. *Geloofsbate*

Uit die geloofsoorsprong, as God se bekroning van onverdienstelike mense met sy uitverkiesende genade, is dit duidelik dat sonder geloof geen mens bewaar bly vir die toekomstige lewe nie. Alleen dié wat in Christus opreg glo, het die ewige lewe (Joh. 3:36; Heidelbergse Kategismus Sondag 7). Dit is 'n weldadige gedagte vir 'n baatsugtige mens om te weet die geloof het 'n bate.

Ons is as mens steeds ingestel op wins, nut en bate. Daarom dat onwilligheid hom voordoen om vir katkisasie te leer; ons skoolwerk kry egter voorrang omdat dit voorbereiding vir ons lewensideale is. Bybelstudie en huisgodsdiens word gemaklik afgeskeep omdat geselskap, televisie, ontspanning of arbeid vir ons voordeliger lyk. Tydoffers om spesifieke kerkwerk te verrig word moeisaam, indien wel, gebring, omdat tyd vir ons kosbaarder as die kerk is. Kerkgang word verruil vir die wins van plesierritte of die luilekker leeglê. Dit is amper moeilik om te begryp dat geloof wat kerkgang, huisgodsdiens, kerkwerk, dankoffer, ens. meebring, 'n bate vir ons kan wees.

En tog! Daar ís 'n geloofsbate. Die grootste wins of bate wat 'n mens kan ontvang, is die geloofsbate. Die Heidelbergse Kategismus Sondag 23 sê dat ek deur die geloof in Christus voor God geregverdig is en daarom erfgenaam van die ewige lewe.

Die geloof lê beslag op al ons bates van eiendomme, talente en geleenthede. Daarom is die geloof 'n groot saak – dit handel met al ons bates. Die somtotaal van al ons bates, wat ook maar gawes van God is, is egter nog minder as die balans van ons geloof. Deur die geloof behoort ons aan Chris-

tus (1 Kor. 3:23) en sien ons ons as doemwaardige sondaars in onsself (1 Joh. 1:8), en as verloste sondaars in Jesus Christus (Joh. 17:3), wat dankbaar teenoor God moet wees (1 Thess. 5:16, 18). Hierdie eerlike selfkennis wat ons opdoen met die oog van die geloof in die spieël van Gods Woord, werp sy vrugte op bestemde tye af.

Watter bate is die geloof nie in lewenskrisisse nie? In menige donker dae het die kerk, en ook ons volk, slegs geteer op die geloofsbates. Die wins van die geloof kom egter eers volledig aan die lig op die dag van afrekening.

Geloof veronderstel drie instansies: God wat my tot geloof bring, ek wat glo en die inhoud van wat ek glo. Die geloofswins raak my en God maar lê eintlik in die inhoud. Dit raak my omdat die geloofsinhoud mý wins is, en dit raak God omdat Hy in Christus lyflik die geloofsinhoud is. Die geloofsinhoud of geloofsbate is die verlossing in Jesus Christus.

Wat is nou die verhouding tussen geloof en sy bate, die verlossing? Baie maklik kan ons verkeerdelik dink dat die verlossing 'n beloning van ons geloof is. Nee! Geloof is ook nie 'n beloning of 'n toegif op die verlossing nie. Die verhouding van die geloofsbate, die verlossing, tot die geloof is die verhouding van die kruik tot sy inhoud. Dit is 'n enkele maar tweeledige gawe. Jy besit nie die een sonder die ander nie. "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God" (Ef. 2:8). As iemand aan sy vrou 'n kraffie reukwater skenk, skenk hy nie die reukwater alleen in sy bakhand nie. Dit word in 'n kraffie geskenk. God skenk aan ons die verlossing in die geloofskruik. Kruik sonder inhoud is waardeloos. Hoogstens is dit versiering en misleiding vir hulle wat ons van buite sien. Die verlossingsinhoud, die bloed van Jesus Christus, word ons geskenk in die kruik van die geloof. Dit is één gawe.

Die gelowige, want geloof as 'n selfstandige grootheid bestaan nie, is self as gelowige die kruik. As ons lewens gevul is met die bloed wat Jesus op Golgotha gestort het, is ons geloofsbate verseker op 'n ewige winsrekening.

Die rykdom van die geloofsbate kom gedurende hierdie lewe tot uiting in 'n onverwoesbare troos. Ons besef van sonde en onvermoë maak ons afhanklik van God deur wie

alleen daar bewaring is vir tyd en ewigheid. Ons besef van verlossing deur die bloed van Jesus Christus, laat ons beker oorvloei van blydskap.
Dankbaarheid is nie 'n te versmaaie bate van die geloof nie. Dankbaarheid is 'n feestelikheid met 'n groot gevolg. Dit is 'n bruilofsfeestelikheid waarop blydskap, vriendelikheid, ordelikheid, gehoorsaamheid en liefde deurmekaar baljaar. Om in alles dankbaar te wees (1 Thess. 5:18), beteken nog glad nie dat ons vír alles dankbaar kan wees nie. Wie is nou werklik dankbaar vir siekte en terugslag en dood? Maar die gelowige is dankbaar te midde van teenspoed en voorspoed. Hy is dankbaar oor die gestorte bloed van Jesus Christus wat nie gestorte melk is wat verlore is nie. Dit is opgevang in die opstanding van 'n nuwe lewe uit die graf. Onder ons trane en dood, ons nood en droefheid, leef Christus. Dáároor is ons bly. Ons lag en geluk is nie opflikkerings wat aangesteek word deur sporadiese voorspoed nie. Ons blydskap is 'n vlam wat brand uit die bron van ons verlossing. Daarom kan ons Filippense 4 vers 4 en 5 ook baie goed verstaan: "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby." Ons verblyding is geanker in die Here en ontplooi oor ons medemens in die vorm van vriendelikheid (1 Pet. 3:8; Jak. 3:17; Gal. 5:22; 1 Thess. 2:7).
Daar is 'n klein waarskuwing. Moenie dink dat die geloofsbate van Christelike dankbaarheid maar net 'n saak van die hart is nie. Niemand met 'n lang gesig kan homself verontskuldig dat hy verborge tog 'n dankbare gelowige is nie. Dat dit wel kan wees dat iemand sy dankbaarheid kan verberg, is miskien moontlik, maar dit is onwaarskynlik. 'n Beker wat vol is loop oor! Niemand mag hom verontskuldig oor onvriendelikheid nie. Die Woord sê ons moet ons blydskap adverteer – bekend maak aan alle mense. Die advertensie moet bewoord word met ons vriendelikheid. Ons gesig en ons uiterlike, soos waarneembaar in ons woorde en dade, is die oorloop van ons volheid in Christus. Geen wonder dat Calvyn 'n stuurs gesig veroordeel op grond van die sesde gebod wat sê: Jy mag nie doodslaan nie.
Wie uit geloof vriendelikheid versprei, word verlig, want

sy laste is afgelaai op Golgotha. Vriendelikheid is vryheid. hy wat vanaf Golgotha kom, loop met fluite. So word ons lewe 'n lied op die wysie van die ewigheid. Werp hierdie vrymoedigheid nie weg nie want dit het 'n groot beloning (Hebr. 10:35).
Dit is die geloofsbate.

3. *Geloofsbeoefening*
Om gelowig te lewe, beteken nie om geen teëspoed te ervaar nie. Baie mense sê: ons gaan maar die toekoms met geloof tegemoet. Baie keer hoor ons boodskappe aan pasiënte: Glo maar net en dit sal weer goed gaan. Selfs in die politiek hoor ons al meer die woorde: ons gaan met geloof vorentoe. Ons moet versigtig wees met die begrip geloof in hierdie gevalle. In baie gevalle soos hierbo genoem, word bedoel dat daar *vertrou* moet word op die seën van God. Intussen kan ons dalk, byvoorbeeld in die politieke lewe of met 'n projek wat ons aanpak, totaal op 'n dwaalspoor wees. Dan pak ons dit nog steeds in die geloof aan! Nee! Geloof beteken: ons gaan die toekoms in of pak 'n projek aan, gebonde aan die norme van die geloof. Ons gaan voort deur getrou te bly aan die wese van die geloof – gehoorsaamheid aan God. In so 'n geval gaan 'n mens nie jou eie weg met die hoop dat God dit sal seën nie. 'n Gelowige gaan God se weg in die wete dat God dit sal seën – of daar nou terugslag of voorspoed op daardie weg is, maak nie saak nie.
Geloofsbeoefening impliseer nie die voorkoming van terugslag, teenspoed, krankheid of dood nie. Geloof is om God te loof in woord (gebed en lied) en daad (gebodsgehoorsaamheid). Om met 'n lofoffer te midde van elke omstandigheid voor God te lewe, is die weg van geloof (Hebr. 13:15). Gebed omdat ons Gods Woord ken, en gebodsgehoorsaamheid omdat ons vertroue deur Gods Gees ontvang, is geloofskoers.
Wind en storm en weer in die wêreld kom ook op die gelowige neer. Oorlog, hongersnood, siekte en dood, is die deel óók van die gelowige. Hoofsaak waarvoor ons moet bid, is nie om gespaar te word van en beskerm te word teen lewensellende nie. Om deur die Here bewaar te word bete-

ken om te midde van wát ookal – deur stryd en Satanslis heen – die geloof te behou (2 Tim. 4:7).
Die Here sê self in Lukas 17 dat struikelblokke onvermydelik is. Vanweë die wese van die wêreld waarin ons ons bevind, is dit noodsaaklik dat verleidings ons sal teëkom. Die wêreld lê in die mag van die bose (1 Joh. 5:19). Die verleidings is vir die gelowige letterlik skandale of die tong van 'n slagyster wat vir hom gestel word. Geloofsbeoefening is om staande te bly, en dikwels om weer te kan opstaan en vry te kom, nadat die slagyster op jou toegeslaan het. Geloofsbeoefening is ook om jou nie onnodig willens en wetens in die gevaar te begeef nie. Ons moet nie ons in die versoeking begeef en dan bid "lei ons nie in versoeking nie" (Matt. 6:18). Die Here sal ons van struikeling bewaar (Judas 24), maar nie as ons onsself daarin wíl begeef nie.
Dit is deel van ons geloofsbeoefening om sorg te dra dat ons nie oorsaak van ons eie val of oorsaak van die val van ander mense is nie. Die Here roep sy kinders op om op hulself ag te gee. Dit sal beter wees om die seedieptes in te sink met 'n meulsteen om die nek, as om oorsaak van struikeling te wees. In hierdie beeld uit Lukas 17 word 'n gewisse en skrikwekkende dood verkiesliker gestel as om oorsaak van struikeling te wees. 'n Meulsteen is 'n groot en swaar ronde plat klip wat vinnig en gewis in water sink. Daarby het dit 'n gat waardeur die tou vasgebind is, sonder gevaar dat dit sal losraak. So 'n klip om jou nek verseker 'n onderstebo sinking, waardeur die moontlikheid om nóg te gryp na takke of redmiddels afgesny is. Hierdie ontsettende waarskuwing van Jesus moet hoorbaar wees vir elke gelowige wat hom met die joernalistiek besig hou. Vandag se koerante is meestal oorlaai met struikelingsmomente. Ook gelowiges in owerheidsgeledere moet hierdie waarskuwing ernstig oordink. Predikante, kerkraadslede en elke gelowige moet ook voortdurend hulleself ondersoek of uit hulle lewe daar nie struikelblokke uitrol op die lewenspaaie van ander nie.
Geloofsgesindheid is vergewensgesindheid. Die ou Christelike gebruik in die Kerk tydens die eerste eeue was om voor die Nagmaal in 'n kring om die priester te gaan staan. Die priester soen of kus dan die lidmaat langs hom op die voorhoof. Laasgenoemde kus die volgende lidmaat. En so

word die vredeskus 'n ketting. Deels uit hierdie gebruik, as 'n voorbereiding vir die Nagmaalsviering, het ons voorbereidingsdiens ontstaan. Om voortdurend eerlik vergéwensgesind te wees, vereis geloofskwaliteit. Die dissipels het diep onder die besef gekom dat vanweë die versoekinge van buite en die vergewensgesindheidseis van binne, hulle geloof kortkom. Daarom vra die apostels aan die Here: Gee ons meer geloof (Lukas 17:5).

Dit was voorbeeldig van die apostels om vanweë die gevaar van verdrukking en die eis om vergewing tot 'n selfbesef van swakheid te kom. As selfs die apostels teen die agtergrond waarop hulle hulle taak moet vervul het, 'n besef van onvermoë ervaar, hoeveel te meer moet ons nie tot hierdie selfkennis geraak nie! Ons moet aanvaar dat al is ons gelowiges, ons ook geloofsvraagstukke sal ervaar waarvoor ons krag nodig het. Die feit bly ook dat die apostels hierdie vraagstukke as uitdaging aanvaar het. Ons moet nie gaan lê onder vraagstukke nie maar ons taak met erns bejeën.

Uit die antwoord wat die Here aan sy dissipels gegee het op die versoek om meer geloof, blyk dit dat daar by die dissipels tog 'n misverstand was. Die Here het geantwoord: "As julle geloof het (die werkwoordvorm is in die *praesens)* soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant – en hy sou hulle gehoorsaam wees" (Luk. 17:6). Die Here wil hierdie krag van die geloof illustreer. Die moerbeiboom wat hier bedoel word, word tot seshonderd jaar oud en het 'n baie sterk wortelstelsel. Die mosterdsaadjie wat die geloof voorstel is kleiner as 'n speldekop. Die bedoeling van die Here is sekerlik nie om met hierdie gelykenis te sê dat die dissipels nie eers 'n minimum geloof, 'n speldekoppie geloof het nie. Die Here self, wat tog die Heer van die geloof is, sê self nie vir die moerbeiboom om hom te ontwortel nie. Die Here bedoel nie dat die dissipels hulle geloof van tyd tot tyd vir die aardigheid op moerbeibome moet toets nie. Geloofskrag werk nie op moerbeibome nie.

Hy gebruik slegs 'n gelykenis soos Hy dikwels doen. Geloofskrag werk nie sommer met klippe om daarvan brode te maak (Luk. 4:3) of kinders van Abraham nie (Matt. 3:9; Habakuk 2:19). Die speldekopkrag wat werk op moerbei-

bome is 'n gelykenis wat waar is, want eenmaal sal ons wel besef hoeveel "moerbeibome" ontwortel is en hoeveel "klippe" brode geword het en hoeveel kinders van Abraham geword het (Jes. 51:1; Es. 11:19).

Die Here beskuldig nie die dissipels dat hulle geen geloof of te min het nie. Dit is die dissipels wat reken hulle het te min, daarom vra hulle: Voeg vir ons geloof by! Asof die medisynebotteltjie waaroor hul beskik vir die siektes van die wêreld te min van die bestanddeel geloof het. Die bedekte beskuldiging van die dissipels aan die Here dat die Here vir hulle te min geloof gegee het en dat Hy tog moet byvoeg, is van alle waarheid ontbloot. As dit die bedoeling was van die Here om vir sy dissipels te sê dat hulle nie 'n minimum geloof gehad het nie, wat dan van óns? Geloof is immers kennis van Gods Woord en vertroue in God. Dít hét die dissipels gehad! Hulle het saam met Jesus geleef. Hulle het sy woorde en sy dade geken en hulle het vertroue in Jesus gehad. Daarom het hulle Hom immers om méér geloof gevra.

Jesus se antwoord van die minimum geloofskrag wat 'n maksimum was, is 'n teregwysing aan ons. Wat die gelowige kort, is nie méér geloof nie – want selfs 'n bietjie geloof is tot ontsaglike gevolge in staat. Wat ons nodig het is die *beoefening* van die geloof. Die geloof moet sê "word ontwortel en in die see geplant". Die geloof moet gebruik word. Die gelowige moet in eerste instansie nie geloofsvermeerdering najaag nie maar geloofsbeoefening. Geloof is in hierdie opsig soos geduld – jy het dit nie maar nie, jy beoefen dit. Geloof is beoefening. Die Bybel sê geloof sonder die werke is dood (Jak. 2:14 e.v.). Dooie geloof is geen geloof nie. Geloof moet uitwerking hê. Calvyn het reeds gesê in een van sy pinksterpreke: In die geloof is daar eerstens kennis en vertroue, en daarna is daar standvastigheid en volharding.

Iets wat net volgepomp word sonder dat daar 'n ontsnappingsklep is, bars op die ou end. 'n Dam wat vol word, loop nutteloos oor as daar nie 'n sluis oopgemaak word en besproeiing langs ordelike kanale plaasvind nie. Ons kan nie ons geloof altyd maar net wil versterk en vermeerder sonder

om dit te beoefen en te gebruik nie. Die Dooie See ontvang net en gee niks – en daarom is die dood daarin. Omdat die water nie uitvloei nie, maar verdamp, word die soutneerslag al hoër en dit is nie gunstig vir waterdiere nie.
Hoe verdamp ons geloof nie omdat dit nie uitvloei nie! Kerkraadslede, predikante en lidmate word lusteloos, doelloos en onpersoonlik in hulle kerkwerk. Is dit nie omdat die plek waar ons godsdiensoefening moet plaasvind, die erediens, in baie opsigte verwaarloos word nie? Die geloofsvlammetjie brand al kleiner hoe minder ons ons gelowig in die gebed afhanklik van God stel. Groter afhanklikheid van God beteken groter krag in ons lewe.
Geloof is dinamiet (Hand. 1:8). Geloofsbeoefening in die regte kennis en vertroue, loop bendes storm en spring oor mure (Ps. 18:30).
U moet u nie verlaat op 'n soort geloof wat nie geloof is nie, of op 'n misverstand van wat geloof is nie. Die gevaar bestaan, want selfs die apostels moet tereggewys word. Ons sal ook nie geoordeel word volgens 'n onaktiewe, hoewel suiwere geloofsbeskouing nie. Ons sal geoordeel word volgens ons geloofsbeoefening. Alle mense sal geoordeel word na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke (Openb. 20:12).
Ons het nie tonne geloof nodig nie. 'n Mosterdsaadjiegrootte is al baie – as dit reg gebruik word. U het 'n wapen in u hand. Maar voortdurend op veiligheidsknip, sal dit u niks baat nie. Op veiligheidsknip sal dit net uiteindelik in u eie gesig ontplof. Geloof is 'n tydbom. Wie daarmee speel, sal ter geskikte tyd weggeblaas word na die see van die ewige dood.
Werp u geloof in die lewe in en die bome sal kraak waar u gaan. Die Here bewaar sy kinders, daarom kan en moet ons ons geloof beoefen. Geen ware gelowige verspeel die geloof nie, maar beoefen dit. Geloof is soos N.P. van Wyk Louw sê in sy mooi gedig *Die Beiteltjie.* As jy hom probeer, slaan dit 'n klippie aan twee met 'n bars wat deur die rots en deur die grond gaan, tot deur die planeet en dit loop dwarsdeur die sterre heen.

4. *Geloofwaardigheid*

Die Here bring 'n mens tot geloof ook deur die lewe van medegelowiges. Maar die geloofwaardigheid van hul lewe word nie na sy aard en wese bepaal deur behoeftes en eise wat mense daaraan mag stel nie. Dit is daarom nodig dat ons die Bybel se lig vra om die ware geloofwaardigheid te beoefen.

Die Bybel praat van 'n hele paar dinge wat ons nie op die nuwe aarde sal aantref nie. Daar sal byvoorbeeld geen huwelik (Mark. 12:25), geen oorlog (Jes. 9:6), geen kerk (Openb. 21:22), geen donkerheid (Openb. 22:5), geen droefheid en dood (Openb. 21:4) en geen handeldrywery wees nie.

Rondom die besige handeldrywery wil ons die saak van geloofwaardigheid verduidelik.

Openbaring 13 verse 16 en 17 stel dat die dier uit die aarde (valse kerk) en die dier uit die see (anti-Christelike wêreldowerheid), sal sorg dat handeldrywery in die laaste dae een van die hoofsake sal wees. Daarom sal die ekonomiese wêreld te nou vir die gelowige word, omdat die merk of die naam van die dier 'n voorwaardelike vereiste vir deelname sal wees. Geen wonder dat Paulus in 'n breë en algemene verband sê dat geldgierigheid 'n wortel van alle euwels is nie (1 Tim. 6:10).

Anderkant hierdie bedeling waarin ons nou is, verwag ons dan dat geldgierigheid en al die euwels van die handel sal ontbreek. In Sefanja 1 vers 11 staan: "Huil, o inwoners van die Vysel (vistoring) want al die koopmans (Kanaäniete) gaan te gronde, almal wat geld afweeg word uitgeroei." In ooreenstemming met hierdie profesie, is dié van Sagaria 14:21: "... in dié dag sal daar geen koopman (Kanaäniet) in die huis van die Here van die leërskare meer wees nie." Dit sou dus 'n fout wees as iemand dink die swartmense is afstammelinge van die Kanaäniete en dat die Here se Woord self hulle uitsluit uit die huis van die Here! Met *kanaäniet* in die oorspronklike taal van die Bybel word in die twee aangehaalde teksverse verwys na die Fenisies-Kanaänitiese handelaars wat die Jode verlei het om selfs op die Sabbat in Jerusalem vis en ander koopware te bekom (Nehemia 13:16).

'n Mens kan die tempelreiniging van Jesus sien as 'n voorteken van die vervulling van die profesie dat die handeldrywers uit die huis van die Here gedryf sou word (Matt. 21:12). In beginsel is die laaste kooptransaksie voltrek toe Jesus ons met sy lewensbloed vrygekoop het tot sy kinders (1 Tim. 2:6; 1 Pet. 1:18, 19). Nou kom die oproep tot ons as 'n uitnodiging: "O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" (Jes. 55:1).

Waarom kom handeldrywery so sterk in die lig van veroordeling? Van die vroegste dae af was handeldryf 'n versoeking tot oneerlikheid. Handeldryf se opsies op geloofwaardigheid het gedaal.

In die Griekse handelswêreld was daar al groothandelaars *(emporos)* en kleinhandelaars *(kapélos)*. Veral die kleinhandelaar het dikwels ongeoorloofde wins gesoek. Ook die Ou Testament ken hierdie onregverdigheid. Wyn wat van die groothandelaar kom, is deur die kleinhandelaar met water verdun en dan verkoop. Die Griekse woord vir kleinhandel dryf het dan ook in die Bybel die woord vir vervalsing geword (Jes. 1:22 in die Griekse vertaling, die Septuaginta, en 2 Kor. 2:17).

Iets van hierdie vervalsing of kleinhandeldrywery het ook op geestelike gebied plaasgevind. Die Griekse filosowe het die filosofie van mense wat teen betaling gefilosofeer het as onegte, vervalste filosofie bestempel. 'n Mens wonder of hier nie een van die redes lê waarom Paulus in die Griekse wêreld van Korinte sonder betaling as apostel opgetree het nie! Hy stel dit wel baie uitdruklik dat iemand wat die Woord verkondig ook daarvan kan leef, dit wil sê onderhou kan word deur die hoorders van die Woord (1 Kor. 9:1–14). Tog wil hy ten alle koste die aanklag teen hom, van valse apostelskap, weerlê (2 Kor. 11).

Paulus stel baie duidelik dat hy nie 'n marskramer of 'n kleinhandelaar, 'n smous, is wat wil wins maak uit die Woord van God nie (2 Kor. 2:17). Hoewel Paulus altyd die gesag van Gods Woord voorop stel, maak hy dit hom tog erns om die geloofwaardigheid van die Woorddraer te benadruk. Só kom ons by 'n groot probleem wat vandag aan die ont-

wikkel is. Dit is die keuse: gesag of geloofwaardigheid.
Vandag is die neiging om alle gesag te probeer aftakel. Owerhede, kerk, skool, ouerhuis, ens. kom dikwels deesdae onder die spervuur van die joernalistiek. Hierdie gees van gesagsondermyning strook met die kommunistiese aanslag op die Westerse wêreld. Hierdie aanslag soek aansluiting by wat die Bybel self as 'n bedrieglike gesagsopvatting voorhou, naamlik dat die Israeliete sê: "Die Here se tempel, die Here se tempel is dit!" (Jer. 7:4). Op dieselfde grondslag berus ook die Roomse opvatting van die onfeilbaarheid van die pous. Omdat Christus sy Kerk nie uit sy hand sal laat ruk nie, maar dit in stand sal hou (Joh. 10:28; vergelyk ook ons Hervormingslied, Ges. 153, in die ou bundel), sê die Roomse kerk dat Christus die ampte wat die kerk verteenwoordig, en by name die pous wat die ampte verteenwoordig, sal omskans met onfeilbaarheid!
Onder hierdie Roomse opvatting was die keuse in die hele Christendom dikwels vir gesag – ongekwalifiseerd. Befehl ist befehl (Hitler) – gesag ten koste van geloofwaardigheid! Vandag swaai die pendulum egter. Gesag word ál meer verwerp en geloofwaardigheid word die wagwoord. Die Bybel sê dat in die laaste dae wonderlike tekens, aantreklikhede, oortuigings van geloofwaardighede die beslissende maatstaf sal word (2 Thess. 2:9–12; Openb. 13:13). Die gelowige moet hom as kind van die Here dus nie laat indwing in 'n keuse tussen gesag en geloofwaardigheid nie. Alles wat geloofwaardig voorkom, kan tog nie sommer aanvaar word nie (Deut. 13:1–3; Matt. 7:11–23). Alles wat nie op die oog af geloofwaardig is nie, kan tog nie sonder meer verwerp word nie. Paulus sê dat die evangelie self, uit menslike oogpunt gesien, nie geloofwaardig is nie, maar 'n struikelblok en 'n dwaasheid is (1 Kor. 1:23). En diegene wat hulle aan die evangelie erger, word nie met geweld (gesag) behou nie. Jesus vra aan sy dissipels of hulle nie ook wil weggaan nie – nadat ander wat Hom gehoor het Hom verlaat het (Joh. 6:67). Die struikelblokke en dwaashede van die evangelie, en daarom van die kerk, mag nie weggeneem word om dit méér geloofwaardig te maak nie. Hulle wat egter nog nie die weldade van Christus verneem het nie (Heidelbergse Kategismus Sondag 7), moet gedwing word om in te kom

(Luk. 14:23) – deur die geloofwaardigheid van die gelowige.
Ofskoon die wese van die Woord van God nie aangetas mag word nie omdat dit 'n gesagvolle Woord van God is, moet die lewe van die gelowige tog getooi wees met geloofwaardigheid. Jesus het dertig jaar geleef en gewerk om só vooraf geloofwaardig te maak wat Hy gedurende sy laaste drie jaar sou verkondig. Jesus leer ook dat ons eers as ranke die voedingskrag van die wynstok moet absorbeer voordat ons vrugte kan dra (Joh. 15). As sommige mans aan die Woord ongehoorsaam is, moet hulle ook deur die wandel van die vroue, selfs sonder woorde, gewin word vir die geloof, volgens 1 Pet. 3:1.
Kerkraadslede wat met huisbesoek die Woord maar net aflaai, is hoogstens besig om te smous indien hul eie lewenswandel nie geloofwaardig is nie (1 Tim. 3). Die Kerk kan nie maar net die evangelie uitdra na die heidene sonder om hom te steur aan die beeld wat die kerk in die wêreld vertoon nie. Die kerk is 'n skouspel voor die wêreld, engele en selfs bose magte (Joh. 17:21; 1 Kor. 4:9; 1 Kor. 11:10; Ef. 3:10).
Dit is wel waar dat slegs die Heilige Gees die evangelie wesenlik geloofwaardig kan maak; ons kan oortuig (Joh. 16:8; Rom. 8:16). Maar ons mag nie die evangelie soos 'n handelsartikel deur ons hande aan iemand verhandel nie. Dit moet deur ons hart, deur ons lewe gaan na ander. Daarom gebruik ons ook Nagmaal om versterk te word tot 'n geloofwaardige lewe.
Die gelowige kies nie tussen gesag óf geloofwaardigheid nie. Dit gaan om gesag én geloofwaardigheid.

5. *Geloofsbehoud*
Die Here bewaar sy kinders deur die geloof. Geloof is die behoud van 'n mens se lewe. Dit is 'n rotsvesting in 'n see van gevare (Ps. 91).
Die see is in die Bybel dikwels 'n simbool van vyandelike magte of die bose werkinge. In die skeppingsverhaal word al verwys na die duisternis op die wêreldvloed (Gen. 1:2). Aan die einde van die Bybel sê Johannes op Patmos terwyl die waters hom inperk op die eiland: en die see was daar (op

die nuwe aarde) nie meer nie (Openb. 21:1). Tussen hierdie twee verwysings aan die begin en aan die einde van die Bybel, kry ons dikwels die suggestie dat die see simbool van vyandsmagte is. Jesus maak die seestorm stil (Matt. 8:26). Uit die see kom 'n dier voort wat Goddelikheid en menslikheid wil verenig en vernietig (Openb. 13). In die wêreld van ons dag bemerk ons 'n see van bedreiging om ons. Slegs die geloof is ons behoud soos 'n rots te midde van 'n stuwende en stomende see van Satansgeweld. Die Here neem sy kinders nie weg uit die gevare nie maar bewaar hulle van die bose (Joh. 17:15). Wel word die eindtyd verkort ter wille van die uitverkorenes (Matt. 24:22).

Dit is die God van ons geloof wat ons behou. Om by God te kom, is geloof ons ruimtetuig waarin God self ons opneem–om te bedink die dinge wat dáár is waar Christus is (Kol. 3:1). Ons kan vir die huidige lewe nie anders in God se teenwoordigheid verkeer nie as om ons ruimtetuig nie te verlaat nie. Geloof is die enigste skip van lewe waarmee ons uit die waters van verwoestingswoede wegvaar om gevestig te word op die rots van behoud. Ons kan hierdie rots nie anders bereik en bewoon as in die skip van die geloof nie.

Die Bybel is vol van verwysings na God wat in die geloof ons rotsvesting is (Deut. 32:4, 15; 1 Sam. 2:2; 2 Sam. 22:2, 32, 47; 2 Sam. 23:3; Ps. 18:3, 32, 47; Ps. 91:1, 2; Ps. 19:15; Ps. 31:3; Ps. 62:3; Ps. 71:3; Ps. 73:26; Ps. 89:27; Ps. 94:22; Ps. 95:1; Ps. 144:1; ens.).

Jesus sê aan Petrus (rots) op grond van sy geloofsbelydenis in Christus, dat Hy sy kerk sal bou op hierdie rots, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie (Matt. 16:18). Ons het in die see 'n rots nodig en dit is in ons wêreld die geloof. Daarin lê ons behoud.

Merkwaardig dat Jesus na sy dood in 'n graf neergelê was wat uit 'n rots gekap was (Luk. 23:53). Dit is nie merkwaardig omdat dit 'n onbekende gebruik sou wees nie, inteendeel; maar omdat ons juis ons lewe moet vind in die graf van Jesus. Die gebruik om rotse of sandgesteentes uit te hol of reg te kap vir grafte en vestings was bekend.

Die Edomiete het so 'n rotsvesting genaamd Petra, gehad. Die Edomiete is die nageslag van Esau. Hy het verlang na die rooi lensiesop (Gen. 25:30) en was self ook rooi gebore

(Gen. 25:25). Waarskynlik verwys die naam Esau en Edomiete nog spottend na hierdie rooiheid. Hierdie Edomiete het in die roesrooi Nubiese sandsteen vir hulle die rotsstad, Petra, 80 kilometer suid van die Dooie See, uitgekap. 'n Smal pas van drie meter breed en omtrent 100 meter hoog lei tussen pragtige pilare, grafkamers en rotssuile na die stad. Hier het die Edomiete trots te midde van vele vyande gewoon, veilig in die rotsvesting. Tog het God hulle gewaarsku dat Hy hulle sal neerhaal al woon hulle tussen die sterre (Obadja 1:1–3). Ons behoud lê nooit in 'n selfgemaakte rotsvesting nie. Obadja se profesie het voorlopig reeds in vervulling gegaan (Mal. 1:3).

Ook 'n ander rotsvesting het in die geskiedenis van Israel 'n groot rol gespeel en simbool van behoud geword. Dit is Masada. Wes van die Dooie See lê die bootvormige vesting meer as 400 meter hoog. Dit was die laaste vesting waar die Joodse Selote hulle skuil gehou het, ná die val van Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeinse aanvoerder Titus. Herodes die Grote het, min of meer in die tyd van Jesus se kruisiging, hierdie vesting al vir 'n noodtoestand voorberei met 'n muur bo-om, verdedigingstorings, voorraadkamers, watervoorsiening, ens. Die Romeine het dan ook uiteindelik met groot moeite daarin geslaag om dit in te neem. Daar was maar 960 mans, vroue en kinders, onder leiding van Eleazar ben Mair wat meer as twee jaar lank die Romeine op 'n afstand gehou het. Eindelik het die Romeinse goewerneur Flavius Silva in 73 n.C. dit ingeneem deur torings te bou om toegang tot die vesting te verleen. Die muur wat hy laat bou het om die vlugtelinge voor te keer was egter totaal onnodig. Want toe die Romeine instorm, was daar 'n grafstilte op Masada! Op twee vrouens en vyf kinders na, was almal dood. Deur selfmoord en wedersydse doding het hulle hul trots buite bereik van vyandshand gestel. Voedselvoorrade was getuie dat hulle nie van honger omgekom het nie.

'n Selfgemaakte rotsvesting, of dit Petra of Masada is, hou uiteindelik nog die nederlaag en die dood in. Daar is net een rots hoër as die sterre en sterker as Masada, en dit is die geloof in God.

Die see van geweld kan om ons klots. Ons geloof is ons behoud. Esau en Jakob soek veiligheid in Petra en Masada,

maar daar is maar net een reddingspoging wat slaag. Dit word geloods uit die rotsgraf van Jesus. Glo dit! Vertrou op God!

6. *Geloofsvolharding*

Die onsterflikheid en ewige lewe wat geen sondaar self besit nie, word ons alleen deelagtig deur die geloof in Jesus Christus (1 Tim. 6:16; 1 Kor. 15:53, 54; Spr. 12:28: Nederlandse Geloofsbelydenis artikel XX). As ons dus van 'n volharding in die geloof spreek, spreek ons nie van die gelowige wat volhard op eie bene nie, maar in die hand van die Here (Joh. 10:28, 29; Dordtse Leerreëls, hoofstuk V; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel XXIV). Die volharding is dus nie iets wat plaasvind buitekant die genademiddele om van Woord en sakramente nie.

Die geloof is nie 'n waarborg teen versoekinge, aanvalle en vyandigheid nie. Geloof is nie 'n wegkruipplek waar geen onweerswolke en geen oorlogswolke oor die mens kan saampak nie. Ook die gelowige kom in al hierdie gevare. Die geloof is egter 'n versekering dat ons nie in storms verliese sal ly van dinge waar dit op aankom nie. Hy wat in die geloof staan, staan nie meer onder die heerskappy van die sonde nie, maar die sondige geaardheid is wel nog in hom. Vanweë hierdie geaardheid sif die Satan vuriglik aan ons soos koring (Luk. 22:31). Die moontlikheid bestaan dan ook dat ons sal struikel en val. Dink maar aan Dawid en Petrus (2 Sam. 12; Ps. 51; Matt. 26:75). Daarom moet ons ons gedurig voor God verootmoedig. God is magtig om ons van struikeling te bewaar (Judas 24); en alleen tot Hom moet ons ons rig om die versoeking te ontsnap (Matt. 6:13). Só 'n biddende geloof van ootmoed en sondebesef is nie net 'n ambulans om menslike wrakke aan die voet van die lewensberg, waarvan hy afgeval het, op te tel nie. Dit is nie net 'n brandweer om die sondevlamme te blus nie. Dit is 'n traliewerk en 'n heining wat keer dat ons afstort. Die geloof is vlerke waarmee ons opvaar soos arende oor die kranse en klowe van die lewe (Jes. 40:31). Die ware gelowige kan nie maar sommer 'n tjek vervals of op die straathoek hoereer nie. Die geloof verhinder hom. Dat die premies op die geloofsassuransie deur die ware gelowige ook soms agterweë gehou word, is

waar. Dit het ook skadelike gevolge. Dit vertoorn God (Hebr. 3:17). Dit bedroef die Heilige Gees (Ef. 4:30). En na die gelowige se kant is daar gewetensverwonding, kerkbreuk en 'n gebrek aan die gevoel van begenadiging.
Hierdie val van die kinders van die Here bring dikwels mee dat hulle die gevoel van God se genade verloor. Dít is 'n ervaring wat, soos die Dordtse Leerreëls sê, bitterder is as die dood, terwyl die sekerheid van God se genade soeter is as die lewe. Daar is net een wyse waarop hierdie tydelike gevoelsverlies herstel word en dit is om die polis weer na te slaan. Die polisdokument is die Woord van die Here. Dáár alleen lê die grond van ons sekerheid. Dit spruit nie voort uit enige besondere openbaring nie (Rom. 8:16, 17; 1 Joh. 3:24; 1 Kor. 10:13).
In God se onbegryplike liefde (Joh. 3:16) lê die ewige lewenspolis met die respyttyd van God se lankmoedigheid, wat nie verval wanneer die ware gelowige val nie. Die ware gelowige of heilige in Christus (1 Kor. 1:2), kan dus val, maar nie verval en ewig bly lê nie. Verval vind wel plaas, nie onder die ware gelowiges of heiliges nie, maar onder diegene wie se geloof tydelik en oppervlakkig is, die skynheiliges. Geen kraal hou 'n wilde bees wat wíl uitbreek binne nie. Skynheiliges het nie die lewenswortel van die geloof nie (Matt. 13:20, 21).
Ons bewaring lê nie primêr in ons volharding nie maar ons volharding lê in God se vashouding (Joh. 10:28). As Satan ons sif, bly die Here staan by sy dorsvloer. Hy laat nie toe dat dit uit sy hand weggegee word aan Satan nie. En as ons gesif word, dan kyk Hy nog na ons en tree vir ons in (Luk. 22:32). Ons bewaring lê in God se onveranderlike voorneme van sy genadige verkiesing. (Rom. 11:7; 1 Kor. 1:8; 1 Pet. 1:23; Joh. 17:15). Wat ons self aangaan, sou ons baie maklik en sekerlik verval het, maar God bewaar ons daarvan (1 Joh. 3:9; Joh. 10:28, 29).
Deur God se genadetrou het ons sekerheid dat ons nooit verlore sal gaan nie. Die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees sal 'n gewetensvolle kind van die Here nie pleeg nie (1 Pet. 1:23; 1 Joh. 5:18). Hy wat dit pleeg, pleeg dit willens en wetens, onberoulik en onbekommerd (Matt. 12:31; 1 Joh. 5:16; Hebr. 6:4–6). Esau se trane het

homself op die oog gehad en nie God nie (Hebr. 12:17). In wese was hy dus onberouvol. So ook Judas.
Hierdie geborgenheid van die heiliges word deur die sondige natuur nie begryp nie, deur die Satan gehaat, deur die wêreld bespot, deur skynheiliges misbruik en deur dwalendes bestry; maar die bruid van Christus het dit altyd as 'n skat van onwaardeerbare prys teer bemin en standvastig verdedig (Dordtse Leerreëls).
Daar kom 'n baie belangrike vraag op. Of hierdie geloofsekuriteit nie hoogmoed, sorgeloosheid en fatalisme kweek nie? Hierop is die antwoord wonderbaarlik: Nee! Dit is kenmerkend van die goeie boom dat dit goeie vrugte dra (Matt. 12:33; Nederlandse Geloofsbelydenis, art. XXIV). Geloof is die ware wortel van nederigheid en van onwrikbare blydskap (Jak. 2:26; Galate 5:22). Dit is eie aan die ware geloof dat dit 'n voortdurende beoefening van dankbaarheid en goeie werke voortbring, soos uit die getuienis van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk (1 Joh. 3:3; Dordtse Leerreëls). Die sekerheid van die jong man in die objektiewe feit dat hy eendag 'n spesifieke vrou sal kry, wat die Here as met sy hand na hom toe bring (huweliksformulier), maak hom tog nie in die praktyk passief in sy soeke na 'n lewensmaat nie! Die geloofsversekerde word juis 'n ware en lewende lid van die Kerk. Passiwiteit, neutraliteit en onverskilligheid is nooit die gevolg van geloofsekerheid nie. Dankbaarheid, toewyding en ywer in die geloof, is natuurlike eienskappe van die volharding van die heiliges. Dit is die lewenshouding van 'n kind van die Here.
Daarom skep en hou ons moed in alle omstandighede.

7. Kindskap

1. *Gods Kinders*
Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom vrees (Ps. 103:13; Nagmaalsformulier). Vaderlike barmhartigheid maak van sondige mense kinders van God, en hulle word deur die Here as sy kinders bewaar.

Dit is dus belangrik om te weet dat nie alle mense sommer vanself en ongekwalifiseerd kinders van God is nie. Alle mense is skepsels van God, maar dit is nog nie sinoniem met kinders van God nie. Die mens is wel geskape om almal kinders van God te wees. Weens die sondeval is die geloof egter nou noodsaaklik voordat ons in Jesus Christus kinders van God word. God het die mens na Sy beeld en gelykenis geskape (Gen. 1:2). Nie net die koning is die beeld van God en die volk die skaduwee van die koning – soos die Oud-Oosterse opvatting was nie. Maar elke mens moes in 'n kindskap verhouding tot God staan. „Die uitdrukking kind van God (is) die mees adekwate interpretasie van die Ou Testamentiese beeld van God" (E.S. Mulder, *Hervormde Teologiese Studies,* Nov. 1959, bl. 121). Die uitdrukking *kind van* of *seun van,* word in die Bybel gebruik om 'n wesenlike identiteit vas te stel (Van Selms, *Lig uit Lig).* Dit is merkwaardig dat die uitdrukking *kind van God* nie in die skeppingsverhaal gevind word nie, maar wel in die res van die Bybel en veral in die Nuwe Testament. Die rede lê waarskynlik gedeeltelik daarin dat die mens nie beantwoord het aan sy skepping nie. Hy het nie kind van God geword nie. Vanuit sy beelddraerskap-van-God moes die mens en kon die mens kindskap-van-God verkry. "De mens is geschapen als mogelikjheid; zijn identiteit ligt niet in hem maar vóór hem (Dr. H. Berkhof, *Christelijk Geloof,* bl. 194).

Die mens is geskape met hierdie hunkering of opdrag van God om soos God te wees. Dit was goed in die oë van God. In plaas van om langs die weg van gehoorsaamheid kind van God te word, wou die mens langs die weg van vergryp 'n kortpad na God loop. Daarmee het hy egter presies die teenoorgestelde bereik – 'n val na benede, na die dierlike: die sondeval. Nou het hy niks wesenliks van sy bestemde kindskap meer oorgehou nie, as net 'n spoor waarop deur wedergeboorte die beeld van God weer kan herleef (N.G.B. XIV; D.L. III, 4).

In hierdie vervalle staat, waarin die mens geraak het vanweë sy vennootskap met Satan, word ons nou elkeen gebore (Ps. 51:7; Matt. 15:19; 1 Joh. 1:8). Daaruit kan ons alleen ontkom deur die geloof in Jesus Christus, die Seun van God. Om hierdie ontkomingsweg beter te verstaan,

moet ons eers 'n paar verhoudingstitels bespreek wat aan Jesus toekom.
Daar is baie verhoudingstitels wat deur die Bybel aan Jesus toegeken word, soos byvoorbeeld dat Hy die Eersteling is van dié wat ontslaap het (1 Kor. 15:20); die Eersgeborene van die hele skepping (Kol. 1:15), ens. Ons wil egter kortliks aan vier besondere verhoudingstitels hier verder aandag gee. Dit beskryf die verhouding tussen God en Jesus en die verhouding tussen die gelowiges en Jesus.
Die eerste verhoudingstitel is Seun van God. Dit kom dikwels in die Nuwe Testament voor (bv. Joh. 3:16; Joh. 17:1; Gal. 4:4). Hierdie titel beklemtoon dat Jesus God is, persoon is van die Drie-eenheid. Jesus, die Seun van God, is saam met God die Vader en God die Heilige Gees mede-ewig en Hulle is in alles volkome aan mekaar gelyk (Athanasiaanse Geloofsbelydenis art. 24; Nederlandse Geloofsbelydenis art. 10; Dordtse Leerreëls hfst. 2 par. 4). Dat die Seun van God ons Verlosser is, wil sê dat dit die sterke God is wat ons verlos (Jes. 9:5). Dit spreek van die grootsheid van ons verlossingsverlede. Alleen God kon en was in staat om ons sondelas te dra waaronder ons onder die toorn van God ewig moes versink het (Nagmaalsformulier). Dit roep ons op tot dankbaarheid.
Die tweede titel van Jesus in hierdie verband is die titel Seun van die mens. Dit kom ook dikwels in die Skrif voor (bv. Matt. 8:20; Openb. 1:13; Dan. 7:13). Hiervolgens is Jesus die voorspelde Messias, dié Seun van Dawid, wat as Koning sal heers tot in ewigheid. Hy is die Vredevors op wie se skouers die heerskappy is (Jes. 9:5). Dit spreek van die grootsheid van ons verlossingstoekoms. Dit spoor ons aan tot 'n grote verwagting.
Die derde titel beskryf Jesus as ons Broer. Veral in die Hebreërboek word beklemtoon dat Jesus gebore is uit 'n vrou sodat Hy ons gelyk geword het in alle opsigte – behalwe natuurlik die sonde (Hebr. 2:17; 4:15). Ons kan nie kinders van God die Vader wees of word nie, tensy ons eers broers en susters van Jesus word nie. Hy is die enigste natuurlike Seun van God die Vader en slegs deur Hom kan ons die aanneming tot kinders van God die Vader ontvang (Gal. 4:4, 5; Gal. 3:26). Wedergeboorte of aanneming tot kinders

is 'n proses (Joh. 3:3–7). Voorop staan God se genadige verkiesing. Hierdie uitverkiesing kom tot ons by die aanhoor van die Woord van God en die aanname daarvan deur die werking van die Heilige Gees. Hierdie aanname noem ons geloof, wat niks anders is nie as die naelstring van ons kindskap. Deur die geloofsnaelstring word Gods kinders gevoed met sy Woord en sakramente. Nadat die wedergeboorte só in ons verwerk is en ons in die kerk, die moeder, gegroei het, sal die tyd van die open-baring aanbreek. Dan is die wedergeboorte afgehandel (Gal. 4:19; Rom. 8:15, 16, 19, 22, 23; Matt. 19:28; Hand. 3:21; Jes. 65:17; 66:22; 2 Pet. 2:13; Openb. 21, ens.). Jesus moet eers ons Broer word, deur sy menswording – en die geloof van ons kant – voordat ons kinders van God kan word. Dan kan ons saam met Jesus sê: Ons Vader wat in die hemele is ... (Matt. 6:9). Jesus as ons Broer kom bý ons, word vir ons Immánuel (Jes. 7:14). Hy is ons Raadsman (Jes. 9:5). Dit spreek van die heerlikheid van ons verlossingshede. Dit roep ons tot toewyding.

In Jes. 9:5 word nog verder geprofeteer dat die Kind wat gebore word en die Seun wat aan ons gegee word, genoem word: Wonderbaar ... Ewige Vader. En daarmee wil ons nie die persone van God die Vader en God die Seun met mekaar verwar nie. Hierdie vierde titel spreek van Jesus na sy mensheid en sy verhouding tot die gelowiges, sonder om die verhouding tot God die Vader weer ter sprake te bring. Jesus het vir ons, die gelowiges, Adam geword (C.K. Barrett, *From First Adam to Last).* Die Bybel ken dus twee Adams: die eerste Adam in die tuin van Eden en die Tweede Adam in die tuin van Arimathea (1 Kor. 15:45).

Hierdie twee Adams het trekke wat ooreenkom en trekke wat verskil. En die gelowige het trekke van albei.

Die trekke wat ooreenkom dui aan dat die eerste Adam 'n vóórbeeld was van die Laaste Adam (Rom. 5:14). Een van hierdie trekke was volmaaktheid. Na die eerste Adam word verwys as 'n skepping wat mooi en goed was, na die beeld van God was (Gen. 1:27), 'n weinig minder as 'n goddelike wese (Ps. 8:6). Die Tweede Adam word inderdaad genoem die Beeld van God (2 Kor. 4:4; Kol. 1:15). Hy was in die gestalte van God (Filip. 2:6). 'n Verdere trek van ooreenkoms

lê in die heerskappy wat rus op albei die Adams. Die eerste Adam moes heers oor alles (Gen. 1:28). Hy was die eerste wêreldheerser. Alles was onder sy voete gestel (Ps. 8:7–9). Ook die Tweede Adam, wat die Messias is, is Koning. Selfs in sy benoudste uur was dit onuitwisbaar só geskrywe (Joh. 19:19, 22). 'n Volgende trek van ooreenkoms tussen die twee Adams is die menslikheid. Die eerste Adam was mens deur en deur. Hy is die eerste mens van die ou bedeling. Die Tweede Adam het volkome mens geword – daarom word Jesus juis Adam genoem. Adam beteken mens.

Die trekke wat verskil tussen die twee Adams, word gevind selfs in die dinge waarin daar aanvanklik ooreenkoms was. Die eerste Adam het gefaal om volkome kind van God te word. Hoewel hy volmaak was, het hy nie die weg van gehoorsaamheid aan God gevolg nie, maar deur versoeking van die duiwel hom vergryp aan God. Die Tweede Adam het onder soortgelyke en veel moeiliker omstandighede, nie gefaal nie. Die eerste wou gryp na Godheid om soos God te word (Gen. 3:5). Die Tweede Adam het, hoewel Hy in die gestalte van God was, dit nie roofagtig vasgeklou nie, maar Homself ontledig en neergekom na die mensheid toe (Filip. 2:6). Die eerste Adam het met die hulp tot sy beskikking (Gen. 2:20), gesien dat die verbode vrug goed was om te eet. Dit het betrekking op die sinne – 'n lus vir die oog. Ook was die vrug begeerlik. Dit het betrekking op die menslike gemoed. Verder was die vrug gesien as bron van verstand. Dit het betrekking op die menslike intelligensie (Gen. 3:6). Nou was en is dit nog steeds geensins God se bedoeling dat 'n mens nie sinne, gemoed en intelligensie moet hê nie! God het immers self hierdie drie dimensies in die mens geskape. Dit was daar vóór die sondeval. God wou en wil hê dat aldrie tot ontplooing moet kom. Die verskil is net dat die eerste Adam hierdie ingeskape goeie gawes in werking wou stel en geniet met die kortpad van vergryp in plaas van op die pad van gehoorsaamheid. Hierdie gesogte boom was tog nie deur God as 'n versoeking van die mens daargestel nie. Só liefdeloos is God nie. Hy skep nie behae daarin om ons te martel nie. Hierdie boom met sy goeie vrug was seker bedoel vir die mens om te geniet langs die weg van gehoorsaamheid. Dit sien ons juis by die tweede Adam (Luk.

4:1–13). Die duiwel rig 'n versoeking op Jesus se sinne en stel die ronde klippe voor as brode – 'n lus vir die oog. Dan kom hy weer en maak 'n beroep op Jesus se gemoed om Heerser te word van al die koninkryke van die wêreld. Daarna versoek die duiwel Jesus om met verstandskrag materie te beheers in die ruim deur van die tempel se dak te spring! Jesus sál eet (Luk. 24:43; Joh. 21:12; Matt. 26:29); Jesus sál oor al die koninkryke regeer (Openb. 11:15); Jesus sál van die hemele neerdaal (1 Thess. 4:16). Maar Jesus doen dit nie deur vergryp aan God en saamspanning met die bose nie. Hy doen dit langs die weg van gehoorsaamheid (Hebr. 5:8; Matt. 26:39).

Die waarskuwing aan die eerste Adam was dat hy sou sterf die dag as hy van die verbode vrug eet. Hy het geëet! En wat het op daardie dag gesterf? Die mees wesenlike van sy menswees, die potensiaal om kind van God te word. Die Tweede Adam het as mens met die krag van die Gees van God as sy Hulp (Luk. 4:1), dit volbring waarin die eerste Adam gefaal het (Joh. 19:30).

Daar is in die gelowige altyd trekke van beide Adams. Hulle voer selfs stryd teen mekaar (Rom. 7:23). Die eerste Adam is ons aller vader, na die mensheid. Ons almal se bloedlyn loop na hom terug (Hand. 17:26). Ons sondelyn loop ook terug na hom toe (Rom. 5:12). Ons geloofslyn loop egter net na die Tweede Adam toe. Die Tweede en Laaste Adam is die enigste Vader van die herskape mensdom. Tot in ewigheid sal ons geen ander beginpunt van verlossing verkry nie as Jesus Christus. Hy is in hierdie sin van die nuwe mensheid ons Ewige Vader. (Vergelyk hiervoor ook die Kerspsalm van Jesaja, gedig deur prof. A. van Selms – Ges. 107:5, in die ou Gesangebundel.) Ons moet die oue mens afsterwe (Rom. 6:6; Ef. 4:22).

'n Gelowige het dus 'n dubbele kindskap: hy moet eers kind van die Here Jesus word (Joh. 21:5) om kind van God te wees (Joh. 1:12; Luk. 20:36; Gal. 3:26; 4:5). Nie almal wat glo in 'n godheid of 'n oppermag, is gelowiges nie! Ons kan byvoorbeeld nie redeneer dat die Bantoe ook in 'n modimo volgens hulle gelowe glo, en so is hulle ook maar gelowiges nie! Nee, die evangelie van Jesus Christus moet aan alle mense verkondig word (Matt. 28:19).

Alleen op grond van hierdie verkondiging kan ons sê: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word ..." (1 Joh. 3:1; vgl. ook Rom. 8:14–16; 9:8; Filip. 2:15).
Vaderskap in die Bybel hou veral drie fasette in. Omdat die vader sy seun ambagte geleer het, is 'n vakbondhoof 'n vader genoem (1 Kron. 4:14). Omdat die vader verantwoordelik was vir die onderrig van sy kinders, is 'n leermeester ook vader genoem (Rigt. 17:10). Verder is die vader natuurlik die gesinshoof. In Christus word God ons Bestaanshoof, ons Kennishoof, ons Arbeidshoof. Daarom is ons sy kinders, sy leerlinge, sy mede-arbeiders. In gemeenskap met Christus roep ons: "Abba, Vader!" (Mark. 14:36; Rom. 8:15; Gal. 4:6).

2. *Tug*
Die Here straf en beproef 'n mens dikwels. Dit werk natuurlik altyd ten goede vir die gelowige (1 Pet. 1:6; 4:12; Rom. 1:18; Openb. 20:12; Rom. 8:28). Tog wil die Here sy kinders ook begenadig met 'n besondere aandag – die kerklike tug. Die kerklidmaat het ook by geloofsbelydenis hom vrywillig daaraan onderwerp.
In Efesiërs 6:4 word vaders versoek om hulle kinders in die tug van die Here op te voed. Die woord vir *tug* kan ook met *kindskap* vertaal word. Tug en kindskap is dus baie nou verbonde. Ons hemelse Vader wil nie tugtelose kinders hê nie.
Die Here het twee besondere genademiddele waardeur Hy die geloof in ons voed en koester, nadat dit tot stand gekom het deur die hoor van die Woord van God en die inspraak van die Heilige Gees. Die Heilige Gees werk met die genademiddele van die heilige Woord en die heilige sakramente om die gelowige te bewaar. Die kerk moet gedissiplineerd wees onder hierdie twee genademiddele.
Die verhouding tussen die Heilige Gees en die genademiddele is nie één van die volgende moontlike twee uiterstes nie. Die verhouding is nie vryblywend nie soos die geesdrywers en veral die Oosterse Ortodokse Christendom beweer wat in 1054 n.C. van die Westerse Christendom weggebreek het. Hiervolgens is die Heilige Gees nie juis ge-

bonde aan die genademiddele van Woord en sakrament om God se verlossingsgenade aan ons te bewerkstellig nie. Die Griekse en Russiese en ander Oosterse Ortodokse Christelike kerke bely dan ook nie saam met ons dat Jesus, die vleesgeworde Woord van God, uitgaande is van die Vader en van die Seun nie (Niceense Belydenis). Hulle sê die Heilige Gees gaan net uit van die Vader alleen. In Joh. 14:16 lees ons egter: "En Ek sal die Vader bid, en Hý sal julle 'n ander Trooster gee ..." Die Heilige Gees gaan dus uit van die Vader deur middel van die Seun. 'n Vryblywende optrede van God, los van Christus en sonder sy genademiddele, maak nie alleen die genademiddele oorbodig wat God self gewil het nie, maar skep ook die ruimte dat die mens tugteloos kan beweer dat dit die Heilige Gees is wat hom lei – en intussen is dit dalk 'n bose gees! Hier lê ook die ruimte van vrysinnigheid waarin die kommunisme en ander anti-Christelike geeste welig tier. Hierdie beskouing maak die tug onmoontlik.

Aan die ander kant is die verhouding tussen God en sy genademiddele ook nie van so 'n aard dat die genademiddele outomaties werk nie. Sou dit die geval wees dat die Woord en die sakramente outomaties werk, dan sou die kerk 'n maklike taak en 'n eenmanstaak gehad het. Die kerk alleen sou dan, sonder God, net Woord en sakramente bedien, en elkeen wat dit smaak sou gered wees! Nee, Woordbediening en sakramentsgestaltes is nog glad nie God self nie. Die Roomse dwaal as hulle reken dat brood en wyn in substansie liggaam en bloed van Jesus is. Deur laasgenoemde beskouing moet muise van die altaar geweer word sodat hulle nie Jesus se liggaam eet nie! Hierdie outomatiese werking van die genademiddele maak ook die tug oorbodig en onnodig. Inderdaad het slegs die ekskommunikasie of ban nog by die Roomse oorgebly. Nee, die genademiddele is middele in die hande van die Heilige Gees. Die kerk is die instrument waardeur die Heilige Gees hierdie genademiddele hanteer. Daarom is die kerk geroepe om voortdurend homself aan die Bybel te oriënteer in sy taak tot Woord- en sakramentsbediening in 'n gedissiplineerde lewe (Nedl. Geloofsbelydenis, art. 29 en 32).

Woord- en sakramentsbediening word gewoonlik redelik

ongekompliseerd voortgesit. Maar of die bedienig korrek beleef word, is 'n ander saak. Dit is die saak van 'n gedissiplineerde Christelike lewe. Dat 'n kind van die Here die Woordbediening moet bywoon, is 'n uitgemaakte saak (Ps. 27:4; Ps. 42:3; Ps. 84:3, 5; Ps. 122:1; Pred. 4:17; Luk. 2:41; Luk. 4:16; Hand. 17:2; Rom. 10:17; Hebr. 10:25, ens.). Die sakrament van die doop getuig van, en verseël die Here se genade oor die dopeling toe hy nog dood was in die sonde (Ef. 2:1; Kol 2:13). Die doop is so 'n teken van God se genadeverbond met hom. Die doop spreek dus van sy geloofsbasis. Dit is daarom noodsaaklik vir die kind van die Here, en uit dankbaarheid moet hy hom dringende erns daarmee maak (Gen. 17:23; Luk. 1:59; 2:21; Lev. 12:2, 3; Kol. 2:11; Matt. 28:19; Hand. 2:39; Hand. 22:16; Lev. 26:21; Gen. 17: 14). Die Nagmaal, wat die Here se genade oor sy geloofslewe beseël, spreek van 'n geloofsduurte waartydens hy versterk moet word. Vir die kind van die Here is die gebruik van die Nagmaal nie aan 'n vrye keuse oorgelaat nie; dit is 'n opdrag (Matt. 26:26, 27; 1 Kor. 11:23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 28, antwoord 75).

Wanneer lidmate nou volkome neutraal meen te staan, of laks is teenoor die Woord en sakramente, en die geloofslewe in die algemeen in ooreenstemming met die gebooie versuim (1 Kor. 6:10), moet hulle getug word. Dit blyk dat die tug uitermate verwaarloos word. In een van ons kerke se plattelandse ringe is daar byvoorbeeld oor die loop van 'n bepaalde jaar 42 ongedoopte kinders bo een jaar, 119 belydende lidmate wat nooit die erediens bywoon nie, 9 gevalle waar ouers slegs hul kind se doopdiens bygewoon het en géén ander diens nie, 155 belydende lidmate wat slegs Nagmaalsdienste bywoon en157 belydende lidmate wat om redes van onverskilligheid (nie ouderdom of siekte, e.d.m.) nooit Nagmaal gebruik nie. Dit is normaalweg al 'n getal van 533 belydende lidmate. In groot stedelike gemeentes is dit seker nog erger. En nie een enkele van hierdie gevalle is onder tug geplaas nie. As 'n mens nou die getal van ongehude ouerskap, egbreuk in die algemeen, dronkenskap, oneerlikheid, ens. byreken, kom die getal by 'n duisend waaronder daar slegs 1 tuggeval was! Spreek dit nie van 'n gruwelike geringskatting of misverstand rondom die tug nie?

Dwaalleer en dwaallewe dwaal soos bose geeste in die kerklike lug rond sonder dat ferme weerstand gebied word.
Allerlei argumente word dikwels aangevoer om die tugtelose toestand te regverdig. Een stereotipe argument is dat die kerk wel met die ontroues handel. Die gevalle wat hier genoem is, is almal egter gevalle waar dié stadium sekerlik lankal bereik is dat die kerk moet oorgegaan het van die eerste stappe van vermaning na die amptelike tughandeling (Matt. 18:15 – 18). Die argument dat dwalendes (Gal. 1:8, 9; 2 Tim. 3:14; 2 Joh. 10;2 Thess. 3:6; 1 Kor 5:1, 6, 7, 11, ens.) nog bearbei word – en dit byna eindeloos en doelloos – voordat die tug toegepas word, is 'n totale misvatting van die tug. Die tug is nie iets anders buite bearbeiding nie. Tug is bearbeiding. Elke hardnekkige volharding van sonde en elke ergerlike sonde verg die bearbeiding in die vorm van tug. Tug is nie die slaan van 'n kind sonder dat hy weet waarom nie. Dit sou inderdaad verkeerd wees. Maar om 'n kind te sê wat die oortreding is, neem nie jare nie, en die tug word dus nie uitgestel nie. Dat die kind onkundig sou wees, is alreeds 'n aanklag teen die opvoeding. Die vermaning en tughandeling begelei mekaar. Kerklike tug is nie net strafmaatreëls teen die sonde nie (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29), maar 'n ernstiger vorm van kerklike bearbeiding van die sondaar. Ons moet nie vir die tug bang wees nie, maar lief wees daarvoor. Die Here tugtig diegene wat Hy liefhet (Hebr. 12:6). Op die oomblik van tugtiging lyk dit nie na 'n saak van blydskap nie, maar later lewer dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid. Die gemeentelede moet tot hierdie opvatting geoefen wees (Hebr. 12:11). Dan is ons nie bang dat ons lewe aan die lig kom nie (Joh. 3:21).
Die argument dat daar altyd sonde sal wees, kan ook nie die tug uitskakel nie. Indien iemand siek is, sê ons nie dat daar altyd krankheid sal wees en daarom hoef ons nie behandeling aan 'n individuele pasiënt te verleen nie! So sal die armes tog ook altyd by ons wees (Matt. 26:11), nogtans moet die kerk na hulle omsien (Rom. 12:8; 2 Kor. 9:7). So moet die kind van die Here of diegene wat onder die Christelike naam lewe en hulle onchristelik gedra, getug word (Heidelbergse Kategismus, antw. 85). Die Kerk is verplig om tug uit te oefen (Heidelbergse Kategismus, ant. 82).

Daar is 'n derde argument wat ook dikwels teen tugbeoefening gemaak word, dat mense daardeur weggejaag word van die kerk af. Maar die regte tugbeoefening kom van God se barmhartigheid en het juis die behoud van die gelowige op die oog. Dit is so dat daar altyd mense is wat van die kerk af weggaan – al word die tug in hulle geval ook selfs reg toegepas. Hierdie mense gaan nie net weg van die kerk af nie, maar van die Heer van die kerk af. Jesus is steeds nie net 'n opstanding vir vele nie maar ook 'n val vir baie (Lukas. 2:34). Van Jesus se geboorte af was daar diegene wat Hom hulde bewys het (Matt. 2:2) én diegene wat Hom wou ombring (Matt. 2:8). Die Here hou nie iemand teen sy sin vas nie (Joh. 6:67). Om die Woord en tug van die Here te verontagsaam, verdien 'n sewevoudige straf (Lev. 26:23, 24). Dit help niks om te sondig en daarby dan nog opgeblase te wees in plaas van om te treur nie (1 Kor. 5:2).

Die genademiddele van Woord en sakrament word 'n sleutel genoem vir die bediening van die genade. Deur hierdie sleutelbediening word die gelowige ingelaat in die koninkryk van God. Omdat die tugbeoefening 'n besondere vorm van die bediening van die genade is, word dit ook 'n sleutel genoem, die tweede sleutel. Daardeur word die ongelowige uitgelaat en uitgesluit uit die koninkryk, en die gelowige ingesluit in die kerk en in die koninkryk.

Hierdie sleutelmag van die hantering van die tug as besondere vorm van Woordbediening, is aan die kerk opgedra. Die ewige Koninkryk word in hierdie verband as 'n vesting of paleis of koningshuishouding beskou, waartoe 'n sleuteldraer, die kerk, die toegangspoort beheer. In die Bybel lees ons van sulke sleuteldraers of gesagsdraers, byvoorbeeld Sebna (Jes. 22:15), Eljakim (Jes. 22:22), Daniël of Beltsasar in Babilonië (Dan. 6:4), Haman en Mordegai in Persië (Ester 3:2; 10:3), Obadja onder koning Agab (1 Kon. 18:3), en Josef of Sáfenat-Panéag in Egipte (Gen. 41:40, 45). Jerusalem het die stelsel soos Josef dit in Egipte leer ken het, toegepas. Die sleutel van die huis van Dawid (Jes. 22:22) is dus die sleutel van die paleis in Jerusalem. Hierdie sleutel is vanweë sy grootte en gewig oor die skouer gedra. Ons moet ook die tug as 'n omvangryke en gewigtige saak hanteer – en ons moet dit op ons hart dra! Die hofmeester of

gesagsdraer in Egipte, het namens die farao gesag uitgeoefen, ook in die farao se afwesigheid as dié êrens heen was. Die sleuteldraer het die poorte in Jerusalem oopgesluit om diegene te laat uitgaan wat moes uitgaan en diegene te laat binnekom wat moes binnekom.

In Openb. 3:7 word gestel dat Jesus die toegang van die ewige vesting beheer (vergelyk Joh. 14:6; 1 Tim. 2:5). Hierdie sleutelsaak het in Jesus dus te doene met ons saligheid, dáárom behandel die Heidelbergse Kategismus dit onder die deel van ons verlossing. Dit vorm as 't ware 'n oorgang na die deel van ons lewe uit dankbaarheid.

Aangesien Jesus na sy mensheid ten hemele is, het Hy self die sleutelmag toevertrou en opgedra aan sy kerk. Die kerk is nou die gesagsdraer wat die regering en beheer moet uitoefen. Die kerk is nie die baas of huisheer nie. Die kerk is die huisbewaarder soos die huisbewaarder van Lukas 12:42. Die sleuteldraer moet sorg dat die hele huishouding ordelik en normaal volgens die opdragte van die huisheer moet plaasvind. Die wyse waarop die kerk die sleutelmag mag uitoefen, is nie uitgelewer aan die willekeur van die kerk nie. Daar is baie grappies in omloop oor Petrus wat dan die poort by die hemel sou bewaak. Hierdie grappies is ongereformeerd. Die Roomse Kerk ag Petrus oftewel sy sogenaamde opvolger, die pous, as die sleuteldraer. Die Here het wel aan Petrus die sleutels gegee (Matt. 16:19, vgl. Matt. 23:13), maar daarmee ook aan die apostels (Joh. 20: 23), en aan die hele kerk (Matt. 18:15–18). Dit is byvoorbeeld nie die Christus-belydende Petrus wat vir Jesus 'n struikelblok is nie, maar die Jesus-bestraffende Petrus (Matt. 16:22). Petrus wat Jesus verloën, word self getug (Matt. 26:75; Joh. 21:15–17). Petrus wat Christus bely, ontvang die opdrag tot tugbeoefening. Nie Petrus as persoon nie, maar die Christusbelydenis bepaal die operasionele gebied van die tug. Deur hierdie sleutel wil die Heilige Gees met die kerk al die kinders van die bose uiteindelik uitsluit tot hul ewige verderf (Jes. 22:22; Matt. 16:19; Openb. 3:7). So het God self ook Noag se ark toegesluit, en daarmee reddend ingesluit en veroordelend uitgesluit (Gen. 7:16).

Ons houding tot die tug moet dus positief wees. Hy wat

die tug verwerp, ag sy lewe gering (Spr. 15:32, 33). Ons kan nie die Woord van die Here ontvang maar die tug haat nie (Ps. 50:16, 17). Diegene wat sonder tugtiging is, is onegte kinders (Hebr. 12:8).

Tugteloosheid (1 Tim. 1:8,9) moet deur selftug en tug opgeruim word. Natuurlik moet daar ook gewaak word dat die verkeerde persoon nie getug word nie (3 Joh. 9, 10).

Selfbeproewing of selfondersoek is self-tug (1 Kor. 11:28, 31;2 Kor. 13:5). Hierdie saak word deur die Bybel en die Heidelbergse Kategismus baie nou verbind aan die sakramentsgebruik. Self-tug is egter nie beperk tot die tyd net voor die sakramentsgebruik nie. Dáár is dit wel 'n voorwaarde.

Self-tug vind plaas uit geloof. Self-tug is nie 'n ondersoek of daar geloof in my is nie, maar of ék in die geloof is, d.w.s. of ek gelowig lewe. Self-tug is nie 'n saak van die twyfelende nie maar van die vertrouende. Want geloof is kennis van die Woord van God en vertroue in die lewende en ware God van die Woord. Die selftugtigende gaan dus nie uit van die twyfelvraag of hy gló nie, maar van die lewenshouding: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp (Mark. 9:24). Selftug is nie die ondersoek òf iemand 'n kind van die Here is nie, maar hóé 'n kind van die Here hy is. Iemand wat oudergegewoonte sy vuurwapen nasien, twyfel nie daaraan dat dit 'n vuurwapen is nie. Hy haal nie eers die onderdele uitmekaar, bekyk dit en besluit dan dit is 'n vuurwapen nie! Die vuurwapenbesit is sy uitgangspunt, daarom sien hy die slot ná en olie dit. Die loop roes en moet blink gemaak word. Soms werk die bye die loop toe. Dan moet dit oopgemaak word. Die kolf kan barsies maak weens uitdroging. Dit alles en nog meer moet as selfversorging op sy vuurwapen toegepas word sodat dit bruikbaar bly en nie dalk nutteloos is as hy dit opneem vir selfverdediging nie. Sy lewe hang van hierdie selfversorging af. Self-tug is 'n ondersoek aan die hand van die wet van die Here of die gelowige gelowig lewe; want geloof is ook geloofsbeoefening. Dit is belangrik om self-tug toe te pas omdat eie geloof daardeur verdiep word. Daarby brei hierdie lewenswyse uit in 'n goeie gesindheid na die naaste. Bowenal strek self-tug tot eer van die Heer. Want elke kind van die Here wat naby die Here lewe, moet altyd

nog nader kom. Die heilige moet heiliger word, en die regverdige regverdiger (Openb. 22:11). Dit kom nie daarop aan hoe naby of hoe ver ons van die Here is nie, maar of ons nader kom of verder gaan. Dit is beter dat die Here ons gesig sien – wanneer ons naderkom, as dat Hy ons rug sien – wanneer ons van naby af dalk weggaan.

Inwendige self-tug is van ontsaglike belang. Waar dit ontbreek, word die uitwendige tug van die Kerk 'n verpligting (Heidelbergse Kategismus Sondag 30, antw. 82). In gevale waar self-tug ontbreek, moet die kerk 'n sleutelrol vervul (Heidelbergse Kategismus Sondag 31).

Die tug het 'n drieledige doel. 'n Tugtelose Kerk versuim die eerbetoon aan die Here, vergeet die welsyn van die gemeente en verwaarloos die heil van die lidmate. Die eer van God staan voorop. God se heiligheid vereis dat Sy volk ook heilig moet lewe (1 Kor. 11:29). Dit beteken nie dat daar in die kerk sondeloses en sondaars is nie. Die verskil waar die tug sy plek inneem, lê tussen sondaars onder tug en sondaars sonder tug. Laasgenoemdes moet deur 'n kerklike handeling onder tug gebring word omdat hulle nie self-tug toepas nie. Alle mense of lede van die kerk, is in hulleself sondaars (Matt. 15:19; Rom. 3:10; 1 Joh. 1:8 Pred. 7:20; Ps. 5:7). In Christus word ons egter geheilig. Die heilige God word onteer en die heilige sakramente ontheilig wanneer permissiwiteit en tugteloosheid in die kerk toegelaat word (1 Kor. 10:21). Die kerk wat soos 'n stad op 'n berg voor die oog van die wêreld is, maak dan van die Stedehouer 'n bespotting (Matt. 5:14).

Die tweede doel van die tug is die gemeentelike welsyn. Tugteloosheid werk soos 'n suurdeeg deur van die een na die ander. Dit moet uitgesuiwer word (1 Kor. 5:6, 7, 13;2 Thess. 3:14;2 Joh. 1:10). Is die kerk nie aandadig aan die ontsaglike toename in booshede nie, omdat dit tugteloos en met 'n verkeerde lankmoedigheid verdra word nie? Die ernstige bediening van die genademiddele, naamlik forse aanspraak en onthouding van sakramentsgebruik word dikwels nie net uitgestel nie maar afgestel. Dit mag nie. In die Roomse Kerk vóór die Hervorming, het ons 'n voorbeeld van totale kerklike afdwaling op leerkundige en sedelike terreine vanweë die verwaarlosing van die tug.

Die derde doel van die tug het die heil van die tugtelose op die oog (Jak. 5:20; 1 Kor. 5:5; 6:10).

"Dis nie jou dood wat Ek begeer,
maar lewe en dat jy jou bekeer!"
"My volk," roep God, "bekeer jou nou,
keer jou tot My en word behou;
verlaat jou bose weg voortaan–
waarom sou jy verlore gaan?"
(Ou Gesangbundel, nr. 159:5).

Elke dwalende gelowige behoort dan ook saam met die digter van Ps. 119:63 te bid:

Heer, ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.
U, my Heer en Herder, bid ek
dat U my tog wil kom haal.
Soek my, bring my weer, u dienaar
wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede,
u gebooie nie vergeet.

Die volhardende tugtelose moet, om al drie redes, afgesny word uit die gemeenskap van die heiliges (1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20). Dan nog moet vir hom gebid word soos vir 'n tollenaar en 'n heiden (Matt. 18:17). Omdat die moontlikheid van bekering steeds bestaan, het ons 'n formulier vir die wederopneming. Daarom: "Beskou hom nie as 'n vyand nie maar vermaan hom as 'n broeder" (2 Thess. 3:15).
Deur duiwelse lis is dit hoofsaaklik praktiese probleme wat die tug van die kerk in die wiele ry. In die eerste plek is kerkraadslede en gemeentelede dikwels onvoldoende toegerus oor wat die tug behels. Miskien is die leraars hier kwalik te neem. Dikwels het leraars dan nie die nodige ondersteuning aanmaning en medewerking van ouderlinge en ander betrokke gelowiges nie. Wanneer die self-tug en die broederlike vermaning van elkeen teenoor sy naaste reg is, sal dit makliker met die amptelike tug gaan. 'n Verdere praktiese probleem is die prosedure. Gewoonlik is hierdie saak in hooftrekke deur kerkwette en kerkordes gereël. Daaraan

moet gehou word omdat dit gewoonlik die produk is van deeglike, gesamentlike en langdurige denkarbeid. Verder is die sleuteldraer deur ons land se wetgewing beskerm indien hy getrou is aan sy eie reëls. Tog bly daar probleme steek. Vriendskap en voordele is baie keer op die spel. Vrees vir vervolging vertraag dikwels die tug – ten spyte van wat die ouderlingeformulier hieroor sê! 'n Ander probleem hang saam met die stappe van die tug. Ons sien dikwels nie kans om 'n sonde wat eenmalig maar ergerlik is, bv. egbreuk of ongehude moeder- en vaderskap, af te kondig in die gemeente nie. 'n Vermeende uiterlik korrekte vorm en volgorde van tugstappe het sy bydrae gemaak tot die verslapping en verdwyning van die tug.

In Matt. 18:15–17; 1 Tim. 5:20; en ander plekke, kry ons egter duidelike riglyn oor die tugstappe. Daar moet private vermaning wees. Dit geskied deur die self-tuglose se naaste. Indien die tugteloosheid na dié broederlike vermaning voortduur, moet 'n eerste stap in die rigting van openbare vermaning plaasvind. Twee of drie getuies moet die vermaning verstewig (2 Kor. 13:1). Indien tugteloosheid voortduur, moet die gemeente verder optree. Hier word die kerkraad bedoel wat die gemeente regeer (ouderlingeformulier). Ons kry hier dus 'n handleiding dat sondes nie sommer oopgevlek moet word in die openbaar nie. Die liefde waaruit die kerk lewe, bedek alles (1 Kor. 13:7). Indien die tugtelose egter volhard in sy sonde, dwing hy dit self al meer in die openbaar deurdat die tug ernstiger gemaak moet word. Uiteindelik moet dié wat sondig, oortuig word in die volle openbaar sodat ook die ander kan vrees. Klaarblyklik volhardende sondaars wat hulle nie verbeter nie, moet bekend gemaak word aan die hele gemeente (1 Tim. 5:20). Hierdie volle openbare gemeentelike bekendmaking dien as 'n afkondiging om die gemeente op te roep tot gebed vir en vermaning aan die volhardende sondaar en tot vermeerderde self-tug van die gemeente en tot die beskaming van die volhardende sondaar. Hierdie afkondiging kom teen die agtergrond van 'n waarskuwing dat verdere volharding sal lei tot die afsnyding. Hierdie afkondiging is in ooreenstemming met die formulier van die wederopneming van 'n afgesnedene. Ook daar word voor-

uit 'n afkondiging gedoen dat indien die bekering eg blyk te wees, daar later oorgegaan sal word tot die wederopneming. Die afkondiging met die oog op die afsnyding word ook veronderstel in die formulier van die afsnyding wat melding maak van 'n stap-vir-stap bekendmaking van die groot sonde. Selfs 'n egerlike sonde wat eenmalig is, word dus nie sommer afgekondig nie.

Rondom hierdie afkondiging is 'n vaagheid en problematiek geweef wat in baie gevalle die tug by voorbaat op 'n doodloopstraat laat beland.

'n Paar basiese beginsels, soos dit oor die loop van die reformatoriese kerkgeskiedenis uit die Bybel neerslag gevind het in formuliere en ander geskrifte, is belangrik. Hier moet net kortliks verwys word na die verskillende woorde wat in hierdie verband gebruik word, soos verbied, uitsluit, afsny en ban. Dit verwys wel alles na dieselfde saak, maar tog lê daar 'n differensiasie van verskeie stadia in hierdie saak. So noem die Heidelbergse Kategismus in antwoord 85 met een asem: verbied van die sakramente en uitsluit uit die Christelike gemeente, en deur God self uit die ryk van Christus. Nogtans is die veronderstelling nie dat hierdie dinge summier gebeur nie. Ook die formulier van die afsnyding laat blyk dat alles nie meteens hoef te gebeur nie, maar dat met lankmoedigheid, van trap tot trap, met verloop van tyd, opgetree moet word. Soos gesê, die wederopneming geskied ook nie meteens nie, maar volgens die formulier ná vooraf afkondiging.

'n Lidmaat kan aanvanklik verbied word deur sy eie gewete, sy medegelowiges of ampsdraers om byvoorbeeld die sakramente te gebruik. Dit is wel al 'n ernstige vorm van vermaning omdat dit 'n voorlopige onthouding van die sakramente insluit. Voetius (1589 – 1676) het gespreek van die eenvoudige afhouding *(de simplici abstentione)*. Omdat dit egter nog 'n private vermaning is, word dit nie afgekondig in die openbaar van die gemeente nie. Miskien kan daar in hierdie stadium drie kleiner gedifferensieerde stadia onderskei word: die vermaning van die eie gewete, die vermaning van 'n medegelowige, die vermaning van twee of drie gelowiges tesaam.

Die eerste amptelike stap van die kerkraad of hulle wat

namens die gemeente optree, bring mee die uitsluit vanaf die sakramente per afkondiging vir 'n onbepaalde tyd met vermelding van die sonde maar nog nie van die persoon nie.
Deur die afkondiging word die feit beklemtoon dat die ampsdraers 'n eenheid vorm met die gemeente in die tughandeling. Hierdie uitsluit per afkondiging impliseer ook dat die getugtigde op pad is uit die kerk as hy hom nie bekeer nie. Voorbidding en voorbeeld in leer en lewenswandel van elke gelowige met die oog op die getugtigde is van groot belang.
Die tweede amptelike stap is die afsnyding vanaf al die kerklike voorregte wat ook per afkondiging behoort te gebeur. Dit geskied natuurlik ook slegs in gevalle waar volharding in die sonde gehandhaaf word. Die weerhouding van hierdie voorregte doen 'n sterk beroep op die herinnering van die lidmaat se voorheen belyde geloofskennis, en spreek van die erns van die saak (2 Thess. 3:14).
Die derde stap, indien nodig, is die ban. Die woord ban het oorspronklik 'n bekendmaking beteken. Met die ban word bekend gemaak deur die afkondiging van die formulier van die ban dat die getugtigde uitgesluit word uit die kerk, die gemeenskap van Christus, die heilige sakramente en alle geestelike seëninge.
Die verskeie stappe vloei voort uit die lankmoedigheid en erns van God se barmhartigheid. Baie keer is die sonde 'n dwaalleer, byvoorbeeld oor die doop. Karl Barth doen 'n goeie woord vir die grootdoop en tog sou niemand hom per openbare afkondiging en die formulier van die ban wou uitsluit uit die kerk en die ewige koninkryk nie! Selfs die onderdompeling word deur die kerk se formulier ook gehandhaaf. Die tugvorme moet nie so strak en tegnies wees dat dit selfmoord van die tug word nie. Indien 'n lewenswyse of lewensopvatting nie duidelik deur die Bybel verwerp word nie, kan die kerk tog nie die onderhouers daarvan uit die koninkryk probeer ban nie. Die wat geban word, is volhardende sondaars wat in woord en lewe die Bybelse norm verwerp; nie húlle wat op sekere punte onduidelikheid oor die regte interpretasie van die Bybel het nie. Daarom moet die een kerklike organisasie, as 'n openbaring van die een heilige algemene Christelike kerk, nie maak asof hy

die enigste openbaring van die kerk is nie. Tog moet elke kerklike verband tughandeling toepas volgens die lig wat hy het en die orde wat hy handhaaf. Om beide hierdie feitelikhede in berekening te bring, behoort 'n kerklike verband in sekere gevalle die tug sy hoogtepunt te laat bereik met die afsnyding van die kerklike voorregte in die opsegging van lidmaatskap, en nie in die afsnyding van die algemene kerk of uitsluiting uit die koninkryk nie.

Lidmate wat na sektes oorgaan, sal in twee groepe onderskei moet word. Sommige sektes verloën Jesus; só het Petrus ook. Ander verraai Jesus; só het Judas. Diegene wat loën dat Jesus in die vlees gekom het (1 Joh. 4:1), pleeg verraad. Die verskil tussen verloën en verraad is groot. Verloën is daarop gerig om jouself te beveilig en nie soseer om Jesus te benadeel nie. Verraad is nie soseer om jouself te bevoordeel nie maar om Jesus te benadeel. Die liefde waarvan ons dalk by die verraad-godsdienstiges kan verneem, is niks anders as 'n Judas-kus nie.

In die praktyk sal ons die algemene belydenisskrifte kan gebruik om vas te stel of ons met verraad te doene het. Die drie algemene belydenisskrifte is die Twaalf Geloofsartikels, die Niceense Belydenis en die Athanasiaanse Belydenis. Hierdie drie word algemeen deur die Roomse en die reformatoriese kerke onderhou. Die algemene of hoofsake van die Christelike belydenis is in hierdie drie belydenisskrifte vervat. 'n Sekte wat nou byvoorbeeld die inhoud van die Twaalf Geloofsartikels verwerp, kan nie as 'n kerklike dwaalgroep aanváár word nie maar moet as anti-Christelik verwerp word. Lidmate wat finaal na so 'n sekte oorgaan moet uit die kerk geban word. Lidmate wat na 'n kerk of sekte oorgaan wat wel die inhoud van die algemene belydenisskrifte onderskryf, maar die inhoud van die drie formuliere van eenheid verwerp, sal ook uit die gemeente afgesny moet word maar nie met die formulier van die ban nie. Die drie formuliere of belydenisskrifte van eenheid is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Hierdie drie is die besondere belydenisskrifte van die reformatoriese kerke.

Op bogenoemde wyse moet ons ook 'n lyn trek tussen die doop van die een sekte en die doop van die ander. Uit die

Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 34, kan drie voorwaardes afgelees word vir die ware doop wat die kerk altyd moet erken. Die doop moet geskied in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, met rein water, deur 'n bevoegde persoon. 'n Sekte wat die inhoud van die algemene belydenisskrifte verwerp, sal met hulle doop dus nie voldoen aan die vereistes vir die ware doop nie. Die doop van byvoorbeeld die Roomse Kerk wat wel die drie formuliere van eenheid verwerp maar nie die algemene belydenisskrifte nie, word dus erken as 'n ware doop, hoewel deur 'n onsuiwere kerk op 'n onsuiwere wyse.

Verder moet ons daarop let dat die tug toegepas moet word op die regte wyse ten opsigte van alle sondes. Dwaalleerstellinge is gewoonlik hoofsaaklik 'n oortreding van die eerste gebod. Dwaallewe as oortreding van die sewende gebod word ook soms ernstig geneem en getug. Maar wat van die ander gebooie? Verwaarlosing en verontagsaming van die Woord en sakramente is ernstige oortredings van die tweede, die derde en die vierde gebod. Die gees van permissiwiteit, selfs onder kerklike jeug, is grootliks die kerk se uitstaande tugrekening van die vyfde gebod. Hierdie rekening is dikwels onvereffen sedert die dae van die ouers se kindskap. Wat die sesde gebod betref, is dit nie net moordenaars en selfmoordenaars (wat die kerk buitendien nie meer bereik nie) wat getug moet word nie, maar alle lidmate wat liggaamlike of geestelike leed aan sy naaste veroorsaak. Die nalating van die tug by die agste gebod is dalk die kerk se bydrae tot onder andere die verskynsel van inflasie. Sou koerante op soveel kompos van onkruidlewens kon groei, indien die kerk die leuenlewe behoorlik onder die tug ingebring het? Is die ondankbaarheid van die lidmate (1 Thess. 5:18) soos te diagnoseer in die gebreklike dankoffer en die liefde vir geld (1 Tim. 6:10; Hebr. 13:5), nie die kerk se skuld aan die tiende gebod nie? Ook dooplidmate wat gevorderde leeftyd bereik en nie kerklik wil meeleef nie, moet uiteindelik geban word. So moet hy onder die erns van sy doop gebring word.

Ten slotte moet ons weet dat die gesindheid waarmee die kerk die tug moet beoefen steeds die gesindheid van liefde behoort te wees (1 Tim. 3:3; 2 Tim. 2:24; Titus 3:2). Soos

iemand gesê het, die snywerk van die tug moet met narkose geskied. 'n Dokter plaas sy pasiënt onder narkose vir die operasie. Andersins is die snywerk wreed en ongemaklik as die pasiënt spook en spartel. Ook die Here het Adam onder 'n diepe slaap geplaas vir die rib-ingreep. Dit is gemakliker vir die tugtoepassers en minder ongerieflik vir die getugtigde, wanneer die geestelike snywerk of spalkwerk met die narkose van die liefde gedoen word. Om met liefde te tug is om in ooreenstemming met die voorskrifte van die Woord te tug. Om met die Woord te tug beteken dat ons tugdade moet pas op God se Woord soos Noag se arkslot gepas het onder God se sleutel. Die tug is 'n instrument of dienskneg. Vroeër het diensknegte in die oggendskemer die kinders met 'n lampie begelei na die skool toe. So word ons uit ons lewensmoeras deur hierdie tugmeester begelei na die Môrester toe (Gal. 3:24; Openb. 22:16). Wanneer die boord oorwinter moet die droë takke en dooie bome uitgesnoei word. Dan sal dit in die lente bloei en in die somer goeie vrugte dra.

HAUM